

# 2 KONINGS

## Inleiding (Sien 1 Konings)

### 1

#### Ahasia se straf

<sup>1</sup> <sup>a</sup>Moab\* het hom ná die dood van Agab\*\* teen Israel verset.

<sup>2</sup> Ahasia\* het deur die traliewerk van sy bovertrek in Samaria\* geval en is beseer. Hy het boodskappers gestuur met die opdrag: “Gaan doen navraag by Baäl-Sebub, die god van Ekron, of ek van hierdie besering sal herstel.”

<sup>3</sup> Die Engel van die HERE<sup>b</sup> het egter vir Elia, die man uit Tisbe,\* gesê: “Maak gereed, gaan die koning van Samaria se boodskappers tegemoet en sê vir hulle, ‘Is dit omdat daar geen God in Israel is nie dat julle op pad is om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg?’ <sup>4</sup> Daarom, so sê die HERE: “Daardie bed waarop jy geklim het — jy sal daarvan nie weer afklim nie, want jy gaan beslis sterf.” ’ ’ Elia het toe gegaan.

<sup>5</sup> Toe die boodskappers na Ahasia terugkom, vra hy vir hulle: “Nou

---

<sup>a</sup>1:1 Moab was aan Israel onderdanig en moes 'n jaarlikse heffing betaal; vgl 2 Sam 8:2; 2 Kon 3:4.

\*1:1 Moab: Gen 19:37

\*1:1 Agab: 1 Kon 16:28-33

\*1:1 dood van Agab: 1 Kon 22:34-40

\*1:2 Ahasia: 1 Kon 22:40,51-52

\*1:2 Samaria: 1 Kon 16:23-24

<sup>b</sup>1:3 Engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Dit word ook vertaal: “die Boodskapper van die HERE”.

\*1:3 Elia ... Tisbe: 1 Kon 17:1; 18:1; 21:17

hoekom het julle dan teruggekom?”<sup>6</sup> Hulle antwoord hom: “'n Man het ons tegemoetgekom en vir ons gesê, ‘Gaan terug na die koning wat julle gestuur het en sê vir hom: “So sê die HERE, ‘Is dit omdat daar geen God in Israel is nie dat u mense stuur om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? Daarom, daardie bed waarop jy geklim het — jy sal daarvan nie weer afklim nie, want jy gaan beslis sterf.’ ” ’ ”<sup>7</sup> Die koning vra toe vir hulle: “Wat was kenmerkend van die man wat julle tegemoet gekom het en vir julle hierdie woorde gesê het?”<sup>8</sup> \*Hulle antwoord hom: “Dit was 'n man met 'n harige mantel<sup>c</sup> en 'n leerskort om sy heupe gebind.” Toe sê die koning: “Dit is Elia, die man uit Tisbe!”

<sup>9</sup> Daarop stuur hy 'n aanvoerder van vyftig met sy vyftig man na Elia. Hy het opgegaan na Elia, wat juis toe op die kruin van die berg gesit het. Hy sê toe vir hom: “Man van God, die koning gebied, ‘Kom af!’ ”<sup>10</sup> Elia het die aanvoerder van vyftig geantwoord en gesê: “As ek 'n man van God is, mag daar vuur uit die hemel afkom en jou en jou vyftig man verteer!”<sup>\*</sup> Daar kom toe vuur uit die hemel af en verteer hom en sy vyftig.<sup>\*</sup><sup>11</sup> Daarop stuur die koning weer 'n ander aanvoerder van vyftig met sy vyftig man na Elia. Hy gaan toe op<sup>d</sup> en sê vir hom: “Man van God, so sê die koning, ‘Kom dadelik af!’ ”<sup>12</sup> Elia het geantwoord en vir hulle gesê: “As ek 'n man van God is, mag daar vuur uit die hemel afkom en jou en jou vyftig man verteer!” Daar kom toe vuur van God uit die hemel af en verteer hom en sy vyftig man.<sup>13</sup> Die koning stuur toe weer iemand, 'n derde aanvoerder van vyftig met sy

---

\***1:8** Sag 13:4; Matt 3:4; Mark 1:6

<sup>c</sup>**1:8 mantel:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. Word ook vertaal: “'n harige man”.

\***1:10 vuur ... man verteer:** Luk 9:54; Op 11:5; 20:9

\***1:10 vuur uit die hemel af ... 50:** Vgl Gen 19:24; Job 1:16

<sup>d</sup>**1:11 Hy ... op:** Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui: “Hy antwoord toe”.

vyftig man. Die derde aanvoerder van vyftig het opgegaan, daar aangekom en voor Elia op sy knieë neergesak. Hy het hom gesmeek en vir hom gesê: “Man van God, laat my lewe en die lewens van u dienaars, hierdie vyftig man, asseblief kosbaar wees in u oë!”<sup>14</sup> Kyk, vuur het uit die hemel afgekom en die eerste twee aanvoerders van vyftig en hulle vyftig man verteer. Daarom, mag my lewe kosbaar wees in u oë!”<sup>15</sup> Toe sê die Engel van die HERE vir Elia: “Gaan saam met hom af; moenie vir hom bang wees nie.” Hy staan toe op en gaan saam met hom af na die koning.

<sup>16</sup> Elia het vir Ahasia gesê: “So sê die HERE, ‘Omdat jy boodskappers gestuur het om Baäl-Sebub, die god van Ekron te raadpleeg, asof daar geen God in Israel is wie se woord geraadpleeg kan word nie — daarom, hierdie bed waarop jy geklim het — jy sal daarvan nie weer afklim nie, want jy gaan beslis sterf.’ ”

<sup>17</sup> Hy het toe gesterf, ooreenkomstig die woord van die HERE wat Elia gespreek het. Joram, sy broer,<sup>e</sup> het in sy plek koning geword, want Ahasia het nie 'n seun gehad nie. Dit het gebeur in die tweede regeringsjaar van Jehoram,<sup>f</sup> seun van Josafat,<sup>\*</sup> koning van Juda.<sup>\*</sup> <sup>18</sup> Die verdere geskiedenis van Ahasia en wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>g</sup> van die konings van Israel nie?

---

<sup>\*</sup>**1:13 kosbaar ... oë:** 1 Sam 26:21; Jes 43:4; Ps 72:14

<sup>e</sup>**1:17 sy broer:** Die Septuagint, •Peshitta en Vulgaat word hier gevolg. Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie.

<sup>f</sup>**1:17 Joram ... Jehoram:** Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir die koning van Juda, en ook vir die koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

<sup>\*</sup>**1:17 Josafat:** 1 Kon 15:24; 22:41-51; 2 Kron 18:1

<sup>\*</sup>**1:17 Jehoram, seun ... Juda:** 2 Kron 21:1-3

<sup>g</sup>**1:18 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

## 2

### Elia se hemelvaart

<sup>1</sup> Dit is wat gebeur het toe die HERE vir Elia\* in 'n stormwind in die hemel opgeneem het. Elia en Elisa\* was van Gilgal\* af op pad, <sup>2</sup> toe Elia vir Elisa sê: “Bly asseblief hier, want die HERE stuur my na Bet-El.\*” Elisa het egter gesê: “So waar as die HERE leef, en u leef, ek sal u nie verlaat nie!”\* Hulle het toe afgegaan na Bet-El. <sup>3</sup> Die profetegroep<sup>h</sup> wat in Bet-El was, het na Elisa uitgegaan en vir hom gevra: “Weet u dat die HERE vandag u heer bo u kop gaan wegneem?” Hy het geantwoord: “Ek weet dit ook. Bly net stil!”

<sup>4</sup> Elia sê toe vir hom: “Elisa, bly asseblief hier, want die HERE stuur my na Jerigo.\*” Maar hy het geantwoord: “So waar as die HERE leef, en u leef, ek sal u nie verlaat nie!”

Toe hulle in Jerigo aankom, <sup>5</sup> het die profetegroep wat in Jerigo was, na Elisa gekom en vir hom gevra: “Weet u dat die HERE vandag u heer bo u kop gaan wegneem?” Hy het geantwoord: “Ek weet dit ook. Bly net stil!”

<sup>6</sup> Elia het weer vir hom gesê: “Bly asseblief hier, want die HERE stuur my na die Jordaan\* toe.” Maar hy het geantwoord: “So waar as die HERE leef, en u leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hulle twee het toe verder gegaan.

---

\*2:1 Elia: 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

\*2:1 Elisa: 1 Kon 19:16,19

\*2:1 Gilgal: 2 Kon 4:38; vgl Jos 4:19

\*2:2 Bet-El: 1 Kon 12:28-33

\*2:2 So ... verlaat nie: 2 Kon 4:30

<sup>h</sup>2:3 profetegroep: In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 2 Kon 4:38.

\*2:4 Jerigo: Num 22:1

\*2:6 Jordaan: Jos 3:15,17; Matt 3:5-6,13

<sup>7</sup> Vyftig man van die profetegroep het ook gegaan en teenoor hulle op 'n afstand bly staan. Hulle twee het langs die Jordaan gestaan. <sup>8</sup> Elia het sy mantel\* gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na weerskante verdeel, en hulle twee het op droë grond oorgegaan.\* <sup>9</sup> Hulle was net deur, toe vra Elia vir Elisa: “Vra wat ek vir jou kan doen voordat ek van jou af weggeneem word.” Elisa het geantwoord: “Laat daar asseblief 'n dubbele deel<sup>i</sup> van u gees na my kom.” <sup>10</sup> Daarop sê Elia: “Jy vra iets wat moeilik is. As jy my sien terwyl ek van jou af weggeneem word, mag dit dan vir jou so wees; maar indien nie, sal dit nie gebeur nie.” <sup>11</sup> Terwyl hulle nog so loop en praat, is daar skielik 'n strydwa van vuur en perde van vuur!\* Dit het skeiding gebring tussen hulle twee, en Elia het in die stormwind opgegaan na die hemel.\* <sup>12</sup> Elisa het dit sien gebeur en het bly uitroep: “My vader, my vader, strydwa van Israel en sy perde!”\* Toe hy hom nie meer kon sien nie, het hy sy klere vasgegryp en in twee geskeur.\* <sup>13</sup> Hy het Elia se mantel wat van hom afgeval het, opgetel, omgedraai en by die kant van die Jordaan gaan staan. <sup>14</sup> Toe neem hy Elia se mantel wat van hom afgeval het, slaan die water en sê: “Waar is die HERE, die God van Elia?” Ook hy het die water geslaan, en die water het

---

\*2:8 sy mantel: 1 Kon 9:13,19; 2 Kon 2:13-14

\*2:8 Die water ... oorgegaan: Eks 14:21-22; Jos 3:15-17

<sup>i</sup>2:9 dubbele deel: Die een wat die beheer oor 'n familie moes oorneem, naamlik die eersgeborene, het altyd twee maal so veel as die ander erfgename gekry; vgl Deut 21:17. Dit kan ook vertaal word: “twee derdes”.

\*2:11 strydwa ... perde van vuur: 2 Kon 6:17; Ps 68:18; 104:4

\*2:11 opgegaan ... hemel: Gen 5:24; Mark 16:19; Luk 24:51; Hand 1:9; Op 11:12

\*2:12 My ... perde: 2 Kon 13:14

\*2:12 klere ... geskeur: Gen 37:29; 44:13; 2 Kon 5:7

na weerskante verdeel, en Elisa het oorgegaan. <sup>15</sup> Toe die profetegroep wat aan die oorkant in Jerigo was, \* hom sien, het hulle gesê: “Die gees van Elia rus op Elisa.” Hulle het hom tegemoetgegaan en diep voor hom na die grond toe gebuig. <sup>16</sup> Hulle het vir hom gesê: “Kyk, by u dienaars is daar vyftig onverskrokke manne; laat hulle asseblief gaan en u heer soek. Dalk het die wind van die *HERE*<sup>j</sup> hom opgetel\* en op een van die berge of in een van die valleie neergewerp.” Maar hy het gesê: “Moet hulle nie stuur nie.” <sup>17</sup> Hulle het egter by hom aangedring totdat hy verleë geraak het, en sê: “Stuur dan maar!” Daarop het hulle vyftig man gestuur wat drie dae lank gesoek het, maar hulle kon hom nie kry nie. <sup>18</sup> Hulle het teruggekeer na Elisa terwyl hy nog in Jerigo gebly het, en hy het vir hulle gesê: “Het ek nie vir julle gesê, ‘Moenie gaan nie?’ ”

### Wonderwerke van Elisa

<sup>19</sup> Die manne van die dorp<sup>k</sup> het vir Elisa gesê: “Kyk, die ligging van die dorp is goed, soos my heer kan sien; maar die water is sleg en die grond veroorsaak misgeboortes.” <sup>20</sup> Toe sê hy: “Bring vir my 'n nuwe skotteltjie en gooi sout daarin.” Hulle het dit vir hom gebring, <sup>21</sup> \* en hy het uitgegaan na die bron van die water, die sout daarin gegooi en gesê: “So sê die *HERE*, ‘Ek het hierdie water gesond gemaak; dit sal nie meer dood of misgeboortes veroorsaak nie.’ ” <sup>22</sup> Die water is tot vandag toe gesond, ooreenkomstig die woord van Elisa wat hy gespreek het.

<sup>23</sup> Hy het daarvandaan opgegaan na Bet-El. \* Terwyl hy padlangs

---

\***2:15 profetegroep ... was:** 2 Kon 2:7

<sup>j</sup>**2:16 wind ... Here:** Word ook vertaal: “Gees van die *HERE* ” of “gees van die *HERE*”.

\***2:16 wind ... opgetel:** 1 Kon 18:12; Hand 8:39

<sup>k</sup>**2:19 die dorp:** Jerigo; vgl 2 Kon 2:18.

\***2:21** Vgl Eks 15:25

\***2:23 Bet-El:** 2 Kon 2:2

opgaan, het 'n groep klein seuntjies uit die dorp gekom. Hulle het met hom die spot gedryf en vir hom gesê: “Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop!”<sup>24</sup> \*Hy het omgedraai en toe hy hulle sien, het hy hulle vervloek in die naam van die HERE. Twee bere het uit die bos gekom en twee-en-veertig van die kinders verskeur.<sup>25</sup> Daarvandaan het hy na die berg Karmel\* gegaan, en van daar af het hy teruggekeer na Samaria.\*

### 3

#### Oorlog teen Moab

<sup>1</sup> Joram,<sup>1</sup> seun van Agab,\* het koning geword\* oor Israel in Samaria<sup>m</sup> in die agtiende regeringsjaar van Josafat, koning van Juda.\* Hy het twaalf jaar lank regeer.<sup>2</sup> \*Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, maar nie so erg soos sy pa en sy ma nie. Hy het wel die gedenksteen<sup>n</sup> van Baäl<sup>o</sup> wat sy pa gemaak het, verwyder.<sup>3</sup> Maar aan die

---

\*2:24 Lev 26:21-22

\*2:25 berg Karmel: 1 Kon 18:19

\*2:25 Samaria: 1 Kon 16:23-24

<sup>1</sup>3:1 Joram: Die name Joram en Jehoram kom in die bronteks afwisselend voor vir 'n koning van Juda, en ook vir hierdie koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

\*3:1 Agab: 1 Kon 16:28-33

\*3:1 Joram ... geword: 2 Kon 1:17

<sup>m</sup>3:1 Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

\*3:1 Josafat ... Juda: 1 Kon 15:24; 22:41-42

\*3:2 1 Kon 16:29-33

<sup>n</sup>3:2 gedenksteen: 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

<sup>o</sup>3:2 Baäl: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

sondes van Jerobeam,<sup>p</sup> seun van Nebat, waarmee hy Israel laat sondig het, het hy vasgeklou. Hy het daarvan nie afgewyk nie.

<sup>4</sup> \*Mesa, die koning van Moab,<sup>\*</sup> was 'n skaapteler. Hy moes honderdduisend lammers<sup>\*</sup> en honderdduisend ramme se wol<sup>q</sup> aan die koning van Israel lewer.<sup>r</sup> <sup>5</sup> Net ná Agab se dood het die koning van Moab hom verset teen die koning van Israel.<sup>s</sup> <sup>6</sup> Koning Joram het dieselfde dag nog uit Samaria uitgetrek en die hele Israel gemonster. <sup>7</sup> \*Hy het ook gegaan en vir Josafat, koning van Juda, 'n boodskap gestuur: “Die koning van Moab verset hom teen my. Trek jy saam met my teen Moab op vir die geveg?” Hy het geantwoord: “Ek sal optrek. Ek is soos jy; my volk is soos jou volk; my perde soos jou perde.”

<sup>8</sup> “Met watter pad sal ons optrek?” het Joram gevra. “Met die pad deur die woestyn van Edom,<sup>\*</sup>” het Josafat geantwoord. <sup>9</sup> Die koning van Israel, die koning van Juda en die koning van Edom het vertrek, maar nadat hulle sewe dae lank met 'n ompad getrek het, was daar nie meer water oor vir die leër of die diere by hulle nie. <sup>10</sup> Die koning van Israel sê toe: “Ag, die HERE het hierdie drie konings ontbied om hulle oor te

---

<sup>p</sup>**3:3 sondes van Jerobeam:** Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

<sup>\*</sup>**3:4-5** 2 Kon 1:1

<sup>\*</sup>**3:4 Moab:** Gen 19:37

<sup>\*</sup>**3:4 lammers:** Jes 16:1-2

<sup>q</sup>**3:4 ramme se wol:** Word ook vertaal: “ongeskeerde ramme”.

<sup>r</sup>**3:4 Hy ... lewer:** Dit was 'n heffing wat die koning van Israel as veroweraar die Moabiete opgelê het.

<sup>s</sup>**3:5 Moab ... Israel:** Moab was aan Israel onderdanig en moes 'n jaarlikse heffing betaal; vgl 2 Sam 8:2; 2 Kon 1:1.

<sup>\*</sup>**3:7** 1 Kon 22:4

<sup>\*</sup>**3:8 pad ... Edom:** Gen 36:8-9; vgl Num 20:13-21



gee in die hand van Moab!”<sup>11</sup> Maar Josafat het gevra: “Is hier nie 'n profeet van die HERE, sodat ons deur hom die HERE kan raadpleeg nie?”\*

Een van die koning van Israel se dienaars antwoord toe en sê: “Elisa, seun van Safat,\* wat water gegooi het op Elia\* se hande,<sup>t</sup> is hier.”

<sup>12</sup> Daarop sê Josafat: “By hom is die woord van die HERE!” Toe gaan die koning van Israel en Josafat en die koning van Edom af na hom toe.

<sup>13</sup> Elisa het vir die koning van Israel gesê: “Ek het met jou niks te doen nie. Gaan na die profete van jou pa en jou ma\* toe!” Maar die koning van Israel sê vir hom: “Nee, want die HERE het hierdie drie konings ontbied om hulle oor te gee in die hand van Moab.”<sup>14</sup> Daarop antwoord Elisa: “So waar as die HERE, Heerser oor alle magte, leef, Hy in wie se diens ek staan, as dit nie was dat ek Josafat, koning van Juda, in ag neem nie, sou ek nie eers na jou gekyk of jou raakgesien het nie.

<sup>15</sup> \*Bring dan nou vir my iemand wat 'n snaarinstrument bespeel.”

Toe die persoon op die snaarinstrument begin speel, het die hand van die HERE oor hom gekom,\*<sup>16</sup> en het hy gesê: “So sê die HERE, ‘Maak oral kuile in hierdie droë loop!’<sup>17</sup> Ja, so sê die HERE, ‘Julle sal geen wind of reën sien nie, maar hierdie droë loop sal vol water word, sodat julle, julle vee en julle ander diere sal drink.<sup>18</sup> En dit sal 'n kleinigheid wees in die oë van die HERE. Hy gaan Moab ook in julle hand gee.<sup>19</sup> Julle sal elke versterkte stad, elke uitsoekstad, verslaan; julle sal elke goeie boom vel, al die waterfonteine toestop en elke goeie stuk land onbruikbaar

---

\*3:11 Is ... raadpleeg nie: 1 Kon 22:7

\*3:11 Elisa ... Safat: 1 Kon 19:16,19

\*3:11 Elia: 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

<sup>t</sup>3:11 water ... hande: Dit beteken dat hy Elia se persoonlike assistent was.

\*3:13 profete ... ma: 1 Kon 16:29-33; 1 Kon 18:19

\*3:15 1 Sam 10:5-6

\*3:15 die hand ... gekom: 1 Kon 18:14; Eseg 1:3; 3:14,22; 8:1; 37:1; 40:1

maak met klippe.’ ”

<sup>20</sup> Die volgende oggend, op die tyd wanneer die •graanoffer gebring word,\* kom daar toe skielik water uit die rigting van Edom! Die gebied is met water gevul. <sup>21</sup> Intussen het al die Moabiete gehoor dat die konings optrek om teen hulle oorlog te voer. Elkeen wat al 'n swaard kon aangord, en ouer, is opgeroep en het by die grens stelling ingeneem. <sup>22</sup> Hulle het vroeg die oggend opgestaan, en toe die son op die water skyn, sien die Moabiete die water van die ander kant af — rooi soos bloed. <sup>23</sup> Hulle sê toe: “Dit is bloed! Die konings het beslis met mekaar geveg en die een het die ander verslaan! Nou, na die buit, Moabiete!”

<sup>24</sup> Maar toe hulle by die kamp van die Israeliëte kom, staan die Israeliëte op en verslaan die Moabiete. Hulle het voor die Israeliëte<sup>u</sup> uit gevlug. Hulle het die land<sup>v</sup> binnegedring en die Moabiete verslaan. <sup>25</sup> \*Die stede het hulle afgebreek, en op elke goeie stuk land het elkeen 'n klip gegooi, en dit so vol klippe gemaak. Elke fontein het hulle toegestop en elke goeie boom het hulle gevel, totdat net die klipmuur<sup>w</sup> by Kir-Geres\* oorgebly het.

Toe dié wat met slingervelle gooi, die stad omsingel en aanval, <sup>26</sup> en die koning van Moab sien dat die geveg vir hom te hewig raak, het hy sewehonderd man, gewapen met swaarde, met hom saamgeneem om deur te breek na die koning van Edom, maar hulle kon nie. <sup>27</sup> Daarop

---

\***3:20 op ... word:** Lev 6:20; vgl 1 Kon 18:29,36

<sup>u</sup>**3:24 die Israeliëte:** Die bronteks lui: “hulle”.

<sup>v</sup>**3:24 die land:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die bronteks lui: “haar”.

\***3:25** 2 Kon 3:19

<sup>w</sup>**3:25 die klipmuur:** Dit verwys na die stadsmuur; vgl 2 Kon 3:27. Die bronteks lui: “haar klippe”.

\***3:25 Kir-Geres:** Jes 16:7; Jer 48:36

het hy sy eersgebore seun, wat in sy plek koning sou word, geneem en hom as brandoffer op die stadsmuur geoffer.\* Daar het 'n groot woede oor Israel gekom;<sup>x</sup> en Israel het van Mesa<sup>y</sup> af weggetrek en teruggekeer na hulle land.

## 4

### Elisa se wonderwerke

<sup>1</sup> 'n Sekere vrou, die vrou van iemand uit die profetegroep,<sup>z</sup> het die hulp van Elisa\* ingeroep: “U dienaar, my man, is dood; en u weet self dat u dienaar ontsag gehad het vir die HERE. Die skuldeiser het nou gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem.”<sup>a</sup> <sup>2</sup> Toe sê Elisa vir haar: “Wat kan ek vir jou doen? Vertel my wat jy in jou huis het.” Sy het geantwoord: “U slavin het niks in die huis nie, net 'n kruikie met olie.” <sup>3</sup> Hy sê toe: “Gaan vra houer by al jou bure in die straat, leë houer. Moet net nie te min vra nie. <sup>4</sup> Gaan daarna in en sluit die deur agter jou en jou seuns. Gooi dan die olie in al hierdie houer. Dié wat vol is, moet jy eenkant neersit.”

<sup>5</sup> Sy het toe van hom af weggegaan. Sy het die deur agter haar en haar

---

\***3:27 eersgebore ... geoffer:** Deut 12:31; Jer 7:31; Miga 6:7

<sup>x</sup>**3:27 Daar ... gekom:** Die bronteks kan op twee maniere verstaan word. Dit kan beteken dat die Israëliete kwaad geword het, of dat die ander volke vir Israel kwaad geword het.

<sup>y</sup>**3:27 Israel ... Mesa:** Die bronteks lui: “hulle het van hom”.

<sup>z</sup>**4:1 profetegroep:** In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 1 Kon 4:38.

\***4:1 Elisa:** 1 Kon 19:16,19

<sup>a</sup>**4:1 kinders ... neem:** Armes en hulle kinders is dikwels as skuldslawe geneem; vgl Deut 15; Matt 18:25.

seuns gesluit. Hulle het vir haar die houers<sup>b</sup> aangegee, en sy het ingegooi. <sup>6</sup> Toe die houers vol was, het sy vir haar seun gesê: “Gee nog 'n houer vir my aan.” Maar hy het vir haar gesê: “Daar is nie nog 'n houer nie.” Die olie het toe ophou vloei. <sup>7</sup> Sy het gegaan en dit vir die man van God vertel. Hy het gesê: “Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oor is.”

<sup>8</sup> \*Op 'n dag het Elisa na Sunem<sup>c</sup> oorgegaan. Daar was 'n invloedryke vrou, en sy het daarop aangedring dat hy by haar eet. Telkens wanneer hy daar verbygegaan het, het hy daarheen afgedraai om te eet. <sup>9</sup> Sy het vir haar man gesê: “Kyk, ek is daarvan oortuig dat dit 'n heilige man van God is wat gereeld hier by ons verbygaan. <sup>10</sup> Kom ons maak tog 'n klein ommuurde bovertrek en sit vir hom daar 'n bed, tafel, stoel en 'n lamp neer, sodat, wanneer hy by ons kom, hy daarheen kan afdraai.”

<sup>11</sup> Op 'n dag het Elisa daar aangekom, na die bovertrek afgedraai en daar gaan lê. <sup>12</sup> Hy sê toe vir Gehasi, sy dienaar: “Roep hierdie Sunemitiese vrou!” Hy het haar geroep en sy het voor hom gaan staan. <sup>13</sup> Daarop sê hy vir Gehasi: “Sê asseblief vir haar, ‘Kyk, jy het vir ons al hierdie moeite gedoen. Wat kan daar nou vir jou gedoen word? Kan ons vir jou 'n woord doen by die koning of die aanvoerder van die leër?’ ” Maar sy het gesê: “Ek woon onder my eie mense.”<sup>d</sup>

<sup>14</sup> Elisa sê toe: “Maar wat kan vir haar gedoen word?” Gehasi het geantwoord: “Wel, sy het nie 'n seun nie, en haar man is oud.” <sup>15</sup> Hy sê

---

<sup>b</sup>**4:5 die houers:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\* **4:8-37** Matt 10:41

<sup>c</sup>**4:8 Sunem:** 'n Dorpie langs die Jisreëlvlakte, 12 km noordwes van die berg van Gilboa en 15 km noordwes van Megiddo; vgl 1 Sam 28:4.

\* **4:13 aanvoerder ... leër:** 1 Sam 17:55; 2 Sam 19:13

<sup>d</sup>**4:13 Ek ... mense:** Dit is 'n beleefde manier om te sê: “my familie sorg goed vir my”.

toe: “Roep haar!” Hy het haar geroep en sy het in die deur gaan staan.

<sup>16</sup> “Teen hierdie tyd oor 'n jaar,” het Elisa gesê, “sal jy 'n seuntjie omhels.”\* Maar sy het gesê: “Nee, my heer, man van God! Moenie vir u slavin 'n leuen vertel nie!”<sup>17</sup> Die vrou het egter swanger geword en 'n jaar later teen dieselfde tyd 'n seun in die wêreld gebring, soos Elisa haar verseker het.

<sup>18</sup> Die kind het opgegroeï, en toe hy op 'n dag uitgaan na sy pa toe, na die oesters, <sup>19</sup> sê hy vir sy pa: “My kop! My kop!” Die pa het vir sy werker gesê: “Dra hom na sy ma toe!”<sup>20</sup> Hy het hom opgetel en na sy ma geneem. Hy het op haar skoot gesit tot die middag, en toe sterf hy.<sup>21</sup> Sy het opgegaan, hom op die man van God se bed neergelê en hom daar toegesluit. Sy het uitgegaan, <sup>22</sup> haar man geroep en gesê: “Stuur asseblief vir my een van die werkers en een van die donkiemerries, sodat ek gou na die man van God kan gaan en kan terugkom.”

<sup>23</sup> “Waarom gaan jy vandag na hom toe?” het hy gevra. “Dit is mos nie nuwemaan<sup>e</sup> of Sabbat nie.” Sy het geantwoord: “Wees gerus!”<sup>24</sup> Daarop het sy die donkiemerrie opgesaal en vir haar dienaar gesê: “Vat voor en gaan! Moet my nie in die ry ophou nie, behalwe as ek vir jou sê.”

<sup>25</sup> \*Sy het gegaan en by die man van God, by die berg Karmel,<sup>\*</sup> aangekom. Toe die man van God haar aan die oorkant sien, sê hy vir Gehasi, sy dienaar: “Kyk, dit is die Sunemitiese vrou daardie!

<sup>26</sup> Hardloop haar tog nou tegemoet en vra haar, ‘Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? Gaan dit goed met jou kind?’ ”

---

\* **4:16 Teen ... omhels:** Gen 18:10,14

\* **4:16 Moenie ... vertel nie:** 2 Kon 4:28

<sup>e</sup>**4:23 nuwemaan:** Die verskyning van die nuwe maan was die begin van 'n kort fees; vgl Num 10:10; 28:11-15; 1 Sam 20:5,26-29; Am 8:5.

\* **4:25-37** Heb 11:35

\* **4:25 berg Karmel:** 1 Kon 18:19; 2 Kon 2:25

Sy het daarop geantwoord: “Dit gaan goed.”<sup>27</sup> Maar toe sy by die man van God op die berg kom, het sy sy voete vasgegryp. Gehasi het nadergekom om haar weg te stoot, maar die man van God het gesê: “Los haar, want sy is bitter ontsteld.\* Die HERE het dit vir my verberg en my nie ingelig nie.”<sup>28</sup> Sy sê toe: “Het ek 'n seun van u, my heer, gevra? Het ek nie gesê nie, ‘U mag my nie vals hoop gee nie?’\* ”<sup>29</sup> \*Daarop sê hy vir Gehasi: “Omgord jou heupe, neem my wandelstok in jou hand en gaan! As jy iemand raakloop, mag jy hom nie groet nie; en as iemand jou groet, moet hom nie antwoord nie. Plaas dan my wandelstok op die seun se gesig.\*”<sup>30</sup> Toe sê die seun se ma: “So waar as die HERE leef, en u leef, ek sal u nie verlaat nie!”\* Hy het toe opgestaan en haar gevolg.

<sup>31</sup> Gehasi het voor hulle uit gegaan en die wandelstok op die seun se gesig geplaas. Daar was egter geen geluid, geen reaksie nie. Toe het hy omgedraai om Elisa te ontmoet en hom ingelig: “Die seun het nie wakker geword nie.”<sup>32</sup> Toe Elisa by die huis aankom, daar lê die seun dood, op sy bed neergelê.<sup>33</sup> Hy het ingegaan, die deur agter hulle twee gesluit\* en tot die HERE gebid.<sup>34</sup> \*Toe klim hy op die bed, gaan lê op die kind en plaas sy mond teen die kind se mond, sy oë teen sy oë en sy palms teen sy palms, en buig so oor hom. Die kind se liggaam het warm geword.<sup>35</sup> Elisa het toe nog 'n keer heen en weer geloop in die vertrek, op die bed geklim en oor hom gebuig. Die seun het sewe keer genies. Toe die seun sy oë oopmaak,<sup>36</sup> het hy Gehasi geroep en gesê: “Gaan

---

\* 4:27 sy is ... ontsteld: Rut 1:19-21; Sag 12:10

\* 4:28 Het ek nie ... gee nie: 2 Kon 4:16

\* 4:29 Luk 10:4; 12:35

\* 4:29 Plaas ... gesig: Vgl Hand 19:12

\* 4:30 So ... verlaat nie: 2 Kon 2:2

\* 4:33 Hy ... gesluit: Matt 6:6; Mark 5:37,40; Luk 8:51

\* 4:34 1 Kon 17:20-22

roep die Sunemitiese vrou!” Hy het haar geroep en sy het na Elisa gekom. Hy het gesê: “Tel jou seun op!”\* <sup>37</sup> \*Sy het na binne gegaan, by sy voete neergeval en diep neergebuig teen die grond. Toe tel sy haar seun op en gaan uit.

<sup>38</sup> Elisa het teruggegaan na Gilgal.\* Daar was hongersnood in die land.\* Terwyl die profetegroep voor hom sit, het hy vir sy dienaar gesê: “Sit 'n groot pot op en kook 'n gereg vir die profetegroep.” <sup>39</sup> Een van hulle het uitgegaan in die veld om wildemalvablare te pluk. Hy kom toe af op 'n wilde rankplant en pluk bitterappels daarvan af, totdat die vou in sy kleed<sup>f</sup> vol was. Hy kom toe en sny dit op in die pot met die gereg, alhoewel hulle dit nie geken het nie. <sup>40</sup> Hulle het dit vir die manne uitgedeel om te eet, maar toe hulle van die gereg begin eet, roep hulle uit en sê: “Die dood is in die pot, man van God!” Hulle kon dit nie eet nie. <sup>41</sup> \*Hy sê toe: “Gaan haal meel!” Hy het dit in die pot gegooi en gesê: “Deel uit vir die mense sodat hulle kan eet!” Daar was toe nie meer iets skadeliks in die pot nie.

<sup>42</sup> Daar het 'n man uit Baäl-Salisa gekom wat vir die man van God brood van die oes se eerste opbrengs en twintig garsbrode gebring het, asook vars graan in sy kossak.\* Elisa sê toe: “Gee vir die mense, dat hulle kan eet!” <sup>43</sup> \*Maar sy helper sê: “Hoe kan ek dit vir honderd man

---

\* **4:36 Tel ... op:** Luk 7:15

\* **4:37** 2 Kon 8:1,5

\* **4:38 Gilgal:** 2 Kon 2:1

\* **4:38 Daar ... land:** 2 Kon 8:1

<sup>f</sup>**4:39 vou ... kleed:** Die bronteks lui: “sy kleed”. Aan die voorkant van die kledingstuk, bokant die gordel, was daar gewoonlik 'n vou waarin die hande warm gehou, of waardevolle artikels gedra is.

\* **4:41** 2 Kon 2:21-22

\* **4:42 wat ... kossak:** 1 Sam 9:7-8; 1 Kon 14:3; 2 Kon 8:8

\* **4:43-44** Matt 14:14-20; 15:32-37; Luk 9:13-20

gee?” Hy het geantwoord: “Gee vir die mense, dat hulle kan eet, want so sê die HERE, ‘Hulle sal eet en daar sal oorbly.’ ” <sup>44</sup> Hy het dit toe aan hulle voorgesit, en hulle het geëet en nog oorgehou, ooreenkomstig die woord van die HERE.

## 5

### Naäman se genesing

<sup>1</sup> \*Naäman, die leëraanvoerder van die koning van Aram,<sup>\*</sup> was 'n invloedryke man by sy heer, en hoog in aansien, want deur hom het die HERE aan Aram 'n oorwinning gegee. Maar die man, 'n dapper held, het 'n velsiekte<sup>8</sup> gehad. <sup>2</sup> Die Arameërs het in roofbendes uitgetrek<sup>\*</sup> en 'n klein dogtertjie uit die land Israel weggevoer. Sy was in diens van<sup>h</sup> Naäman se vrou. <sup>3</sup> Sy het vir haar eienares gesê: “As my heer maar net voor die profeet kon verskyn wat in Samaria<sup>i</sup> is, dan sou hy hom van sy velsiekte verlos.”

<sup>4</sup> Naäman gaan toe en vertel vir sy heer: “Dit is wat die dogtertjie uit die land Israel gesê het.” <sup>5</sup> Toe sê die koning van Aram: “Gaan dan! Ek is gewillig om 'n brief aan die koning van Israel<sup>j</sup> te stuur.” Hy het toe gegaan en tien kikar<sup>k</sup> silwer, sesduisend sikkel<sup>l</sup> goud en tien stelle klere<sup>\*</sup>

---

\*5:1-14 Luk 4:27

\*5:1 koning van Aram: 1 Kon 20:1

<sup>8</sup>5:1 velsiekte: Dit was enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak; vgl Lev 13:45-46.

\*5:2 Arameërs ... uitgetrek: 2 Kon 6:23

<sup>h</sup>5:2 in diens ... van: Letterlik ‘voor’.

<sup>i</sup>5:3 profeet ... Samaria: Elisa; 1 Kon 19:16,19; 2 Kon 2:25.

<sup>j</sup>5:5 koning van Israel: Joram; 2 Kon 1:17; 3:1.

<sup>k</sup>5:5 10 kikar: Ongeveer 342 kg; •Geldeenhede.

<sup>l</sup>5:5 6 000 sikkel: Dit is ongeveer 70 kg; •Geldeenhede.

\*5:5 stelle klere: 2 Kon 5:22-23; vgl Rig 14:12



saamgeneem. <sup>6</sup> Hy het die brief vir die koning van Israel geneem, wat gelui het: “Wanneer hierdie brief nou by u aankom — kyk, ek stuur na u Naäman, my dienaar, sodat u hom van sy velsiekte kan verlos.”

<sup>7</sup> Toe die koning van Israel die brief geles het, skeur hy sy klere\* en sê: “Is ek dan God, om dood of lewend te maak,\* dat hierdie man 'n brief na my stuur om iemand van sy velsiekte te verlos? Ja, weet vir seker en sien in dat hy 'n rede teen my soek.” <sup>8</sup> Toe Elisa, die man van God,\* hoor dat die koning van Israel sy klere geskeur het, het hy die koning laat weet: “Waarom het jy jou klere geskeur? Laat hom tog na my toe kom, dan sal hy besef dat daar 'n profeet in Israel is.”

<sup>9</sup> Naäman het toe met sy perde en strydwa gekom en voor die ingang na Elisa se huis stilgehou. <sup>10</sup>\* Elisa het 'n boodskapper na hom gestuur met die woorde: “Gaan was jou sewe keer in die Jordaan,\* sodat jou liggaam kan herstel, en word so rein.” <sup>11</sup> Maar Naäman het hom vererg en weggegaan. Hy het gesê: “Kyk, ek het gedink hy sal beslis na my toe uitkom, en gaan staan en die Naam van die HERE sy God aanroep, en sy hand oor die plek beweeg en die velsiekte wegneem. <sup>12</sup> Is Abana en Parpar, die riviere van Damaskus,\* dan nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie daarin was en rein word nie?” Hy het toe omgedraai en woedend weggegaan.

<sup>13</sup> Maar sy dienaars het nadergegaan en met hom gepraat. “My vader,”<sup>m</sup> het hulle gesê, “as dit 'n moeilike opdrag was wat die profeet u

---

\*5:7 skeur ... klere: Gen 37:29; 44:13; 2 Kon 2:12

\*5:7 Is ... maak: Gen 30:2

\*5:8 man van God: 2 Kon 4:7

\*5:10 Joh 9:7

\*5:10 Jordaan: Jos 3:15,17; Matt 3:5-6,13

\*5:12 Damaskus: 2 Sam 8:5; 1 Kon 11:24

<sup>m</sup>5:13 My vader: Dit was 'n Hebreeuse beleefdheidsvorm.

gegee het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer wanneer hy vir u gesê het, ‘Was en word rein!’ ”<sup>14</sup> Hy het toe afgegaan en sy liggaam<sup>n</sup> sewe keer in die Jordaan gedompel, volgens die woord van die man van God. Sy liggaam het herstel en geword soos die liggaam van 'n klein seuntjie,<sup>\*</sup> en hy was rein.<sup>\*</sup>

<sup>15</sup> Toe draai hy terug na die man van God, hy en sy hele gevolg. Hy het gekom en voor hom gaan staan en gesê: “Kyk, ek besef nou dat daar geen God in die hele wêreld is nie, behalwe in Israel!” Daarom, aanvaar asseblief 'n buitengewone geskenk van u dienaar.”<sup>16</sup> Maar Elisa het gesê: “So waar as die HERE leef in wie se diens ek staan, ek sal dit nie neem nie!” Naäman het by hom aangedring om dit te aanvaar, maar hy het geweier.<sup>17</sup> Toe sê Naäman: “As u nie kan nie, laat daar dan asseblief aan u dienaar twee muilvragte grond gegee word; want u dienaar sal nie meer 'n brandoffer of 'n maaltydoffer aan ander gode bring nie, net aan die HERE.”<sup>18</sup> In die volgende geval moet die HERE u dienaar vergewe: Wanneer my heer in die tempel van Rimmon<sup>o</sup> ingaan om daar in aanbidding te buig, leun hy gewoonlik op my arm, en dan moet ek ook in die tempel van Rimmon in aanbidding buig. Wanneer ek dan in die tempel van Rimmon in aanbidding buig, moet die HERE asseblief u dienaar daarvoor vergewe.”<sup>19</sup> Elisa het vir hom gesê: “Gaan in vrede!”<sup>\*</sup> Naäman was al 'n hele ent van hom af weg,<sup>20</sup> toe dink Gehasi, die

---

<sup>n</sup>**5:14 sy liggaam:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>\*</sup>**5:14 Sy ... seuntjie:** Job 33:25

<sup>\*</sup>**5:14 hy was rein:** Luk 4:27; 5:13

<sup>\*</sup>**5:15 geen ... Israel:** Deut 4:35,39; 1 Sam 2:2; Dan 6:27-28; Mark 12:32; 1 Kor 8:4

<sup>o</sup>**5:18 Rimmon:** Hadad-Rimmon, die Aramese god van onweer en reën; vgl Sag 12:11.

<sup>\*</sup>**5:19 Gaan in vrede:** 1 Sam 1:17; Mark 5:34

dienaar van Elisa, die man van God: Kyk, my heer het Naäman, hierdie Arameër, lig daarvan laat afkom deur nie uit sy hand te neem wat hy gebring het nie. Sowaar as die HERE leef, ek gaan beslis agter hom aan hardloop en iets van hom neem.

<sup>21</sup> Gehasi het Naäman agternagesit. Toe Naäman sien iemand hardloop agter hom aan, spring hy van die strydwa af om hom tegemoet te gaan en vra: “Is alles reg?” <sup>22</sup> Hy antwoord toe: “Alles is reg. My heer het my gestuur om te sê, ‘Kyk, daar het nou net twee jong manne van die heuwelland van Efraim af by my aangekom. Hulle is van die profetegroep.<sup>p</sup> Gee asseblief vir hulle 'n kikar<sup>q</sup> silwer en twee stelle klere.’” <sup>23</sup> Daarop sê Naäman: “Wees so vriendelik en aanvaar twee kikar!”<sup>r</sup> Hy het by hom aangedring en twee kikar silwer in twee sakke toegebind, asook twee stelle klere. Hy het dit vir twee van sy dienaars gegee, en hulle het dit voor Gehasi gedra. <sup>24</sup> Maar toe hy by die stadsheuvel kom, het hy dit uit hulle hande geneem en veilig in die huis gebêre. Hy het die manne weggestuur, en hulle het vertrek; <sup>25</sup> maar hy het na binne gegaan en by sy heer gaan staan. Elisa het vir hom gevra: “Vanwaar, Gehasi?” Hy het geantwoord: “U dienaar het nêrens heen gegaan nie.” <sup>26</sup> Elisa sê toe vir hom: “Was ek nie in die gees teenwoordig<sup>s</sup> toe 'n man van sy strydwa af omgedraai het om jou tegemoet te gaan nie? Was die tyd dan ryp om silwer te neem, om klere te neem, en daarmee olyfboorde en wingerde en kleinvee en beeste en slawe en slavinne te bekom?” <sup>27</sup> Die velsiekte van Naäman sal aan jou en

---

<sup>p</sup>5:22 **profetegroep:** In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 2 Kon 4:38.

<sup>q</sup>5:22 **'n kikar:** Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

<sup>\*</sup>5:22 **silwer ... klere:** 2 Kon 5:5

<sup>r</sup>5:23 **2 kikar:** Ongeveer 68,4 kg.

<sup>s</sup>5:26 **Was ... teenwoordig:** Die bronteks lui: “Het my hart nie gegaan nie”.

jou nageslag kleef vir altyd.” Toe Gehasi van hom af weggaan, het hy die velsiekte gehad — soos sneeu.\*

## 6

### Nog wonderwerke van Elisa

<sup>1</sup> Die profetegroep<sup>t</sup> het vir Elisa\* gesê: “Kyk, die plek waar ons voor u woon, is te klein vir ons. <sup>2</sup> Laat ons asseblief na die Jordaan\* gaan en daar elkeen 'n balk kry, sodat ons daar vir ons 'n plek kan maak om te bly.” “Gaan!” het hy gesê. <sup>3</sup> Maar die een sê toe: “Wees asseblief so vriendelik en gaan saam met u dienaars.” Hy het gesê: “Goed, ek sal gaan.” <sup>4</sup> Hy het toe saam met hulle gegaan. Toe hulle by die Jordaan aankom, het hulle die bome afgekap. <sup>5</sup> Maar terwyl die een besig was om 'n balk af te kap, val die byl se kop<sup>u</sup> in die water. Hy roep toe uit en sê: “Ag, my heer, dit was 'n geleende een!” <sup>6</sup> Daarop vra die man van God:\* “Waar het dit geval?” Hy wys hom toe die plek. Die man van God het 'n stukkie hout afgesny, dit daarheen gegooi en die byl se kop laat dryf. <sup>7</sup> Hy sê toe: “Haal dit vir jou uit!” Hy het sy hand uitgesteek en dit geneem.

<sup>8</sup> Die koning van Aram<sup>v</sup> was besig om oorlog te voer teen Israel. Nadat hy met sy amptenare beraadslaag het, sê hy: “By so-en-so 'n plek sal my

---

\***5:27 velsiekte ... sneeu:** Eks 4:6; Num 12:10

<sup>t</sup>**6:1 profetegroep:** In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 2 Kon 4:38.

\***6:1 Elisa:** 1 Kon 19:16,19

\***6:2 Jordaan:** Jos 3:15,17; Matt 3:5-6,13

<sup>u</sup>**6:5 byl se kop:** Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word: “yster”.

\***6:6 man van God:** 2 Kon 4:7; 5:8

<sup>v</sup>**6:8 koning van Aram:** Ben-Hadad; 2 Kon 6:24; 13:24; Jer 49:27; Am 1:4.

kamp wees.”<sup>9</sup> Maar die man van God het vir die koning van Israel<sup>w</sup> laat weet: “Wees versigtig om nie by hierdie plek verby te trek nie, want die Arameërs val daarheen terug.”<sup>x</sup> <sup>10</sup> Daarom het die koning van Israel 'n boodskap gestuur na die plek wat die man van God vir hom aangewys en waarteen hy hom gewaarsku het. Hulle was daar toe op hulle hoede. Dit het nie net een of twee keer gebeur nie.

<sup>11</sup> Die koning van Aram was ontsteld<sup>y</sup> hieroor, en het sy amptenare ontbied en vir hulle gesê: “Kan julle my nie inlig wie van ons vir die koning van Israel is nie?” <sup>12</sup> Een van sy amptenare het geantwoord: “Nie een van ons nie,<sup>z</sup> my heer die koning; maar Elisa, die profeet wat in Israel is, deel die koning van Israel die woorde mee wat u in u slaapkamer praat.” <sup>13</sup> Daarop sê hy: “Gaan kyk waar hy is, sodat ek hom kan laat vang.” Toe daar aan hom berig gebring is, “Kyk, hy is in Dotan!<sup>\*</sup>”, <sup>14</sup> het hy perde en strydwaens en 'n sterk mag daarheen gestuur. Hulle het in die nag gekom en die dorp omsingel. <sup>15</sup> Toe die dienaar van die man van God vroeg opstaan en uitgaan, was daar sowaar 'n leë mag met perde en strydwaens om die dorp! Sy dienaar sê toe vir hom: “Ag, my heer, wat moet ons doen?” <sup>16</sup> Maar hy het geantwoord: “Moenie bang wees nie, want hulle wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is.”<sup>\*</sup> <sup>17</sup> Elisa het toe gebid en gesê: “HERE, maak tog sy oë oop, dat hy kan sien!” Daarop het die HERE die dienaar se oë

---

<sup>w</sup>6:9 koning van Israel: Joram; 2 Kon 1:17; 3:1.

<sup>x</sup>6:9 val ... terug: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal: “trek daarheen af” of “is daar gelaer”.

<sup>y</sup>6:11 koning ... ontsteld: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “die hart van die koning was stormagtig”.

<sup>z</sup>6:12 een ... nie: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>\*</sup>6:13 Dotan: Gen 37:17

<sup>\*</sup>6:16 Moenie ... hulle is: Eks 14:13; 2 Kron 32:7; Ps 34:8; 55:19; Rom 8:31

ooggemaak, en hy sien toe — sowaar, die berg rondom Elisa is vol perde, en strydwaens van vuur!\*

<sup>18</sup> Toe die Arameërs na hom afkom, bid Elisa tot die HERE en sê: “Slaan tog hierdie nasie met blindheid!” Die HERE het hulle toe met blindheid geslaan,\* soos Elisa versoek het. <sup>19</sup> Daarna sê Elisa vir hulle: “Dit is nie die pad hierdie nie, en dit is nie die dorp nie. Volg my, sodat ek julle kan lei na die man na wie julle soek.” Hy het hulle na Samaria\* gelei, <sup>20</sup> en toe hulle in Samaria kom, sê Elisa: “HERE, maak hierdie mense se oë oop, sodat hulle kan sien.” Die HERE het hulle oë ooggemaak, en hulle sien toe hulle is sowaar binne-in Samaria!

<sup>21</sup> Toe hy hulle sien, sê die koning van Israel vir Elisa: “Moet ek aanval? Moet ek aanval, my vader?<sup>a</sup>” <sup>22</sup> \*Maar hy antwoord: “Jy mag hulle nie aanval nie. Sou jy dié wat jy met jou swaard en boog gevange geneem het, aanval? Sit vir hulle brood en water voor, sodat hulle kan eet en drink en na hulle heer kan gaan.” <sup>23</sup> Hy het toe vir hulle 'n groot fees voorgesit. Nadat hulle geëet en gedrink het, het hy hulle weggestuur en hulle het na hulle heer toe gegaan. Die roofbendes van die Arameërs het toe nie meer in die gebied van Israel gekom nie.\*

### Hongersnood in Samaria

<sup>24</sup> 'n Tyd daarna het Ben-Hadad, die koning van Aram,\* sy hele leër byeengebring, opgetrek en Samaria\* beleër. <sup>25</sup> Daar was 'n groot

---

\* **6:17 perde ... vuur:** 2 Kon 2:11; Ps 68:18; 104:4

\* **6:18 Die HERE ... geslaan:** Gen 19:11

\* **6:19 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

<sup>a</sup>**6:21 my vader:** In Hebreeus is dit 'n beleefdheidsvorm.

\* **6:22** Spr 15:21-22; Rom 12:20

\* **6:23 Die roofbendes ... gekom nie:** 2 Kon 5:2; 24:2

\* **6:24 Ben-Hadad ... Aram:** 2 Kon 6:8

\* **6:24 Samaria:** 1 Kon 20:1

hongersnood in Samaria; ja, kyk, hulle het die stad beleër totdat 'n donkiekop teen tagtig sikkel<sup>b</sup> silwer, en 'n kwart kab<sup>c</sup> duiwemis<sup>d</sup> teen vyf sikkel<sup>e</sup> silwer verkoop is. <sup>26</sup> Toe die koning van Israel\* op die stadsmuur verbyloop, het 'n vrou na hom om hulp geroep: “Help, my heer die koning!” <sup>27</sup> Maar hy het gesê: “Moet die HERE jou nie help nie? Waarvandaan moet ek jou help? Van die dorsvloer af? Van die parskuip af?” <sup>28</sup> Die koning sê toe ook vir haar: “Wat is jou probleem?” Sy het geantwoord: “Hierdie vrou het vir my gesê, ‘Gee jou seun, dat ons hom vandag eet. My seun kan ons môre eet’. <sup>29</sup> Ons het toe my seun gekook en hom geëet, maar toe ek die dag daarna vir haar sê, ‘Gee jou seun, dat ons hom kan eet!’,\* het sy haar seun weggesteek.” <sup>30</sup> Toe die koning die vrou se woorde hoor, het hy sy klere geskeur,\* terwyl hy op die stadsmuur verbygaan. Die volk sien toe dat hy sowaar onder sy klere 'n roukleed aan het! <sup>31</sup> Hy sê toe: “Mag God my swaar straf<sup>f</sup> as Elisa, seun van Safat, se kop vandag steeds op sy lyf is!”

<sup>32</sup> Terwyl Elisa in sy huis sit, en die oudstes<sup>g</sup> daar by hom sit, het die koning 'n man voor hom uit gestuur. Maar voordat die boodskapper nog

---

<sup>b</sup>6:25 80 sikkel: Ongeveer 1 kg; •Geldeenhede.

<sup>c</sup>6:25 kab: Een kab is ongeveer 1,2 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>d</sup>6:25 duiwemis: Volgens Josefus is duiwemis in moeilike tye gebruik in die plek van sout. Daar is egter aanduidings dat die woord “duiwemis” die naam was van 'n onsmaklike peulgewas.

<sup>e</sup>6:25 5 sikkel: Ongeveer 57 g.

\* 6:26 koning van Israel: 2 Kon 6:9

\* 6:28-29 Gee ... vandag eet: Deut 28:53; Jer 19:9; Klaagl 4:10

\* 6:30 klere geskeur: Gen 37:9; 44:13; 2 Kon 5:7

<sup>f</sup>6:31 Mag ... straf: In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking, letterlik ‘So sal God aan my doen en so sal Hy byvoeg’.

<sup>g</sup>6:32 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

by hom aankom, het hy vir die oudstes gesê: “Het julle gemerk dat hierdie moordenaar iemand stuur om my kop af te kap? Wees op die uitkyk. Sluit die deur sodra die boodskapper kom. Druk hom terug met die deur! Is die geluid van sy heer se voetstappe nie agter hom nie?”

<sup>33</sup> Hy was nog besig om met hulle te praat, kyk, toe kom die boodskapper al daar na hom toe af! Die koning<sup>h</sup> sê toe: “Kyk, hierdie onheil is van die HERE. Waarom sou ek dan nog op die HERE wag?”

## 7

<sup>1</sup> Maar Elisa<sup>\*</sup> het gesê: “Hoor die woord van die HERE! So sê die HERE, ‘Môre teen hierdie tyd sal 'n sea<sup>i</sup> gesifte meel<sup>j</sup> teen 'n sikkel,<sup>k</sup> en twee sea<sup>l</sup> gars teen 'n sikkel verkoop word in die stadspoort van Samaria.<sup>\*\*</sup>”

<sup>2</sup> \* Maar die •adjutant op wie se arm die koning<sup>m</sup> geleun het, antwoord die man van God<sup>\*</sup> en sê: “Kyk, al sou die HERE vensters in die hemelruim<sup>\*</sup> maak — sou so iets kon gebeur?” Toe sê Elisa: “Kyk, jy gaan dit met jou eie oë sien, maar daarvan sal jy nie eet nie.”

---

<sup>h</sup>6:33 die koning: Die bronteks lui: “hy”. Uit wat volg is dit duidelik dat dit die koning is.

<sup>\*</sup>7:1 Elisa: 1 Kon 19:16,19

<sup>i</sup>7:1 'n sea: Ongeveer 7,3 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>j</sup>7:1 gesifte meel: Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

<sup>k</sup>7:1 'n sikkel: Ongeveer 11,4 g; •Geldeenhede.

<sup>l</sup>7:1 2 sea: Ongeveer 15 ℓ.

<sup>\*</sup>7:1 Samaria: 1 Kon 16:23-24

<sup>\*</sup>7:1 Môre ... Samaria: 2 Kon 7:16,18

<sup>\*</sup>7:2 2 Kon 6:19-20

<sup>m</sup>7:2 die koning: Joram; 2 Kon 6:26.

<sup>\*</sup>7:2 man van God: 2 Kon 4:7; 5:8

<sup>\*</sup>7:2 vensters ... hemelruim: Gen 7:11; Mal 3:10



<sup>3</sup> Daar was vier mans met 'n velsiekte<sup>n</sup> by die ingang van die stadspoort, en hulle het vir mekaar gesê: “Waarom sal ons hier bly totdat ons sterf? <sup>4</sup> As ons sê, ‘Ons gaan die stad binne,’ en daar is hongersnood in die stad, dan sterf ons daar, en as ons hier bly, dan sterf ons. Daarom, kom ons loop oor na die Arameërs se kamp.\* As hulle ons laat lewe, dan leef ons, en as hulle ons doodmaak, dan sterf ons.”

<sup>5</sup> Hulle het toe teen skemerdonker\* gereedgemaak om na die Arameërs se kamp te gaan. Toe hulle by die kant van die Arameërs se kamp kom, kyk, toe is daar niemand nie!

<sup>6</sup> Die Heer<sup>o</sup> het die leer van die Arameërs die geluid van strydwaens en perde, die geluid van 'n groot mag, laat hoor,\* en hulle het vir mekaar gesê: “Kyk, die koning van Israel het die konings van die Hetiete en die konings van Egipte\* teen ons gehuur om ons te oorval!” <sup>7</sup> Hulle het toe opgespring en in die skemerdonker gevlug. Hulle het hulle tente, hulle perde en donkies — die kamp soos dit was — agtergelaat, en asof vir hulle lewens gevlug.

<sup>8</sup> Toe hierdie manne met die velsiekte by die kant van die kamp kom, het hulle in 'n tent ingegaan en geëet en gedrink. Hulle het silwer en goud en klere daarvandaan weggedra en dit gaan wegsteek. Hulle het teruggekom, in 'n ander tent ingegaan en ook van wat daar was, weggedra en dit gaan wegsteek. <sup>9</sup> Maar toe sê hulle vir mekaar: “Dit is nie reg wat ons doen nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie nuus en ons

---

<sup>n</sup>**7:3 velsiekte:** Dit was enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kom. Dit het die persoon •onrein gemaak. Onrein persone moes buite die stad bly; vgl Lev 13:45-46.

<sup>\*</sup>**7:4 Arameërs se kamp:** 2 Kon 6:24

<sup>\*</sup>**7:5 teen skemerdonker:** 2 Kon 7:9,12

<sup>o</sup>**7:6 Die Heer:** Word ook vertaal: “My Heer”.

<sup>\*</sup>**7:6 geluid van strydwaens ... hoor:** 2 Kon 6:17

<sup>\*</sup>**7:6 konings van Egipte:** 1 Kon 10:29

hou dit stil. As ons wag tot daglig, sal ons skuldig staan. Kom ons gaan dan nou en bring die nuus aan die paleis van die koning.”

<sup>10</sup> Hulle gaan toe, roep na die poortwag van die stad en lig hulle in: “Ons het by die Arameërs se kamp gekom, en kyk, daar was niemand nie, nie die geluid van 'n mens nie; slegs vasgemaakte perde en donkies, en tente, net so agtergelaat.” <sup>11</sup> Die poortwagte roep dit toe uit en maak dit in die koning se paleis bekend. <sup>12</sup> Die koning het in die nag opgestaan en vir sy amptenare gesê: “Laat ek tog vir julle vertel wat die Arameërs aan ons wil doen. Hulle weet dat ons honger ly. Hulle het uit die kamp gegaan om in die veld weg te kruip, met die gedagte, ‘Wanneer hulle uit die stad gaan, sal ons hulle lewendig vang en in die stad inkom.’ ” <sup>13</sup> Een van sy amptenare reageer toe daarop en sê: “Laat hulle tog maar vyf van die oorblywende perde neem, van dié wat nog in die stad oor is. Kyk, hulle is soos die hele menigte van Israel, wat nog in die stad oor is. Kyk, hulle is soos die hele menigte van Israel,<sup>p</sup> wat op hulle laaste bene is. Laat ons hulle stuur en sien wat aangaan.”

<sup>14</sup> Hulle neem toe twee strydwaens met perde. Die koning het hulle agter die leer van die Arameërs aangestuur en gesê: “Gaan kyk!”

<sup>15</sup> Hulle is agter hulle aan tot by die Jordaan. En kyk, die hele pad was besaai met kledingstukke en toerusting wat die Arameërs in hulle haas neergegooi het.

Die boodskappers het omgedraai en aan die koning berig gebring, <sup>16</sup> waarop die volk toe uitgaan en die Arameërs se kamp plunder. 'n Sea gesifte meel is teen 'n sikkkel, en twee sea gars teen 'n sikkkel verkoop, ooreenkomstig die woord van die HERE.\*

---

<sup>p</sup>7:13 wat nog ... Israel: Hierdie woorde kom nie in talle Hebreuse mss, die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat voor nie. Dit is waarskynlik 'n foutiewe herhaling van die voorafgaande woorde.

\*7:16 ooreenkomstig ... HERE: 2 Kon 7:1

<sup>17</sup> \*Die koning het die •adjutant op wie se arm hy geleun het, by die poort laat toesig hou. Maar die mense het hom in die poort vertrap en hy het gesterf, soos die man van God gesê het toe die koning na hom afgegaan en hy met hom gepraat het.\* <sup>18</sup> Dit het gebeur net soos die man van God vir die koning gesê het: “Twee sea gars sal teen 'n sikkkel en 'n sea gesifte meel teen 'n sikkkel te koop wees teen hierdie tyd môre in die stadspoort van Samaria.” <sup>19</sup> Die adjutant het toe mos die man van God geantwoord en gesê: “Kyk, al sou die HERE vensters in die hemelruim maak — sou so iets kon gebeur?” En hy het toe geantwoord: “Kyk, jy gaan dit met jou eie oë sien, maar daarvan sal jy nie eet nie.” <sup>20</sup> Dit het toe net so met hom gebeur — die mense het hom in die poort vertrap, en hy het gesterf.

## 8

### Versorging van 'n behoeftige

<sup>1</sup> Elisa\* het gepraat met die vrou wie se seun hy lewend gemaak het,\* en gesê: “Maak gereed en gaan, jy en jou huisgesin; gaan bly as vreemdeling<sup>q</sup> waar jy ook al kan, want die HERE het 'n hongersnood aangekondig.\* Die ergste is, dit het gekom om sewe jaar lank oor die land te heers.” <sup>2</sup> Die vrou het gereedgemaak en gedoen wat die man van God<sup>r</sup> gesê het. Sy en

---

\*7:17-19 2 Kon 7:2

\*7:17 toe ... gepraat het: 2 Kon 6:32

\*8:1 Elisa: 1 Kon 19:16,19

\*8:1 vrou ... gemaak het: 2 Kon 4:8-37

<sup>q</sup>8:1 vreemdeling: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

\*8:1 hongersnood aangekondig: Gen 41:27; 1 Kon 17:1; Ps 105:16; Hag 1:11; Hand 11:28

<sup>r</sup>8:2 man van God: Elisa; 2 Kon 4:7; 5:8.

haar huisgesin het gegaan, en sy het sewe jaar lank as vreemdeling in die land van die Filistyne gebly.

<sup>3</sup> Aan die einde van die sewe jaar het die vrou teruggekeer uit die land van die Filistyne. Sy het uitgegaan om haar op die koning<sup>s</sup> te beroep<sup>t</sup> oor haar huis en haar grond. <sup>4</sup> Die koning was juis in gesprek met Gehasi,<sup>\*</sup> die dienaar van die man van God, en het gesê: “Vertel my asseblief van al die groot daade wat Elisa gedoen het.” <sup>5</sup> Hy was besig om vir die koning te vertel hoe Elisa 'n dooie lewend gemaak het, en juis toe kom die vrou wie se seun hy lewend gemaak het, daar aan met die beroep op die koning oor haar huis en haar grond. Gehasi sê toe: “My heer die koning, dit is die vrou, en dit is haar seun wat Elisa lewend gemaak het!” <sup>6</sup> Die koning vra toe die vrou uit en sy vertel hom. Daarna het die koning 'n lid van sy paleis personeel<sup>u</sup> aan haar beskikbaar gestel en gesê: “Gee alles terug wat aan haar behoort, ook die volle opbrengs van die grond, vanaf die dag dat sy die land verlaat het tot nou toe.”

### **Gasaël koning van Aram**

<sup>7</sup> Elisa<sup>\*</sup> het in Damaskus<sup>\*</sup> gekom toe Ben-Hadad, koning van Aram,<sup>\*</sup> siek was. Hy is ingelig: “Die man van God het hier aangekom.” <sup>8</sup> Die

---

<sup>s</sup>8:3 koning: Joram; 2 Kon 1:17; 3:1.

<sup>t</sup>8:3 te beroep: Dié Hebreeuse werkwoord word dikwels gebruik wanneer iemand hom op die koning as die hoogste regterlike gesag beroep vir 'n beslissing.

<sup>\*</sup>8:4 Gehasi: 2 Kon 4:12; 5:20

<sup>u</sup>8:6 lid ... paleis personeel: In Hebreeus *saris*, 'n belangrike amptenaar aan die koninklike hof. Indien hy in die harem van die koning moes werk, was hy gewoonlik 'n ontmande.

<sup>\*</sup>8:7 Elisa: 2 Kon 8:1

<sup>\*</sup>8:7 Damaskus: 2 Sam 8:5; 1 Kon 11:24

<sup>\*</sup>8:7 Ben-Hadad ... Aram: 2 Kon 6:24; 13:24; Jer 49:27; Am 1:4

koning sê toe vir Gasael:\* “Neem 'n geskenk saam en gaan ontmoet die man van God.\* Raadpleeg dan die HERE deur hom en vra, ‘Sal ek van hierdie siekte herstel?’ ”

<sup>9</sup> Gasael het gegaan om hom te ontmoet; hy het 'n geskenk en van alles wat goed was in Damaskus, saamgeneem — 'n vrag vir veertig kamele.

Hy het gekom, voor Elisa gaan staan en gesê: “U seun<sup>v</sup> Ben-Hadad, koning van Aram, het my na u gestuur om te vra, ‘Sal ek van hierdie siekte herstel?’ ” <sup>10</sup> Elisa het vir hom gesê: “Gaan sê, ‘Jy sal beslis nie herstel nie. Die HERE het aan my geopenbaar dat jy beslis sal sterf.’ ”

<sup>11</sup> Elisa se blik het verstar en hy het hom aangestaar totdat Gasael verleë was. Toe huil die man van God. <sup>12</sup> Gasael het gevra: “Waarom huil my heer?” Hy het geantwoord: “Omdat ek weet watter kwaad jy die Israëliete gaan aandoen.\* Hulle versterkte stede sal jy aan die brand steek, hulle jong manne gaan jy met die swaard vermoor, hulle kinders sal jy te pletter slaan en hulle swanger vroue sal jy oopsny.\*” <sup>13</sup> Gasael het egter gesê: “Maar wat is u dienaar, 'n hond,\* dat hy iets so erg sal doen?” Toe sê Elisa: “Die HERE het aan my geopenbaar dat jy koning oor Aram sal word.”\*

<sup>14</sup> Hy het van Elisa af weggegaan en toe hy by sy heer kom, het dié hom gevra: “Wat het Elisa vir jou gesê?” Hy het geantwoord: “Hy het vir my gesê dat u beslis sal leef.” <sup>15</sup> Maar die volgende oggend het Gasael 'n deken geneem en dit in water gedompel. Hy het dit oor die

---

\*8:8 Gasael: 1 Kon 19:15,17

\*8:8 Neem ... God: 1 Sam 9:7; 1 Kon 14:3; 2 Kon 4:42

<sup>v</sup>8:9 U seun: Dit druk onderdanigheid uit.

\*8:12 kwaad ... aandoen: 10:32; 12:17; 13:3,7,22

\*8:12 hulle kinders ... oopsny: Hos 14:1

\*8:13 'n hond: Vgl 1 Sam 17:43; 24:15; 2 Sam 9:8; 16:9

\*8:13 Die HERE ... word: 1 Kon 19:15

koning se gesig getrek, en hy het gesterf. Gasael het toe in sy plek koning geword.

### **Jehoram koning van Juda**

<sup>16</sup> \*In die vyfde regeringsjaar van Joram, seun van Agab, \* die koning van Israel, \* toe Josafat nog koning was van Juda, \* het Jehoram,<sup>w</sup> die seun van Josafat, sy pa opgevolg as koning van Juda. \* <sup>17</sup> \*Hy was tweeen-dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het agt jaar lank as koning geheers in Jerusalem. <sup>18</sup> Hy het die pad van die konings van Israel gevolg, soos die huis van Agab dit gedoen het, \* want Agab se dogter was sy vrou. \* Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. <sup>19</sup> Maar ter wille van Dawid, sy dienskneg, wou die HERE Juda nie vernietig nie, aangesien Hy vir Dawid belof het om vir hom en sy seuns altyd 'n lamp te gee.<sup>x</sup>

---

\* **8:16-23** 2 Kron 21:1-10

\* **8:16 Joram ... Agab:** 2 Kon 1:17; 3:1

\* **8:16 Agab ... Israel:** 1 Kon 16:28

\* **8:16 Josafat ... was van Juda:** 1 Kon 15:24; 22:41-50

<sup>w</sup>**8:16 Joram ... Jehoram:** Die name Joram en Jehoram kom in die bronteks afwisselend voor vir die koning van Juda, en ook vir die koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

\* **8:16 Jehoram ... as koning van Juda:** 1 Kon 22:51

\* **8:17** 2 Kron 21:5,20

\* **8:18 soos ... gedoen het:** 1 Kon 16:30-33

\* **8:18 Agab ... vrou:** 2 Kon 8:26

<sup>x</sup>**8:19 lamp te gee:** Dit beteken dat iemand uit Dawid se nageslag op die troon in Jerusalem sou sit; vgl 1 Kon 11:36.

<sup>20</sup> \*In die tyd van Jehoram het die Edomiete weggebreek van die gesag van Juda\* en 'n koning oor hulle aangestel. <sup>21</sup> Jehoram het toe oorgegaan na Sair met al die strydwaens by hom. Hy het in die nag gereedgemaak en die Edomiete wat hom en die aanvoerders van die strydwamag omsingel het, verslaan. Maar die manskappe het na hulle tente gevlug. <sup>22</sup> So het die Edomiete weggebreek van die gesag van Juda, tot vandag toe. In dieselfde tyd het Libna\* toe ook weggebreek.

<sup>23</sup> Die verdere geskiedenis van Jehoram, alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>y</sup> van die konings van Juda nie? <sup>24</sup> Jehoram het by sy voorouers gaan rus, en hy is begrawe by sy voorouers in die stad van Dawid.\* Ahasia, sy seun, het in sy plek koning geword.

### **Ahasia koning van Juda**

<sup>25</sup> \*In die twaalfde regeringsjaar van Joram, seun van Agab, die koning van Israel,\* het Ahasia, seun van Jehoram, die koning van Juda, koning geword.\* <sup>26</sup> \*Ahasia was twee-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het een jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Atalia,\* 'n kleindogter van Omri, koning van Israel.\* <sup>27</sup> Hy

---

\*8:20-22 2 Kron 21:8-10

\*8:20 Edomiete ... Juda: Gen 27:40; 2 Sam 8:13-14

\*8:22 Libna: Jos 10:29-30

<sup>y</sup>8:23 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\*8:24 stad van Dawid: 2 Sam 5:9; 1 Kon 2:10; 8:1

\*8:25-29 2 Kron 22:1-6

\*8:25 Joram ... Israel: 2 Kon 8:16

\*8:25 Ahasia ... geword: 2 Kon 8:24

\*8:26 2 Kron 22:2

\*8:26 Atalia: 2 Kon 8:18

\*8:26 Omri ... Israel: 1 Kon 1:16-28

het die pad van die koningshuis van Agab\* gevolg en gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, net soos die koningshuis van Agab, want hy was aangetroude familie van die huis van Agab.

<sup>28</sup> \*Hy het saam met Joram, seun van Agab,\* gegaan vir die geveg teen Gasaël, koning van Aram,\* by Ramot in Gilead; maar die Arameërs het Joram verslaan. <sup>29</sup> Toe het koning Joram teruggekeer om in Jisreël\* van sy wonde te herstel wat die Arameërs hom toegedien het by Rama,<sup>z</sup> tydens sy geveg met Gasaël, koning van Aram. Ahasia, seun van Jehoram en koning van Juda, het toe afgegaan om Joram, seun van Agab, in Jisreël te besoek, omdat hy siek was.

## 9

### Opstand teen die huis van Agab

<sup>1</sup> \*Die profeet Elisa\* het iemand van die profetegroep<sup>a</sup> geroep en vir hom gesê: “Omgord jou heupe,\* neem hierdie fles olyfolie saam met jou, en gaan na Ramot in Gilead.\* <sup>2</sup> Wanneer jy daar aankom, kyk daar uit vir Jehu, seun van Josafat, seun van Nimsi.\* Gaan dan in, laat hy

---

\*8:27 pad ... Agab: 1 Kon 16:30-33

\*8:28-29 2 Kon 9:14-15

\*8:28 Joram ... Agab: 2 Kon 1:17

\*8:28 Gasaël ... Aram: 1 Kon 19:15; 2 Kon 8:7-15

\*8:29 Jisreël: 1 Kon 21:1

<sup>z</sup>8:29 Rama: Dit is 'n ander vorm van die Hebraëuse naam Ramot.

\*9:1 — 10:11 Hos 1:4

\*9:1 profeet Elisa: 1 Kon 19:16,19

<sup>a</sup>9:1 profetegroep: In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 2 Kon 4:38.

\*9:1 omgord jou heupe: Luk 12:35

\*9:1 Ramot in Gilead: Deut 4:43; Jos 20:8; 1 Kon 22:3; 2 Kon 8:28

\*9:2 Jehu ... Nimsi: 1 Kon 19:16; 2 Kon 22:7-9



opstaan tussen sy makkers en neem hom na 'n binnekamer. <sup>3</sup> Neem dan die fles olyfolie, giet dit oor sy kop uit en sê, ‘So sê die HERE: “Ek salf jou as koning oor Israel.” ’ Maak dan die deur oop en vlug — moenie talm nie!”

<sup>4</sup> Die jong man, die profeet,<sup>b</sup> het na Ramot in Gilead gegaan. <sup>5</sup> Toe hy daar aankom, sit die aanvoerders van die leërmag juis daar bymekaar. Hy sê toe: “Ek het 'n boodskap vir u, bevelvoerder.” Jehu vra toe: “Vir wie van ons?” “Vir u, bevelvoerder,” het hy geantwoord. <sup>6</sup> Jehu het opgestaan en die huis binnegegaan. Toe giet die profeet die olyfolie oor sy kop uit en sê vir hom: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Ek salf jou as koning oor die volk van die HERE, oor Israel. <sup>7</sup> \* Jy moet die koningshuis van jou heer Agab tot 'n val bring, sodat Ek die bloed van my diensknegte, die profete kan wreek, ja, die bloed van al die diensknegte van die HERE kan eis<sup>c</sup> van die hand van Isebel.\* <sup>8</sup> \* Die hele huis van Agab sal ten gronde gaan. Ek sal van Agab die mansmense<sup>d</sup> in Israel uitroei, hulle wat gevange is en hulle wat vrygelaat is.<sup>e</sup> <sup>9</sup> Ek gaan die huis van Agab maak soos die huis van Jerobeam,\* seun van Nebat,

---

<sup>b</sup>9:4 jong ... profeet: Verskeie Hebreëuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui: “die jong man, die jong man, die profeet”.

\*9:7 Op 6:10; 19:2

<sup>c</sup>9:7 kan eis: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*9:7 Ek die bloed ... Isebel: 1 Kon 16:31; 18:4; 21:15

\*9:8 1 Kon 21:21; 2 Kon 10:17

<sup>d</sup>9:8 mansmense: Die Hebreëuse idioom kan vertaal word: “hulle wat teen 'n muur urineer”, wat 'n neerhalende uitdrukking is.

<sup>e</sup>9:8 hulle wat gevange ... vrygelaat is: Die Hebreëuse idioom dui daarop dat almal ingesluit is; vgl 1 Kon 21:21.

\*9:9 huis van Jerobeam: 1 Kon 14:10

en soos die huis van Baesa,\* seun van Agia. <sup>10</sup> En Isebel — die honde sal haar verslind op die stuk land van Jisreël, en daar sal niemand wees wat haar begrawe nie.\* ” Toe maak hy die deur oop en vlug.

<sup>11</sup> Jehu het uitgegaan na die amptenare van sy heer. Hulle sê toe vir hom: “Is alles reg? Waarom het hierdie waansinnige na jou toe gekom?” Hy het hulle geantwoord: “Julle ken tog self die man en sy praatjies.”

<sup>12</sup> Maar hulle sê: “Dis 'n leuen! Vertel ons tog!” Toe sê hy: “Dit is wat hy vir my gesê het, ‘So sê die HERE: “Ek salf jou as koning oor Israel.” ’\* ”

<sup>13</sup> \*Toe neem elkeen gou 'n kledingstuk en plaas dit onder Jehu op die kaal trappe. Daarop blaas hulle op die ramshoring en roep uit: “Jehu is koning!”

<sup>14</sup> Jehu, seun van Josafat, seun van Nimsi, het toe teen Joram<sup>f\*</sup> 'n komplot gesmee. Joram was saam met die hele Israel besig om Ramot in Gilead te verdedig teen Gasael, koning van Aram.\* <sup>15</sup> \*Koning Joram het egter teruggekeer om in Jisreël\* te herstel van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het in sy geveg met Gasael, koning van Aram. Toe sê Jehu: “As dit julle goedkeuring wegdra, laat niemand uit die stad wegkom om dit in Jisreël te gaan bekend maak nie.” <sup>16</sup> Jehu klim toe op

---

\***9:9 huis van Baesa:** 1 Kon 16:3,11

\***9:10 Isebel ... begrawe nie:** 1 Kon 21:23; 2 Kon 9:35-37

\***9:12 So ... Israel:** 2 Kon 9:3

\***9:13** 1 Kon 1:34; Matt 21:8-9; Luk 19:36,38

<sup>f</sup>**9:14 Joram:** Die name Joram en Jehoram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

\***9:14 Joram:** 2 Kon 1:17; 3:1-3

\***9:14 Joram was ... Aram:** 2 Kon 8:28

\***9:15-16** 2 Kon 8:29; 2 Kron 22:6; 25:6

\***9:15 Jisreël:** 1 Kon 21:1

sy wa en gaan na Jisreël, want Joram het daar siek gelê, en Ahasia, koning van Juda, het afgegaan om Joram te besoek.

<sup>17</sup> Die wag wat op die uitkyktoring in Jisreël gestaan het, het Jehu se troepemag sien aankom. Hy sê toe: “Ek sien troepe!” Daarop sê Joram: “Kry 'n ruiter en stuur hom om hulle tegemoet te gaan en te vra, ‘Is alles reg?’ ” <sup>18</sup> Die perderuiter het hom tegemoetgegaan en gesê: “So sê die koning, ‘Is alles reg?’ ” Jehu het geantwoord: “Wat het dit met jou te doen of alles reg is? Val agter my in!” Die wag doen toe verslag: “Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy keer nie terug nie!” <sup>19</sup> Joram stuur toe 'n tweede perderuiter, en toe hy by hulle kom, sê hy: “So sê die koning, ‘Is alles reg?’ ” Jehu het geantwoord: “Wat het dit met jou te doen of alles reg is? Val agter my in!” <sup>20</sup> Die wag doen toe weer verslag: “Hy het tot by hulle gekom, maar hy keer nie terug nie. En die manier van ry, is soos dié van Jehu, seun van Nimsi,\* want hy jaag soos 'n besetene!” <sup>21</sup> Toe sê Joram: “Span in!” Hy het sy strydwa ingespan, en Joram, koning van Israel, het saam met Ahasia, koning van Juda, uitgegaan, elkeen op sy strydwa. Hulle het uitgegaan om Jehu te ontmoet, en hulle het hom aangetref by die stuk grond van Nabot, die man uit Jisreël.\*

<sup>22</sup> Toe Joram vir Jehu sien, sê hy: “Is alles reg, Jehu?” Maar Jehu antwoord: “Hoe kan alles reg wees solank die hoerery van Isebel,<sup>§</sup> jou ma,\* en haar eindelose hekserij voortduur?\*

---

\***9:20 manier ... Nimsi:** Vgl 2 Sam 18:27

\***9:21 stuk ... Jisreël:** 1 Kon 21:1-16

<sup>§</sup>**9:22 hoerery van Isebel:** Dit verwys na haar diens aan die afgod •Baäl. By die Kanaänitiese heiligdomme is die gewaande seksuele omgang tussen 'n vrugbaarheidsgod en 'n godin nageboots deur omgang met tempelprostitute om vrugbaarheid te verseker. Dit was een van die grofste vorme van ontrou teenoor die HERE.

\***9:22 Isebel jou ma:** 1 Kon 16:31

\***9:22 hoerery ... voortduur:** Op 2:20

<sup>23</sup> Toe ruk Joram sy wa om<sup>h</sup> en vlug. Hy skree vir Ahasia: “Verraad, Ahasia!” <sup>24</sup> Maar Jehu span sy boog en tref Joram tussen sy blaaië. Die pyl het sy hart deurboor en hy het op sy strydwa inmekaargesak. <sup>25</sup> Jehu sê toe vir Bidkar, sy •adjutant: “Tel hom op en gooi hom op die stuk grond van Nabot, die man uit Jisreël, want onthou, ek en jy het langs mekaar agter sy pa Agab gery toe die HERE die volgende profesie<sup>i</sup> oor hom aangekondig het, <sup>26</sup> ‘Gewis het Ek gisteraand die bloed van Nabot en die bloed van sy seuns raakgesien, is die uitspraak van die HERE, en Ek sal dit op hierdie stuk grond aan jou vergeld, is die uitspraak van die HERE.’\* Tel hom dan nou op en gooi hom op die stuk grond, ooreenkomstig die woord van die HERE.”

<sup>27</sup> \*Toe Ahasia, koning van Juda, dit sien, het hy gevlug met die pad na Bet-Gan. Maar Jehu het hom agtervolg en gesê: “Skiet hom ook!” Hulle het hom geskiet<sup>j</sup> in sy strydwa teen die opdraande van Gur wat by Jibleam is. Hy het na Megiddo\* gevlug, maar het daar gesterf. <sup>28</sup> Sy dienaars het hom na Jerusalem vervoer en hom in sy graf by sy voorouers in die stad van Dawid\* begrawe. <sup>29</sup> Dit was in die elfde regeringsjaar van Joram, seun van Agab, dat Ahasia koning geword het oor Juda.

<sup>30</sup> Jehu het in Jisreël aangekom. Toe Isebel dit hoor, het sy haar oë

---

<sup>h</sup>**9:23 ruk ... om:** Letterlik ‘keer hy sy hand om’. Dit verwys na een van die hande wat die teuels vashou.

<sup>i</sup>**9:25 profesie:** Die Hebreuse woord kan ook vertaal word: “uitspraak”, “uitspraak van God” of “aankondiging”.

\***9:26 Gewis ... HERE:** 1 Kon 21:19

\***9:27-28** 2 Kron 22:7-9

<sup>j</sup>**9:27 Hulle ... geskiet:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar is wel in die Peshitta.

\***9:27 Megiddo:** Vgl 2 Kon 23:29-30; Op 16:16

\***9:28 stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

grimeer, haar hare netjies gemaak en deur die venster afgekyk. <sup>31</sup> Terwyl Jehu by die stadspoort inkom, sê sy: “Is alles reg, Simri, moordenaar van sy heer?<sup>k</sup>” <sup>32</sup> Jehu het opgekyk na die venster en gesê: “Wie is aan my kant, wie?” Twee of drie van die paleis personeel<sup>l</sup> het na hom afgekyk. <sup>33</sup> Hy sê toe: “Gooi haar af!” Hulle het haar afgegooi, en van haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat, en dié het haar vertrap. <sup>34</sup> Hy het binnetoe gegaan en geëet en gedrink. Toe sê hy: “Gee tog aandag aan hierdie vervloekte vrou en begrawe haar; sy was immers die dogter van 'n koning.\*” <sup>35</sup> Hulle het gegaan om haar te begrawe, maar hulle het van haar niks gekry nie, behalwe die kopbeen, die voete en die hande. <sup>36</sup> Hulle het teruggekeer en dit vir Jehu vertel. Toe sê hy: “Dit is die vervulling van die woord van die HERE wat Hy deur sy dienskneg, Elia, die man uit Tisbe,\* gespreek het, ‘Op die stuk grond in Jisreël sal honde die liggaam van Isebel verslind,’\* <sup>37</sup> en Isebel se lyk sal op die stuk grond in Jisreël wees soos uitwerpsel in die veld. Hulle sal nie kan sê, ‘Dit was Isebel’ nie.”

## 10

### Uitwissing van Agab se nageslag

<sup>1</sup> Agab het sewentig seuns in Samaria\* gehad. Jehu\* skryf toe briewe en

---

<sup>k</sup>**9:31 Simri ... heer:** Jehu word aangespreek as Simri, wat ook 'n bevelvoerder was en sy heer, koning Baesa, doodgemaak het; vgl 1 Kon 16:9-10.

<sup>l</sup>**9:32 paleis personeel:** Dit was belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

<sup>\*</sup>**9:34 sy ... koning:** 1 Kon 16:31

<sup>\*</sup>**9:36 Elia ... Tisbe:** 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

<sup>\*</sup>**9:36 Op ... verslind:** 1 Kon 21:23

<sup>\*</sup>**10:1 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

<sup>\*</sup>**10:1 Jehu:** 1 Kon 19:6; 2 Kon 9:2-3,6,13; 2 Kron 22:7

stuur dit na Samaria, na die hoë amptenare<sup>m</sup> van Jisreël,<sup>n</sup> die oudstes,<sup>o</sup> en na die voogde van Agab se seuns,<sup>p</sup> met hierdie woorde:

<sup>2</sup> “Nou, sodra hierdie brief by julle uitkom — die seuns van julle heer is mos by julle, en by julle is ook die strydswamag en perde, 'n versterkte stad en die toerusting — <sup>3</sup> moet julle die beste en geskikste van julle heer se seuns uitsoek en hom op sy pa se troon sit. Dan moet julle veg vir die huis van julle heer.”

<sup>4</sup> Hulle het ontsettend bang geword en gesê: “Kyk, twee konings\* het nie voor hom stand gehou nie. Hoe kan ons dan standhou?” <sup>5</sup> Die hoof van die hofhouding, die stadsbestuurder, die oudstes en die voogde het vir Jehu laat weet: “Ons is u dienaars.\* Alles wat u vir ons sê, sal ons doen. Ons sal niemand koning maak nie. Wat u goedvind — doen dit!”

<sup>6</sup> Hy skryf aan hulle toe 'n tweede brief met die woorde:

“As julle aan my kant is en aan my gehoorsaam is, neem dan die koppe van die manne,<sup>q</sup> van die seuns van julle heer, en bring dit môre teen hierdie tyd na my in Jisreël.\*”

Die seuns van die koning, sewentig man, was by verneme mense van

---

<sup>m</sup>**10:1 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

<sup>n</sup>**10:1 van Jisreël:** 'n Hebreeuse ms en 'n weergawe van die •Septuagint lui: “van Samaria”; vgl 2 Kon 10:12. 'n Ander weergawe van die Septuagint en die •Vulgaat lui: “van die stad”.

<sup>o</sup>**10:1 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

<sup>p</sup>**10:1 se seuns:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***10:4 twee konings:** 2 Kon 9:24,27

\***10:5 Ons ... dienaars:** Vgl Jos 9:8,11

<sup>q</sup>**10:6 van die manne:** Hierdie woorde kom nie in verskeie Hebreeuse mss, 'n weergawe van die Septuagint, die •Peshitta en Vulgaat voor nie.

\***10:6 Jisreël:** 1 Kon 21:1

die stad, wat hulle grootgemaak het. <sup>7</sup> Toe die brief by hulle kom, het hulle dadelik die koning se seuns geneem en die sewentig man onthoof.\* Hulle het die koppe in dramandjies gesit en na Jehu in Jisreël gestuur. <sup>8</sup> Toe die boodskapper binnegaan en hom meedeel: “Hulle het die koppe van die koning se seuns gebring,” het hy gesê: “Sit hulle neer in twee hope by die ingang na die stadspoort tot môreoggend.” <sup>9</sup> Die volgende oggend het hy uitgegaan, daar gaan staan en vir die hele volk gesê: “Julle is onskuldig. Kyk, ek is die een wat teen my heer 'n komplot gesmee en hom om die lewe gebring het.\* Maar wie het al hierdie mense neergevel? <sup>10</sup> \*\*Weet dan dat daar niks onvervuld sal bly van die HERE se woord wat die HERE oor die huis van Agab gespreek het nie. Die HERE self het gedoen wat Hy by monde van sy dienskneg, Elia, gespreek het.” <sup>11</sup> Jehu het almal wat van die huis van Agab in Jisreël oorgebly het, neergevel — al sy vername mense, sy vertrouelinge en sy priesters — totdat hy niemand van Agab laat vrykom het nie.

<sup>12</sup> Toe het Jehu opgestaan, die stad binnegegaan en na Samaria vertrek. Terwyl hy op pad was by Bet-Eked-Roim, <sup>13</sup> het Jehu die broers van Ahasia, die koning van Juda,\* teengekom. “Wie is julle?” het hy gevra. “Ons is Ahasia se broers, en ons het afgekom om die seuns van die koning en die seuns van die koninginmoeder te groet,” het hulle geantwoord. <sup>14</sup> “Gryp hulle lewendig!” het Jehu gesê. Hulle het hulle toe lewendig gegryp en onthoof by die opgaarput<sup>r</sup> van Bet-Eked — twee-en-

---

\***10:7 het hulle ... onthoof:** Rig 12:6

\***10:9 ek ... gebring het:** 2 Kon 9:14-15

\***10:10-12** 2 Kron 22:8

\***10:10** 1 Sam 3:19; 1 Kon 21:19,23

\***10:13 Ahasia ... Juda:** 2 Kon 8:24-27; 9:27

<sup>r</sup>**10:14 opgaarput:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

veertig man. Hy het niemand van hulle laat vrykom nie.

<sup>15</sup> Toe hy daarvandaan weggaan, kom hy af op Jonadab, seun van Rekab,\* wat na hom toe op pad was. Hy groet hom toe en sê vir hom: “Is jy dit heelhartig met my eens, soos ek dit met jou is?”<sup>s</sup> Jonadab het geantwoord: “Ek is.” Daarop sê Jehu:<sup>t</sup> “Indien wel, gee jou hand!” Toe hy sy hand gee, help Jehu hom op die strydwa by hom <sup>16</sup> en sê: “Gaan saam met my en aanskou my ywer vir die HERE.” So het hulle hom op sy strydwa laat ry.

<sup>17</sup> \*Toe hy in Samaria kom, het hy almal neergevel wat van Agab in Samaria oorgebly het, totdat hy hom uitgeroei het ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy met Elia gespreek het.

### Uitroeïing van die profete van Baäl

<sup>18</sup> Jehu\* het die hele volk byeengebring en vir hulle gesê: “Agab het Baäl<sup>u</sup> maar min gedien;\* Jehu gaan hom baie dien. <sup>19</sup> Daarom, wat al die profete van Baäl\* betref, al sy dienaars en al sy priesters, ontbied hulle hier na my toe. Niemand mag ontbreek nie, want ek het 'n groot maaltydoffer vir Baäl gereed. Niemand wat ontbreek, sal bly leef nie.” Jehu het dit egter met lis gedoen, sodat hy Baäl se dienaars kon vernietig. <sup>20</sup> Jehu sê toe: “Kondig 'n heilige feesgeleentheid af vir Baäl.” Hulle het dit toe uitgeroep.

---

\*10:15 Jonadab ... Rekab: Jer 35:6-19

<sup>s</sup>10:15 Is ... jou is: Die Hebreuse idioom kan vertaal word: “Is jou hart reg soos wat my hart is met jou hart?”

<sup>t</sup>10:15 Daarop sê Jehu: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*10:17 2 Kon 9:8

\*10:18 Jehu: 2 Kon 10:1

<sup>u</sup>10:18 Baäl: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

\*10:18 Agab ... gedien: 1 Kon 16:30-33

\*10:19 profete van Baäl: 1 Kon 18:19,40



<sup>21</sup> Daarop het Jehu boodskappers deur die hele Israel gestuur, en al die dienaars van Baäl het gekom. Daar was niemand in die land<sup>v</sup> oor wat nie gekom het nie. Hulle het toe in Baäl se tempel\* ingegaan. Die tempel van Baäl was van hoek tot kant gevul. <sup>22</sup> Jehu sê toe vir die een wat in beheer was van die klerekamer: “Bring klere vir al die dienaars van Baäl.” Hy het vir hulle die feesklere uitbring.

<sup>23</sup> Jehu en Jonadab, seun van Rekab, het die tempel van Baäl binnegegaan. Toe sê hy vir die dienaars van Baäl: “Maak doodseker en sien toe dat hier nie dienaars van die HERE saam met julle is nie, maar alleen die dienaars van Baäl.”

<sup>24</sup> Toe hulle ingegaan het om maaltydoffers en brandoffers te bring, het Jehu buite vir hom tagtig man opgestel en gesê: “Die man wat enige van die manne wat ek in julle hande oorlewer, laat vrykom — sy lewe sal geneem word in die plek van die een wat vrykom.”\*

<sup>25</sup> Toe hy klaar die brandoffer gebring het, sê Jehu vir die hardlopers<sup>w</sup> en die •adjudante: “Gaan in, vel hulle neer! Niemand mag uitgaan nie!”\* Hulle het hulle toe neergevel met die skerpte van die swaard. Die hardlopers en adjudante het hulle uitgegooi en deurgedring tot in die woondeel van die tempelkompleks<sup>x</sup> van Baäl. <sup>26</sup> Hulle het die gedenkstone

---

<sup>v</sup>**10:21 in die land:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\* **10:21 Baäl se tempel:** 1 Kon 16:32

\* **10:24 Die ... wat vrykom:** Vgl 1 Kon 20:39,42

<sup>w</sup>**10:25 hardlopers:** Dit was persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

\* **10:25 Gaan ... uitgaan nie:** 1 Kon 18:40

<sup>x</sup>**10:25 woondeel ... tempelkompleks:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan ook vertaal word: “die stad van die tempel”. Sommige verklaarders vermoed dat daar 'n skryffout in die teks is.

uit die tempel van Baäl uitgebring en dit in die vuur gegooi.<sup>y</sup> <sup>27</sup> Hulle het die gedenksteen van Baäl<sup>z</sup> afgebreek, ook die tempel van Baäl afgebreek en dit tot vandag toe plekke vir ontlasting gemaak.

### Jehu koning van Israel

<sup>28</sup> Jehu\* het Baäl<sup>a</sup> uit Israel verdelg. <sup>29</sup> Maar die sondes van Jerobeam,<sup>b</sup> seun van Nebat, die sondes waarmee hy Israel laat sondig het, daarvan het Jehu nie afgewyk nie — die goue kalwers wat in Bet-El en Dan was.

<sup>30</sup> Die HERE het toe vir Jehu gesê: “Jy het goed gedoen deur uit te voer wat reg is in my oë. Alles wat Ek in gedagte gehad het<sup>c</sup> vir die huis van Agab, het jy uitgevoer.\* Daarom sal daar vir jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit.\*” <sup>31</sup> Jehu het egter nie daarby gehou om die wet van die HERE, die God van Israel, met sy hele hart te volg nie. Hy het nie afgewyk van die sondes van Jerobeam waarmee hy Israel laat sondig het nie.

<sup>32</sup> \*In daardie tyd het die HERE begin om dele van Israel af te sny. Gasael het hulle verslaan in die hele gebied van Israel <sup>33</sup> \*vanaf die Jordaan ooswaarts: die hele gebied van Gilead waar die stamme van

---

<sup>y</sup>10:26 in ... gegooi: Letterlik ‘gebrand’.

<sup>z</sup>10:27 gedenksteen van Baäl: 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

\*10:28 Jehu: 2 Kon 10:1

<sup>a</sup>10:28 Baäl: Vgl voetnoot in 2 Kon 10:18.

<sup>b</sup>10:29 sondes van Jerobeam: Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

<sup>c</sup>10:30 wat Ek ... gehad het: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “wat in my hart was”.

\*10:30 Alles ... uitgevoer: 1 Kon 21:12-24,29; 2 Kon 9:6-10

\*10:30 Daarom ... sit: 2 Kon 15:12

\*10:32-33 2 Kon 13:23; 14:25

\*10:33 Vgl Deut 2:36

Gad, Ruben en Manasse was, van Aroër af, wat langs die Arnondal lê — Gilead, sowel as Basan.

<sup>34</sup> Die verdere geskiedenis van Jehu, alles wat hy gedoen het, al sy magtige daade, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>d</sup> van die konings van Israel nie? <sup>35</sup> Jehu het by sy voorouers gaan rus en hy is in Samaria begrawe. Sy seun Joahas het in sy plek koning geword.

<sup>36</sup> Die tydperk wat Jehu in Samaria<sup>e</sup> as koning geheers het oor Israel, was agt-en-twintig jaar.

## 11

### Atalia se dood

<sup>1</sup> \*Toe Atalia, Ahasia\* se ma,\* sien dat haar seun dood is, het sy daartoe oorgegaan om die hele koninklike geslag om die lewe te bring.

<sup>2</sup> Jehoseba, 'n dogter van koning Jehoram,<sup>f\*</sup> Ahasia se suster, het egter vir Jehoas,<sup>g</sup> Ahasia se seun,\* tussen die koning se seuns wat doodgemaak sou word, uit gesteel en hom en sy oppasser na 'n

---

<sup>d</sup>**10:34 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

<sup>e</sup>**10:36 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

\***11:1-21** Vgl 2 Kon 22:10 — 23:21

\***11:1 Ahasia:** 2 Kon 8:24-27; 9:27

\***11:1 Atalia ... ma:** 2 Kon 8:18,26

<sup>f</sup>**11:2 Jehoram:** Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

\***11:2 Jehoram:** 1 Kon 22:51; 2 Kon 8:16-18,23-24

<sup>g</sup>**11:2 Jehoas:** Die name Joas en Jehoas kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

\***11:2 Jehoas ... seun:** 2 Kon 11:2,21

slaapkamer geneem. Sy het hom weggesteek vir Atalia, sodat hy nie doodgemaak is nie. <sup>3</sup> Saam met haar is hy ses jaar lank versteek in die huis van die HERE, terwyl Atalia oor die land regeer het. <sup>4</sup> Maar in die sewende jaar het Jojada\* iemand gestuur en die aanvoerders van honderd van die Kariërs<sup>h</sup> en die hardlopers<sup>i</sup> laat haal. Hy het hulle by hom in die huis van die HERE ingeneem, met hulle 'n ooreenkoms gesluit en hulle 'n eed laat aflê in die huis van die HERE. Daarna het hy hulle die koning se seun gewys. <sup>5</sup> Hy het hulle beveel: “Dit is wat julle moet doen: Van julle wat op die Sabbat aan diens is — dit is die derde wat gewoonlik wagstaan by die paleis van die koning, <sup>6</sup> die derde wat by die Surpoort<sup>j</sup> is, asook die derde wat in die poort agter die hardlopers<sup>k</sup> is — moet om die beurt wag hou by die paleis. <sup>7</sup> Die ander twee afdelings van julle, almal wat op die Sabbat van diens af is, moet wag hou by die huis van die HERE, by die koning. <sup>8</sup> Julle moet rondom die koning stelling inneem, elkeen met sy wapens in sy hand. Die een wat deur die kordon wil breek, moet doodgemaak word. Julle moet by die koning wees, wanneer hy uitgaan en wanneer hy ingaan.”

<sup>9</sup> Die aanvoerders van honderd het presies gedoen wat Jojada, die priester, beveel het. Elkeen het sy manne geneem, dié wat op die Sabbat aan diens was saam met dié wat op die Sabbat van diens af was, en na

---

\***11:4 Jojada:** 2 Kon 12:2

<sup>h</sup>**11:4 Kariërs:** Dit was 'n groep wat as lyfwag van die koning opgetree het.

<sup>i</sup>**11:4 hardlopers:** Dit was persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

<sup>j</sup>**11:6 Surpoort:** Daar is onsekerheid oor die posisie van hierdie toegang tot die paleis- en tempelkompleks. Sommige verklaarders wysig dit na “die Perdepoort”; vgl 2 Kon 11:16.

<sup>k</sup>**11:6 poort ... hardlopers:** Hierdie poort was aan die suidekant van die tempel en het vanaf die paleis toegang verleen na die tempel terrein; vgl 2 Kon 11:19.

die priester Jojada gegaan. <sup>10</sup> Die priester het toe die vegspiese en rondeskilde wat aan koning Dawid behoort het\* en in die huis van die HERE was, vir die aanvoerders van honderd gegee. <sup>11</sup> Die hardlopers het elkeen met sy wapens in sy hand vanaf die regterkant van die tempel tot aan die linkerkant van die tempel<sup>1</sup> gaan staan, voor die altaar en voor die tempelgebou, rondom die koning.

<sup>12</sup> Toe bring Jojada die seun van die koning uit en plaas die diadeem<sup>m</sup> en koninklike simbole<sup>n</sup> op hom. Hulle het hom koning gemaak, hom gesalf, hande geklap en uitgeroep: “Lank lewe die koning!”

<sup>13</sup> Toe Atalia die uitroep van die hardlopers en die volk hoor, het sy na die volk in die huis van die HERE gegaan. <sup>14</sup> Sy sien toe, sowaar, daar staan die koning by die pilaar, soos dit die gebruik was, en die aanvoerders met die trompette by die koning, en al die volk van die land, wat bly is en op trompette blaas! Toe skeur Atalia haar klere en roep uit: “Verraad! Verraad!”

<sup>15</sup> Die priester Jojada gee toe die aanvoerders van honderd, die bevelvoerders van die leër, opdrag en sê vir hulle: “Bring haar uit die tempel uit na die kordon, en maak dié wat agter haar aankom, met die swaard dood. Ja, die priester het gesê, ‘Sy moet nie in die huis van die HERE doodgemaak word nie.’ ” <sup>16</sup> Hulle het haar beetgepak, en toe sy die

---

\***11:10 vegspiese ... behoort het:** 2 Sam 8:7

<sup>1</sup>**11:11 vanaf ... tempel:** Kan ook vertaal word: “vanaf die suidekant van die tempel tot aan die noordekant van die tempel.” Dit verwys na die tempelplein of binneste voorhof, waar die brandofferaltaar was, aan die oostekant van die tempelgebou; vgl 1 Kon 6:36.

<sup>m</sup>**11:12 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

<sup>n</sup>**11:12 koninklike simbole:** Letterlik ‘getuienis’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in hierdie verband. Sommige verklaarders meen dat dit 'n boekrol was met die geboorte wat die koning gereeld moes lees; vgl Deut 17:18-20.

koninklike paleis met die ingang waardeur die perde gaan, bereik, is sy daar doodgemaak.

<sup>17</sup>\*Daarop het Jojada 'n verbond gesluit tussen die HERE aan die een kant en die koning en die volk aan die ander kant, dat hulle die volk van die HERE sou wees; asook 'n verbond tussen die koning en die volk. <sup>18</sup>\*Die hele volk van die land het toe die tempel van Baäl<sup>o</sup> binnegegaan en dit afgebreek. Sy altare en sy beelde het hulle heeltemal stukkend gebreek. Vir Mattan, die priester van Baäl, het hulle voor die altare doodgemaak.

Daarna het die priester Jojada opsigters oor die huis van die HERE aangestel. <sup>19</sup>Hy het die aanvoerders van honderd, die Kariërs, die hardlopers en al die volk van die land geneem, en hulle het die koning uit die huis van die HERE afgebring. Hulle het met die pad deur die poort van die hardlopers die paleis van die koning binnegegaan. Hy het toe op die koninklike troon gaan sit. <sup>20</sup>Al die volk van die land was verheug, en die stad was rustig, al het hulle Atalia met die swaard doodgemaak in die paleis van die koning. <sup>21</sup><sup>p</sup>Jehoas was sewe jaar oud\* toe hy koning geword het.

---

\*11:17 Vgl Jos 24:25; 2 Sam 5:3; 2 Kron 34:31

\*11:18 Vgl 2 Kon 10:21,26

<sup>o</sup>11:18 Baäl: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

<sup>p</sup>11:21 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie vers as 2 Kon 12:1.

\*11:21 sewe jaar oud: 2 Kon 11:2-3

# 12

## Jehoas koning van Juda

<sup>1 q\*\*</sup>In die sewende regeringsjaar van Jehu<sup>\*</sup> het Jehoas<sup>r</sup> koning geword, en hy het veertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Sibja, uit Berseba.<sup>\*</sup> <sup>2</sup> Jehoas het gedoen wat reg is in die oë van die HERE solank as wat die priester Jojada<sup>\*</sup> hom onderrig het. <sup>3</sup> Net die offerhoogtes<sup>s</sup> is nie verwyder nie. Die volk het nog steeds geslag en offers verbrand op die offerhoogtes.

<sup>4</sup> Toe sê Jehoas vir die priesters: “Al die silwer van die heilige gawes<sup>t</sup> wat na die huis van die HERE gebring word, die losgeld by 'n volkstelling,<sup>u</sup> die geld van die loskoopwaardes van persone,<sup>v</sup> asook

---

<sup>q</sup>**12:1-21** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 12:2-22.

<sup>\*</sup>**12:1-16** 2 Kron 24:1-14

<sup>\*</sup>**12:1** 2 Kon 11:21; 2 Kron 24:1

<sup>\*</sup>**12:1 Jehu:** 1 Kon 19:16; 2 Kon 9:2-3,6,13; 10:35-36; 2 Kron 22:7

<sup>r</sup>**12:1 Jehoas:** Die name Joas en Jehoas kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

<sup>\*</sup>**12:1 Berseba:** Gen 21:31; 22:19

<sup>\*</sup>**12:2 priester Jojada:** 2 Kon 11:4-12

<sup>s</sup>**12:3 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare; vgl 1 Kon 14:23.

<sup>t</sup>**12:4 heilige gawes:** Dit was offergawes, diere en produkte wat die Israëliete vir die HERE na die •tempel gebring het. Die priesters kon dit huis toe neem vir hulle gesinne; vgl Num 18:11-19.

<sup>u</sup>**12:4 losgeld ... volkstelling:** Letterlik ‘die silwer van die oorgaan van 'n man’; vgl Eks 30:13 waar die sensus letterlik genoem word ‘oorgaan na die geteldes’.

<sup>v</sup>**12:4 geld ... persone:** Letterlik ‘die silwer van persone, sy loskoopwaarde’; vgl Lev 27:1-8.

enige geld wat iemand graag na die huis van die HERE wil bring, <sup>5</sup> moet die priesters neem, elkeen van sy penningmeester.<sup>w</sup> Hulle moet dan self die bouvallige plekke in die tempel herstel, elke bouvallige plek wat gevind kon word.”

<sup>6</sup> In die drie-en-twintigste regeringsjaar van koning Jehoas het die priesters egter nog nie die bouvallige plekke in die tempel herstel nie.

<sup>7</sup> \*Koning Jehoas ontbied toe die priester Jojada en die ander priesters, en sê vir hulle: “Waarom herstel julle nie die bouvallige plekke in die tempel nie? Julle moet dan nou nie meer geld neem van julle penningmeesters nie, maar dit moet vir die herstel van die bouvallige plekke in die tempel oorhandig word.” <sup>8</sup> Die priesters het toe ingestem om nie enige geld van die volk in ontvangs te neem nie, en om nie die bouvallige plekke in die tempel te herstel nie.

<sup>9</sup> \*Die priester Jojada het 'n kis geneem, 'n gat in die deksel geboor en dit langs die altaar neergesit, aan die regterkant, soos mens die huis van die HERE binnegaan. Die priesters wat deurwagters was, het al die geld wat in die huis van die HERE ingebring is, daarin geplaas. <sup>10</sup> Sodra hulle gesien het dat daar baie geld in die kis is, het die sekretaris van die koning saam met die hoëpriester<sup>x</sup> opgegaan na die tempel,<sup>y</sup> die geld

---

<sup>w</sup>**12:5 penningmeester:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Dit kan ook vertaal word: “verkoper”, en verwys waarskynlik na die tempelpersoneel wat geld ontvang in ruil vir offerdiere. Sommige gee dit weer as: “bekende” of “weldoener”.

\***12:7-8** Vgl 2 Kon 22:4-5

\***12:9** 2 Kron 24:8; Mark 12:41; Luk 21:1

<sup>x</sup>**12:10 hoëpriester:** Jojada, 2 Kron 24:6.

<sup>y</sup>**12:10 na die tempel:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.



in 'n sak<sup>z</sup> toegebind, en die geld getel wat in die huis van die HERE gevind is. <sup>11</sup> Hulle het die geld, waarvan die waarde vasgestel is, oorhandig aan die werksvoormanne wat by die huis van die HERE aangestel was. Hulle het dit dan uitgekeer aan die skrynwerkers en bouers wat aan die huis van die HERE gewerk het, <sup>12</sup> en ook aan die messelaars en die klipkappers om hout en gekapte klip te koop, om daarmee die bouvallige plekke in die huis van die HERE te herstel. Ja, dit was vir die herstelwerk, vir alle uitgawes aan die huis van die HERE.

<sup>13</sup> \*Daar is egter nie vir die huis van die HERE silwerbakke, messe,<sup>a</sup> offerbakke<sup>b</sup> of trompette — enige goue of silwergereedskap — gemaak van die geld wat in die huis van die HERE ingebring is nie; <sup>14</sup> maar hulle het die geld aan die werksvoormanne oorhandig, en dié het daarmee die huis van die HERE herstel. <sup>15</sup> \*Hulle het geen rekenskap geëis van die manne aan wie hulle die geld oorhandig het om vir die werksvoormanne te gee nie, want hulle was betroubaar in hulle werk. <sup>16</sup> \*Die geld van die •hersteloffers en die geld van die •reinigingsoffers is nie ingeneem in die huis van die HERE nie; dit het aan die priesters behoort.

<sup>17</sup> \*In dié tyd het Gasaël, die koning van Aram, \* opgetrek, teen Gat

---

<sup>z</sup>**12:10 in 'n sak:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***12:13** 2 Kron 14:14; 1 Kon 7:50

<sup>a</sup>**12:13 messe:** Dit is gebruik om die lamppitte mee terug te sny.

<sup>b</sup>**12:13 offerbakke:** Dit verwys na houers wat in die •tempel gebruik is vir •drankoffers.

\***12:15** Vgl 2 Kon 22:7

\***12:16** Lev 7:7; Num 18:9

\***12:17-21** 2 Kron 24:23-27

\***12:17 Gasaël ... Aram:** 1 Kon 19:15,17; 2 Kon 8:12-13; 10:32

oorlog gevoer en dit ingeneem. Toe Gasael hom voorberei<sup>c</sup> om teen Jerusalem op te trek, <sup>18</sup> \*het Jehoas, koning van Juda, al die heilige gawes geneem wat sy voorvaders Josafat, Jehoram\* en Ahasia, konings van Juda, gewy het, asook sy eie heilige gawes en al die goud wat te vinde was in die skatkamers van die huis van die HERE en die paleis van die koning, en dit vir Gasael, koning van Aram, gestuur. Gasael het toe van Jerusalem af weggetrek.

<sup>19</sup> Die verdere geskiedenis van Jehoas en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>d</sup> van die konings van Juda nie? <sup>20</sup> Sy amptenare het in opstand gekom, 'n komplot gesmee en Jehoas neergevel in Bet-Millo, waar 'n mens afgaan na Silla. <sup>21</sup> \*Josabad, seun van Simat, en Josabad, seun van Somer, sy amptenare, het hom neergevel, en hy het gesterf. Hy is begrawe by sy voorvaders in die stad van Dawid.\* Amasia, sy seun, het in sy plek koning geword.

---

<sup>c</sup>**12:17 hom voorberei:** Letterlik 'sy gesig (daarop) rig'.

\***12:18** Vgl 1 Kon 15:18-24; 2 Kon 18:15

\***12:18 Jehoram:** Vgl 2 Kon 11:2

<sup>d</sup>**12:19 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\***12:21** Vgl 2 Kron 24:26-27

\***12:21 stad van Dawid:** 2 Sam 5:9; 1 Kon 2:10; 8:1

### Joahas koning van Israel

<sup>1</sup> In die drie-en-twintigste jaar van Jehoas, \* seun van Ahasia, \* die koning van Juda, \* het Joahas, seun van Jehu, \* in Samaria<sup>e</sup> koning geword\* oor Israel, sewentien jaar lank. <sup>2</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het die sondes nagevolg van Jerobeam,<sup>f</sup> seun van Nebat, waarmee hy Israel laat sondig het; hy het nie daarvan afgewyk nie. <sup>3</sup> \*Die HERE het kwaad geword vir Israel en hulle oorgegee in die hand van Gasael, die koning van Aram, \* en in die hand van Ben-Hadad, die seun van Gasael, \* gedurende daardie hele tyd. <sup>4</sup> Maar Joahas het die HERE se guns gesoek, en die HERE het na hom geluister, want Hy het die verdrukking van Israel raakgesien; ja, die koning van Aram het hulle onderdruk.

<sup>5</sup> Die HERE het toe vir Israel 'n verlosser gegee, en hulle het onder die hand van Aram uitgekom. Die Israeliete kon toe weer in hulle tente woon soos voorheen. <sup>6</sup> Maar hulle het nie afgewyk van die sondes van die huis van Jerobeam waarmee hy Israel laat sondig het nie. Daarmee

---

\*13:1 Jehoas: Vgl 2 Kon 12:20

\*13:1 Ahasia: 2 Kon 8:24-27; 9:27

\*13:1 Jehoas ... Juda: 2 Kon 11:2-3,21; 12:1,21

\*13:1 Jehu: 1 Kon 19:16; 2 Kon 9:2-3,6,13; 10:35-36; 2 Kron 22:7

<sup>e</sup>13:1 Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

\*13:1 Joahas ... geword: 2 Kon 10:35

<sup>f</sup>13:2 sondes ... Jerobeam: Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28.

\*13:3-4 2 Kon 13:22-23; 17:18; vgl Rig 2:14

\*13:3 Gasael ... Aram: 1 Kon 19:15,17; 2 Kon 8:12,28

\*13:3 Ben-Hadad ... Gasael: 2 Kon 6:24

het Joahas volgehou. Selfs die asjera<sup>g</sup> het in Samaria bly staan. <sup>7</sup> Gasael het egter vir Joahas geen manskappe oorgelaat nie, behalwe vyftig perde en tien strydwaens, en tien afdelings<sup>h</sup> voetsoldate. Ja, die koning van Aram het hulle ten gronde laat gaan, hy het hulle gemaak soos stof wat 'n mens vertrap.

<sup>8</sup> Die verdere geskiedenis van Joahas, alles wat hy gedoen het, en sy magtige daade, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>i</sup> van die konings van Israel nie? <sup>9</sup> Joahas het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in Samaria begrawe. Sy seun Joas<sup>j</sup> het in sy plek koning geword.

### Joas koning van Israel

<sup>10</sup> In die sewe-en-dertigste regeringsjaar van Jehoas, die koning van Juda, \* het Joas, seun van Joahas, \* in Samaria koning geword oor Israel, \* sestien jaar lank. <sup>11</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het nie afgewyk van al die sondes waarmee Jerobeam, \* seun van Nebat, Israel laat sondig het nie. Hy het daarmee volgehou. <sup>12</sup> Die verdere geskiedenis van Joas, alles wat hy gedoen het, en sy magtige

---

<sup>g</sup>**13:6 asjera:** 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdienst gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

<sup>h</sup>**13:7 10 afdelings:** Kan ook vertaal word: “tienduisend”.

<sup>i</sup>**13:8 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

<sup>j</sup>**13:9 Joas:** Die name Joas en Jehoas kom in die brontekste afwisselend voor vir hierdie koning van Israel, en ook vir 'n koning van Juda. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

\* **13:10 Jehoas, die ... Juda:** 2 Kon 13:1

\* **13:10 Joahas:** 2 Kon 13:1

\* **13:10 Joas, seun ... Israel:** 2 Kon 13:9,13; 14:8-16; 2 Kron 25:17-24

\* **13:11 sondes ... Jerobeam:** 2 Kon 13:2

dade, hoe hy geveg het teen Amasia, die koning van Juda,<sup>\*\*</sup> is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>k</sup> van die konings van Israel nie? <sup>13</sup> Joas het by sy voorouers gaan rus. Toe het Jerobeam op sy troon gaan sit. Joas is in Samaria begrawe by die konings van Israel.

### Elisa se dood

<sup>14</sup> Elisa was reeds siek aan die kwaal waaraan hy sou sterf. Joas,<sup>\*</sup> die koning van Israel,<sup>\*</sup> het na hom toe afgegaan, in sy teenwoordigheid<sup>l</sup> gehuil en gesê: “My vader, my vader, strydwa van Israel en sy perde!”<sup>\*</sup>

<sup>15</sup> Elisa sê toe vir hom: “Kry 'n boog en pyle!” Hy kry toe vir hom 'n boog en pyle. <sup>16</sup> Daarop sê hy vir die koning van Israel: “Hou die boog gereed!” Toe hy dit gereedhou, lê Elisa sy hande op die koning se hande. <sup>17</sup> Hy sê toe: “Maak die venster aan die oostekant oop!” Hy het dit oopgemaak. Daarop sê Elisa: “Skiet!” Hy skiet toe. “'n Pyl van oorwinning vir die HERE, 'n pyl van oorwinning teen Aram,” het Elisa gesê. “Jy sal Aram in Afek<sup>\*</sup> heeltemal verslaan.” <sup>18</sup> Daarop sê hy: “Neem die pyle!” Hy het dit geneem. “Slaan teen die grond!” sê hy toe vir die koning van Israel. Hy slaan toe drie maal en hou op. <sup>19</sup> Die man van God was woedend vir hom en sê: “Jy moes vyf of ses keer geslaan het, dan sou jy Aram heeltemal verslaan het; maar nou sal jy Aram net drie keer verslaan.” <sup>20</sup> Elisa het toe gesterf en hulle het hom begrawe.

---

<sup>\*</sup> 13:12 Amasia ... Juda: 2 Kon 12:21; 14:1-3,17-19; 2 Kron 25:1-2,25-27

<sup>\*</sup> 13:12 hoe ... Juda: 2 Kon 14:8-14; 2 Kron 25:17-24

<sup>k</sup> 13:12 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 13:8.

<sup>\*</sup> 13:14 Joas: 2 Kon 13:9-10

<sup>\*</sup> 13:14 Joas ... Israel: 2 Kon 13:10

<sup>l</sup> 13:14 in sy teenwoordigheid: Die •bronteks lui: “by sy gesig”.

<sup>\*</sup> 13:14 My vader ... perde: 2 Kon 2:12

<sup>\*</sup> 13:17 Afek: 1 Kon 20:26,30

Moabitiese roofbendes\* het met die aanbreek van die jaar die land binnegeval. <sup>21</sup> Terwyl mense besig was om 'n man te begrawe, sien hulle skielik die bende. Hulle gooi toe die man in die graf van Elisa en gee pad. Toe die man aan Elisa se beendere raak, het hy lewendig geword en regop gaan staan.

### Oorwinning oor die Arameërs

<sup>22</sup> \*Gasael, die koning van Aram, het Israel verdruk vir die volle regeringstyd van Joahas.\* <sup>23</sup> Maar die HERE was hulle genadig. Hy het Hom oor hulle ontferm en Hom na hulle gekeer ter wille van sy verbond met Abraham, Isak en Jakob.\* Hy wou hulle nie vernietig nie en het hulle nie uit sy teenwoordigheid verdryf nie — tot nou toe.

<sup>24</sup> Toe Gasael, die koning van Aram, sterf, het sy seun Ben-Hadad\* in sy plek koning geword. <sup>25</sup> Joas, seun van Joahas,\* het die dorpe teruggeneem uit die hand van Ben-Hadad, seun van Gasael, wat hy in die oorlog afgeneem het by Joahas, Joas se pa. Drie maal het Joas hom verslaan\* en die dorpe van Israel herower.

---

\* **13:20 Moabitiese roofbendes:** Vgl 2 Kon 1:1; 3:7

\* **13:22** 1 Kon 19:15; 2 Kon 8:12-13,15; 10:32; 12:17; 13:3-4

\* **13:22 Joahas:** 2 Kon 13:1

\* **13:23 verbond ... Jakob:** Gen 17:7-8; Eks 2:24; Ps 105:8-13; 106:45; vgl Eseg 16:60

\* **13:24 Ben-Hadad:** 2 Kon 6:24; 8:7-15

\* **13:25 Joas ... Joahas:** 2 Kon 13:10

\* **13:25 Drie ... verslaan:** 2 Kon 13:18-19

# 14

## Amasia koning van Juda

<sup>1</sup> \*In die tweede regeeringsjaar van Joas, seun van Joahas,\* die koning van Israel,\* het Amasia, seun van Jehoas,<sup>m\*</sup> die koning van Juda\* geword. <sup>2</sup> \*Hy was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het nege-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jehoaddan, uit Jerusalem. <sup>3</sup> Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, maar nie soos sy voorvader Dawid nie. Hy het presies gedoen wat sy pa Jehoas gedoen het — <sup>4</sup> \*net die offerhoogtes<sup>n</sup> is nie verwyder nie. Die volk het nog steeds geslag en offers verbrand by die offerhoogtes.

<sup>5</sup> Pas nadat hy die koningskap stewig in sy hand gehad het, het hy sy amptenare tereggestel — dié wat sy pa, die koning, vermoor het. <sup>6</sup> \*Die moordenaars se kinders het hy egter nie laat doodmaak nie, soos geskryf is in die •boekrol met die Wet van Moses, waar die HERE beveel:

---

\*14:1-6 2 Kron 25:1-4

\*14:1 Joahas: 2 Kon 10:35; 13:4-9

\*14:1 Joas, seun ... Israel: 2 Kon 13:9-10,13; 14:8-16; 2 Kron 25:17-24

<sup>m</sup>14:1 Joas ... Jehoas: Die name Joas en Jehoas kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

\*14:1 Amasia ... Jehoas: 2 Kon 11:2-3,21; 12:1,21

\*14:1 Amasia ... Juda: 2 Kon 12:21; 14:17-19; 2 Kron 25:25-27

\*14:2 2 Kron 25:1

\*14:4 2 Kon 12:3; 15:4,35

<sup>n</sup>14:4 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

\*14:6 Jer 31:29-30; Eseg 18:2,4,20

“Ouers mag nie doodgemaak word oor kinders nie, en kinders mag nie doodgemaak word oor ouers nie; maar elkeen moet vir sy eie sonde sterf.”\* <sup>7</sup> \*Hy is die een wat tienduisend Edomiete in die Soutvallei verslaan het.\* <sup>8</sup> Hy het Sela in die geveg verower, en dit die naam Jokteël gegee, soos dit vandag nog is.

<sup>8</sup> In dié tyd het Amasia boodskappers na Joas, seun van Joahas, seun van Jehu, die koning van Israel, gestuur om vir hom te sê: “Kom ons kyk mekaar in die oë.” <sup>9</sup> \*Maar Joas, die koning van Israel, het vir Amasia, die koning van Juda, laat weet: “Die sydissel wat op die Libanon is, het vir die seder wat op die Libanon is, laat weet, ‘Gee jou dogter aan my seun as vrou.’ Die wilde diere wat op die Libanon is, het egter verbygegaan en die sydissel vertrap. <sup>10</sup> Jy het inderdaad die Edomiete 'n nederlaag toegedien, en jou hart is opgetoë. Geniet die eer en bly tuis! Waarom wil jy jouself in die ongeluk dompel en tot 'n val kom, jy en Juda saam met jou?”

<sup>11</sup> Amasia het egter nie geluister nie. Joas, die koning van Israel, trek toe op en hy en Amasia, die koning van Juda, het mekaar in die oë gekyk by Bet-Semes, wat aan Juda behoort. <sup>12</sup> Maar Juda is voor Israel verslaan, en hulle het elkeen na sy tente gevlug. <sup>13</sup> \*En wat Amasia, seun van Jehoas, seun van Ahasia, die koning van Juda\* betref — Joas, die koning van Israel, het hom in Bet-Semes gevange geneem. Joas het Jerusalem binnegegaan en die stadsmuur van Jerusalem afgebreek, van

---

\*14:6 Ouers mag ... sterf: Deut 24:16

\*14:7-14 2 Kron 25:17-24

\*14:7 Hy is ... verslaan het: 2 Kron 25:11; vgl 2 Sam 8:13; 1 Kron 18:12

<sup>o</sup>14:8 kyk ... oë: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “kyk na mekaar (se) gesigte”. Dit was die uitdaging tot 'n geveg of oorlog om te sien wie die sterkste is.

\*14:9 Vgl Rig 9:8-15

\*14:13 2 Kron 25:23

\*14:13 Ahasia ... Juda: 2 Kon 8:24-27; 9:27



die Efraimspoort\* tot by die Hoekpoort\* — vierhonderd el.<sup>p</sup> <sup>14</sup> Hy het al die goud en silwer geneem, en al die voorwerpe wat in die huis van die HERE en in die skatkamers van die koning se paleis te vinde was, saam met gyselaars, en na Samaria\* teruggekeer.

### Joas se dood

<sup>15</sup> \*Die verdere geskiedenis van Joas, alles wat hy gedoen het, en sy magtige daade, hoe hy teen Amasia, die koning van Juda oorlog gevoer het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>q</sup> van die konings van Israel nie? <sup>16</sup> Joas het by sy voorouers gaan rus, en hy is in Samaria begrawe by die konings van Israel. Jerobeam, sy seun, het in sy plek koning geword.

### Amasia se dood

<sup>17</sup> \*\*Amasia, seun van Jehoas, die koning van Juda, het ná die dood van Joas,<sup>r</sup> seun van Joahas, die koning van Israel, nog vyftien jaar lank geleef. <sup>18</sup> Die verdere geskiedenis van Amasia, is dit nie opgeteken in die

---

\*14:13 Efraimspoort: Neh 8:17; 12:39

\*14:13 Hoekpoort: Jer 31:38; Sag 14:10

<sup>p</sup>14:13 400 el: Ongeveer 180 m; •Lengtemate.

\*14:14 Samaria: 1 Kon 16:23-24

\*14:15 2 Kon 13:12-13

<sup>q</sup>14:15 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\*14:17-22 2 Kron 25:26 — 26:2

\*14:17 2 Kon 14:1

<sup>r</sup>14:17 Jehoas ... Joas: Die name Jehoas en Joas kom in die bronteks afwisselend voor vir 'n koning van Juda, en ook vir hierdie koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoas gebruik vir die koning van Juda, en Joas vir die koning van Israel.

boekrol met die kronieke<sup>s</sup> van die konings van Juda nie?

<sup>19</sup>Toe daar in Jerusalem 'n komplot teen hom gesmee is, het hy na Lagis gevlug. Maar hulle het manne agter hom aangestuur na Lagis, en dié het hom daar doodgemaak. <sup>20</sup>Hulle het hom op perde vervoer, en hy is in Jerusalem begrawe by sy voorouers in die stad van Dawid. <sup>21</sup>Die hele bevolking van Juda het toe vir Asarja<sup>t</sup> geneem — hy was sestien jaar oud — en hom koning gemaak in die plek van sy pa Amasia. <sup>22</sup>Hy is die een wat Elat<sup>\*</sup> herbou en teruggebring het onder Juda se beheer, nadat die koning by sy voorouers gaan rus het.

### **Jerobeam II koning van Israel**

<sup>23</sup>In die vyftiende regeringsjaar van Amasia,<sup>\*</sup> seun van Jehoas, die koning van Juda,<sup>\*</sup> het Jerobeam, seun van Joas, die koning van Israel,<sup>\*</sup> in Samaria<sup>u</sup> koning geword,<sup>\*</sup> een-en-veertig jaar lank. <sup>24</sup>Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het nie afgewyk van al die sondes van Jerobeam,<sup>v</sup> seun van Nebat, waarmee hy Israel laat sondig het nie. <sup>25</sup>Hy is die een wat die gebied van Israel herstel het, van Lebo-Hamat af tot by die see van die Araba,<sup>w</sup> volgens die woord van die

---

<sup>s</sup>**14:18 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 2 Kon 14:15.

<sup>t</sup>**14:21 Asarja:** Ook genoem Ussia in 2 Kon 15:13 en 2 Kron 26:1-23.

<sup>\*</sup>**14:22 Elat:** 2 Kon 16:6

<sup>\*</sup>**14:23 Amasia:** 2 Kon 14:1

<sup>\*</sup>**14:23 Jehoas ... Juda:** 2 Kon 13:9-12

<sup>\*</sup>**14:23 Joas ... Israel:** 2 Kon 14:1

<sup>u</sup>**14:23 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

<sup>\*</sup>**14:23 Jerobeam ... geword:** 2 Kon 13:13

<sup>v</sup>**14:24 sondes ... Jerobeam:** Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28.

<sup>w</sup>**14:25 see ... Araba:** Die Dooie See.

HERE, die God van Israel, wat Hy gespreek het deur sy dienskneg Jona, seun van Amittai,\* die profeet wat uit Gat-Gefer gekom het.<sup>26</sup> Die HERE het immers gesien dat die ellende van Israel baie bitter was. Dit was klaarpraat met wie gevange geneem is en wie vrygelaat is;<sup>x</sup> en daar was geen helper vir Israel nie.<sup>27</sup> Die HERE het nie te kenne gegee dat Hy Israel se naam onder die hemel sou uitwis nie, en Hy het hulle verlos deur die hand van Jerobeam, seun van Joas.

<sup>28</sup> Die verdere geskiedenis van Jerobeam, alles wat hy gedoen het, en sy magtige daade, hoe hy oorlog gevoer het, en hoe hy Damaskus\* en Hamat,\* wat in Juda is, aan Israel terugbesorg het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>y</sup> van die konings van Juda nie?

<sup>29</sup> Jerobeam het by sy voorouers gaan rus, by die konings van Israel. Sagaria, sy seun, het in sy plek koning geword.

## 15

### Asarja koning van Juda

<sup>1</sup> \*In die sewe-en-twintigste regeringsjaar van Jerobeam, die koning van Israel,\* het Asarja,<sup>z</sup> seun van Amasia, die koning van Juda,\* koning geword.\*<sup>2</sup> \*Hy was sestien jaar oud toe hy koning geword het, en hy het

---

\*14:25 Jona ... Amittai: Jona 1:1

<sup>x</sup>14:26 wie gevange ... vrygelaat is: Die Hebreeuse idioom dui daarop dat almal ingesluit is.

\*14:28 Damaskus: 2 Sam 8:5-6; 1 Kon 11:23-25

\*14:28 Hamat: 1 Kon 8:65; 2 Kon 17:24; 23:33; 25:21

<sup>y</sup>14:28 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 14:15.

\*15:1-3 2 Kron 26:1-5

\*15:1 Jerobeam ... Israel: 2 Kon 14:23-28

<sup>z</sup>15:1 Asarja: Ook genoem Ussia in 2 Kon 15:13 en Kron 26:1-23

\*15:1 Amasia ... Juda: 2 Kon 12:21; 14:17-19; 2 Kron 25:25-27

\*15:1 Asarja ... geword: 2 Kon 14:21

\*15:2 2 Kron 26:3

twee-en-vyftig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jekolja, uit Jerusalem. <sup>3</sup> Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, presies soos sy pa Amasia gedoen het — <sup>4</sup> net die offerhoogtes<sup>a</sup> is nie verwyder nie. Die volk het nog steeds geslag en offers verbrand by die offerhoogtes. <sup>5</sup> \*Die HERE het die koning getref, en hy het 'n velsiekte<sup>b</sup> gehad tot die dag van sy dood. Hy het in 'n plek van afsondering<sup>c</sup> gewoon, en Jotam, die seun van die koning, was hoof van die hofhouding en het reg gespreek oor die volk van die land.

<sup>6</sup> Die verdere geskiedenis van Asarja en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>d</sup> van die konings van Juda nie? <sup>7</sup> Asarja het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die stad van Dawid\* by sy voorouers begrawe. Jotam, sy seun, het in sy plek koning geword.

### Sagaria koning van Israel

<sup>8</sup> In die agt-en-dertigste regeringsjaar van Asarja, die koning van Juda,\* het Sagaria, seun van Jerobeam,\* koning geword\* oor Israel in Samaria,<sup>e</sup>

---

<sup>a</sup>**15:4 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

\***15:5-7** 2 Kron 26:19-23

<sup>b</sup>**15:5 velsiekte:** Dit was enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak; vgl Lev 13:45-46.

<sup>c</sup>**15:5 plek van afsondering:** Letterlik “n huis van vryheid”. Dit word gewoonlik vertaal: “n afgesonderde huis”, maar kan ook beteken “n plek vry van staatspligte”.

<sup>d</sup>**15:6 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\***15:7 stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

\***15:8 Asarja ... Juda:** 2 Kon 15:1

\***15:8 Jerobeam:** 2 Kon 14:23-28

\***15:8 Sagaria ... geword:** 2 Kon 14:29

<sup>e</sup>**15:8 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

ses maande lank. <sup>9</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, net soos sy voorvaders gedoen het. Hy het nie afgewyk van die sondes van Jerobeam,<sup>f</sup> seun van Nebat, waarmee hy Israel laat sondig het nie. <sup>10</sup> Sallum, seun van Jabes, het 'n komplot teen hom gesmee, hom voor die volk<sup>g</sup> neergevel en doodgemaak, en in sy plek koning geword.

<sup>11</sup> Die verdere geskiedenis van Sagaria, kyk, dit is opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>h</sup> van die konings van Israel. <sup>12</sup> Dit was die vervulling van die woord van die HERE wat Hy tot Jehu gespreek het: “Daar sal vir jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit.”\* Dit was toe so.

### Sallum koning van Israel

<sup>13</sup> Sallum, seun van Jabes, het koning geword\* in die nege-en-dertigste regeringsjaar van Ussia,<sup>i</sup> die koning van Juda. Hy het 'n maand lank in Samaria<sup>j</sup> regeer. <sup>14</sup> Menahem, seun van Gadi, het opgetrek uit Tirsa\* en in Samaria\* aangekom. Hy het Sallum, seun van Jabes, in Samaria neergevel en doodgemaak, en in sy plek koning geword.

<sup>15</sup> Die verdere geskiedenis van Sallum en die komplot wat hy gesmee het,\*

---

<sup>f</sup>**15:9 sondes van Jerobeam:** Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28.

<sup>g</sup>**15:10 voor die volk:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. 'n Groep mss van die •Septuagint lui: “in Jibleam”.

<sup>h</sup>**15:11 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.

\***15:12 Daar ... sit:** 2 Kon 10:30

\***15:13 Sallum ... geword:** 2 Kon 15:10

<sup>i</sup>**15:13 Ussia:** Ook genoem Asarja in 2 Kon 14:21; 15:1,17,23,27.

<sup>j</sup>**15:13 Samaria:** Vgl voetnoot in 2 Kon 15:8.

\***15:14 Tirsa:** 1 Kon 14:17; 15:21,33; 16:6,8

\***15:14 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

\***15:15 komplot ... het:** 2 Kon 15:10

kyk, dit is opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>k</sup> van die konings van Israel. <sup>16</sup> Menahem het in dié tyd Tifsag verwoes met alles wat daarin was, die hele gebied van Tirsa af. Omdat hulle nie vir hom oopgemaak het<sup>l</sup> nie, het hy verwoesting aangerig. Al die swanger vroue het hy oopgesny.\*

### Menahem koning van Israel

<sup>17</sup> In die nege-en-dertigste regeringsjaar van Asarja,<sup>m</sup> die koning van Juda, het Menahem, seun van Gadi, koning geword\* oor Israel in Samaria,<sup>n</sup> tien jaar lank. <sup>18</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. In sy hele regeringstyd het hy nie afgewyk van die sondes waarmee Jerobeam,<sup>o</sup> seun van Nebat, Israel laat sondig het nie.

<sup>19</sup> Pul,<sup>p</sup> die koning van Assirië, het die land binnegeval. Menahem het aan Pul duisend kikar<sup>q</sup> silwer gegee, sodat hy hom sou ondersteun om sy beheer oor die koningskap te versterk. <sup>20</sup> Menahem het die geld van Israel gevorder, van al die vermoënde manne, sodat hy dit vir die koning van Assirië kon gee — vyftig sikkelf<sup>r</sup> silwer van elke man. Die koning van Assirië het toe omgedraai en nie daar in die land gebly nie.

<sup>21</sup> Die verdere geskiedenis van Menahem, alles wat hy gedoen het, is

---

<sup>k</sup>15:15 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.

<sup>l</sup>15:16 oopgemaak het: Dit verwys na die stadspoort.

\*15:16 Al ... oopgesny: Vgl 2 Kon 8:12; Am 1:13

<sup>m</sup>15:17 Asarja: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:1.

\*15:17 Menahem ... geword: 2 Kon 15:14

<sup>n</sup>15:17 Samaria: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:8.

<sup>o</sup>15:18 sondes ... Jerobeam: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:9.

<sup>p</sup>15:19 Pul: Dit was 'n ander naam vir Tiglat-Pileser III; vgl 2 Kon 15:29.

<sup>q</sup>15:19 1 000 kikar: Ongeveer 34 200 kg; •Geldeenhede.

<sup>r</sup>15:20 50 sikkelf: Ongeveer 570 g; •Geldeenhede.

dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>s</sup> van die konings van Israel nie? <sup>22</sup> Menahem het by sy voorouers gaan rus, en Pekahia, sy seun, het in sy plek koning geword.

### **Pekahia koning van Israel**

<sup>23</sup> In die vyftigste regeringsjaar van Asarja, die koning van Juda, \* het Pekahia, seun van Menahem, \* in Samaria<sup>t</sup> koning geword oor Israel, twee jaar lank. <sup>24</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het nie afgewyk van die sondes waarmee Jerobeam,<sup>u</sup> seun van Nebat, Israel laat sondig het nie. <sup>25</sup> Peka, seun van Remalja, \* sy •adjutant,<sup>v</sup> het egter teen hom saamgesweer en hom in Samaria, \* in die vesting van die koninklike paleis<sup>w</sup> neergevel saam met Argob en Haärje. By hom was vyftig man uit Gilead. Hy het hom doodgemaak en in sy plek koning geword.

<sup>26</sup> Die verdere geskiedenis van Pekahia, alles wat hy gedoen het, kyk, dit is opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>x</sup> van die konings van Israel.

---

<sup>s</sup>15:21 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.

\* 15:23 Asarja ... Juda: 2 Kon 15:8-10

\* 15:23 Menahem: 2 Kon 15:14,17-21

<sup>t</sup>15:23 Samaria: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:8.

<sup>u</sup>15:24 sondes ... Jerobeam: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:9.

\* 15:25 Peka ... Remalja: 2 Kron 8:6; Jes 7:1,4-5; 8:6

<sup>v</sup>15:25 adjutant: In Hebreeus *sjalisj*, vermoedelik die persoon derde in bevel.

\* 15:25 Samaria: 1 Kon 16:23-24

<sup>w</sup>15:25 vesting ... paleis: Dit was 'n versterkte deel van die paleiskompleks wat as laaste skuilplek tydens 'n aanval gedien het.

<sup>x</sup>15:26 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.

## Peka koning van Israel

<sup>27</sup> In die twee-en-vyftigste regeringsjaar van Asarja, die koning van Juda, \* het Peka, seun van Remalja, koning geword\* oor Israel in Samaria,<sup>y</sup> en twintig jaar lank regeer. <sup>28</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het nie afgewyk van die sondes waarmee Jerobeam,\* seun van Nebat, Israel laat sondig het nie. <sup>29</sup> \*In die tyd van Peka, die koning van Israel, het Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, gekom en Ijon, Abel-Bet-Maäka, Janoag, Kedes, Hasor, Gilead en Galilea, die hele gebied van Naftali, verower, en die inwoners weggevoer na Assirië. <sup>30</sup> Hosea, seun van Ela,\* het 'n komplot gesmee teen Peka, seun van Remalja, hom neergevel en doodgemaak, en in sy plek koning geword in die twintigste regeringsjaar van Jotam, seun van Ussia.<sup>z\*</sup>

<sup>31</sup> Die verdere geskiedenis van Peka en alles wat hy gedoen het, kyk, dit is opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>a</sup> van die konings van Israel.

---

\*15:27 Asarja ... Juda: 2 Kon 15:1

\*15:27 Peka ... geword: 2 Kon 15:25

<sup>y</sup>15:27 Samaria: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:8.

\*15:28 sondes ... Jerobeam: Vgl voetnoot in 2 Kon 5:9.

\*15:29 Vgl 1 Kon 15:20; Jes 8:23

\*15:30 Hosea ... Ela: 2 Kon 17:1-4

<sup>z</sup>15:30 Ussia: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:13.

\*15:30 Ussia: 2 Kron 26:1-23

<sup>a</sup>15:31 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.



## Jotam koning van Juda

<sup>32</sup> \* In die tweede regeeringsjaar van Peka, seun van Remalja, die koning van Israel, \* het Jotam, seun van Ussia,<sup>b</sup> die koning van Juda, koning geword. \* <sup>33</sup> \* Hy was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sestien jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jerusa, dogter van Sadok. <sup>34</sup> Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE. Hy het presies gedoen wat sy pa, Ussia, gedoen het — <sup>35</sup> net die offerhoogtes<sup>c</sup> is nie verwyder nie. Die volk het nog steeds geslag en offers verbrand by die offerhoogtes. Dit is hy wat die bo-poort van die huis van die HERE gebou het.

<sup>36</sup> Die verdere geskiedenis van Jotam, wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>d</sup> van die konings van Juda nie? <sup>37</sup> \* In daardie tyd het die HERE die eerste keer vir Resin, die koning van Aram, en Peka, seun van Remalja, teen Juda uitgestuur. <sup>38</sup> Jotam het by sy voorouers gaan rus, en is begrawe by sy voorouers in die stad van Dawid, \* sy voorvader. Agas, sy seun, \* het in sy plek koning geword.

---

\* **15:32-36** 2 Kron 26:23 — 27:1-9

\* **15:32 Peka ... Israel:** 2 Kon 15:25,27-29

<sup>b</sup> **15:32 Ussia:** Vgl voetnoot in 2 Kon 15:30.

\* **15:32 Jotam ... geword:** 2 Kon 15:5,7

\* **15:33** 2 Kron 27:1,8

<sup>c</sup> **15:35 offerhoogtes:** Vgl voetnoot in 15:4.

<sup>d</sup> **15:36 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 2 Kon 15:6.

\* **15:37** 2 Kon 16:5; vgl Jes 7:4,8; 8:6; 9:10

\* **15:38 stad van Dawid:** 2 Kon 15:7

\* **15:38 Agas, sy seun:** Matt 1:9

# 16

## Agas koning van Juda

<sup>1</sup> In die sewentiende regeringsjaar van Peka, seun van Remalja,\* het Agas, seun van Jotam,\* die koning van Juda, koning geword.\* <sup>2</sup>\* Agas was twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het sestien jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die HERE sy God, soos sy voorvader Dawid nie. <sup>3</sup>\*\* Hy het die pad van die konings van Israel gevolg. Hy het selfs sy seun in die vuur geoffer,<sup>e</sup> soos die afstootlike gebruik was van die nasies wat die HERE voor die Israëliete uit verdryf het. <sup>4</sup> Hy het geslag en offers verbrand by die offerhoogtes,<sup>f</sup> op die heuwels en onder elke skaduryke boom.

<sup>5</sup>\* In dié tyd het Resin, die koning van Aram, en Peka, seun van Remalja, die koning van Israel, opgetrek na Jerusalem vir 'n geveg. Hulle het Agas beleër, maar hulle kon nie 'n geveg afdwing nie. <sup>6</sup> In daardie tyd het Resin, die koning van Aram, Elat herower vir Aram, en

---

\*16:1 Peka ... Remalja: 1 Kon 15:25,27-31; 2 Kron 8:6; Jes 7:1,4-5; 8:6

\*16:1 Jotam: 2 Kon 15:5,7,32-38; 2 Kron 26:21,23; 27:1-9

\*16:1 Agas ... geword: 2 Kon 15:38

\*16:2-20 2 Kron 28:1-27

\*16:3 1 Kon 14:8; 2 Kon 3:27; 8:18; Ps 106:37-38; vgl Lev 18:21; Deut 18:10

\*16:3-5 2 Kron 28:3-6; vgl Jes 7:1-9

<sup>e</sup>16:3 in ... geoffer: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “deur die vuur laat gaan”.

<sup>f</sup>16:4 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare; vgl 1 Kon 14:23.

\*16:5 Jes 7:1,4-9

die Judeërs uit Elat<sup>g</sup> uitgedryf. Die Edomiete<sup>h</sup> het toe Elat binnegegaan en daar gaan woon, tot vandag toe.

<sup>7</sup>\* Agas het boodskappers na Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, gestuur om vir hom te sê: “Ek is u dienaar en u seun. Trek op en verlos my uit die greep van die koning van Aram en uit die greep van die koning van Israel wat teen my opstaan.” <sup>8</sup> Agas het die silwer en goud wat te vinde was in die huis van die HERE en in die skatkamers van die koning se paleis, geneem en as 'n geskenk aan die koning van Assirië gestuur. <sup>9</sup> Die koning van Assirië het toe aan sy versoek voldoen.

Die koning van Assirië het teen Damaskus <sup>\*</sup> opgetrek en dit verower. Die stad se inwoners het hy weggevoer na Kir, <sup>\*</sup> en Resin het hy doodgemaak. <sup>10</sup> Toe koning Agas gegaan het om Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, in Damaskus te ontmoet, het hy die altaar gesien wat in Damaskus was. Koning Agas het toe vir Urija, die priester, 'n model van die altaar gestuur, asook 'n volledige plan vir die oprigting daarvan. <sup>11</sup> Urija, die priester, het die altaar gebou. Presies soos koning Agas dit vir hom uit Damaskus gestuur het, het Urija, die priester, dit gemaak, nog voor die koms van koning Agas uit Damaskus. <sup>12</sup>\* Die koning het van Damaskus af daar aangekom en die altaar gesien. Die koning gaan toe nader aan die altaar, klim daarop, <sup>13</sup> verbrand sy brandoffer en sy •graanoffer, en giet sy drankoffer uit. Hy het die bloed

---

<sup>g</sup>**16:6 Elat:** Die •bronteks lui: “Elot”, klaarblyklik 'n wisselvorm vir Elat.

<sup>h</sup>**16:6 Die Edomiete:** Hier word die •Masoretiese leestradisie gevolg. Die ongevokaliseerde bronteks lui: “Die Arameërs”.

\* **16:7-8** 2 Kron 28:16,20-21

\* **16:9 Damaskus:** 2 Sam 8:5; 1 Kon 11:24

\* **16:9 Kir:** 2 Kron 28:21; Am 1:5; 9:7

\* **16:12-13** 2 Kron 28:23; vgl 2 Kron 26:16,18-19

van sy maaltydoffer<sup>i</sup> teen die altaar gesprinkel. <sup>14</sup> Die bronsaltaar<sup>j</sup> wat voor die HERE was, het hy voor die tempel verwyder, waar dit tussen die nuwe altaar en die huis van die HERE gestaan het, en dit aan die noordekant van dié altaar geplaas.

<sup>15</sup> Koning Agas het Urija, die priester, opdrag gegee: “Op die groot altaar moet jy die brandoffer van die oggend en die graanoffer van die aand\* verbrand, asook die brandoffer van die koning en sy graanoffer, en die brandoffer van al die volk van die land en hulle graanoffers en drankoffers. Al die bloed van brandoffers en al die bloed van maaltydoffers moet jy daarteen sprinkel. Die bronsaltaar sal egter tot my beskikking wees om 'n godspraak te verkry.<sup>k</sup>” <sup>16</sup> Urija, die priester, het toe presies gemaak soos koning Agas opdrag gegee het.

<sup>17</sup> Koning Agas het die rame van die verskuifbare staanders\* verwyder en die waskomme daarvan afgehaal. Die see\* het hy afgetel van die bronsbeeste wat daaronder was, en dit op 'n klipvloer neergesit. <sup>18</sup> Die baldakyn vir die Sabbat wat hulle by die tempel aangebou het en die buitenste ingang vir die koning, het hy van die huis van die HERE verwyder, ter wille van die koning van Assirië.

---

<sup>i</sup>**16:13 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

<sup>j</sup>**16:14 bronsaltaar:** Dit is die brandofferaltaar; vgl Eks 27:1-8; 30:1.

\***16:15 brandoffer ... aand:** Eks 29:39,40-41; Num 28:4

<sup>k</sup>**16:15 om ... verkry:** Letterlik ‘om te ondersoek’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan verwys na die gebruik om uit die posisie van die lewer in die offerdier, die toekoms te voorspel. Sommige vertalings gee dit egter weer met “om te oorweeg”.

\***16:17 rame ... staanders:** 1 Kon 7:27-39

\***16:17 Die see:** 1 Kon 7:23-26

<sup>19</sup> Die verdere geskiedenis van Agas, wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>1</sup> van die konings van Juda nie? <sup>20</sup> Agas het by sy voorouers gaan rus, en hy is by sy voorouers in die stad van Dawid\* begrawe. Hiskia, sy seun,\* het in sy plek koning geword.

## 17

### Israel in ballingskap

<sup>1</sup> In die twaalfde regeringsjaar van Agas, koning van Juda,\* het Hosea, seun van Ela, in Samaria<sup>m</sup> koning geword\* oor Israel en nege jaar lank regeer.<sup>n</sup> <sup>2</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, maar nie soos die konings van Israel voor hom nie. <sup>3</sup>\* Dit is hy teen wie Salmaneser, die koning van Assirië, opgetrek het. Hosea het sy onderdaan geword en was aan hom skatpligtig.<sup>o</sup> <sup>4</sup> Maar die koning van Assirië het by Hosea 'n sameswering ontdek, naamlik dat hy boodskappers gestuur het na So, die koning van Egipte, en nie die belasting vir die koning van Assirië geneem het nie, soos wat jaar ná

---

<sup>1</sup>**16:19 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\***16:20 stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

\***16:20 Hiskia, sy seun:** Matt 1:9

\***17:1 Agas ... Juda:** 2 Kon 15:38; 16:1-20

<sup>m</sup>**17:1 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

\***17:1 Hosea ... geword:** 2 Kon 15:30

<sup>n</sup>**17:1 regeer:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***17:3-8** Lev 26:32-33; Deut 28:36,64; 29:27-28; 2 Kon 18:9-12; Hos 10:14; Tob 1:2

<sup>o</sup>**17:3 was ... skatpligtig:** Dit was 'n belasting wat jaarliks gelewer moes word, en gewoonlik bestaan het uit 'n vaste hoeveelheid landbouprodukte, silwer en goud.

jaar gebeur het. Daarop het die koning van Assirië hom gevange geneem en in die tronk aangehou.

<sup>5</sup> Toe het die koning van Assirië deur die hele land getrek, na Samaria opgeruk en dit drie jaar lank beleër. <sup>6</sup> In die negende regeringsjaar van Hosea het die koning van Assirië Samaria ingeneem en Israel weggevoer na Assirië. Hy het hulle in Galag en aan die Gabor,<sup>p</sup> 'n rivier in Gosan, en ook in dorpe van Medië,<sup>\*</sup> laat woon.

<sup>7</sup> \*Dit het gebeur omdat die Israeliete gesondig het teen die HERE hulle God wat hulle uit Egipteland laat optrek het, onder die hand van die farao, die koning van Egipte, uit. Hulle het vir ander gode ontsag gehad <sup>8</sup> en die voorskrifte gevolg van die nasies wat die HERE voor die Israeliete uit verdryf het, en van die konings van Israel wat dit nagekom het. <sup>9</sup> Die Israeliete het dinge versin oor die HERE hulle God wat nie reg is nie.<sup>q</sup> Hulle het vir hulle offerhoogtes<sup>r</sup> gebou in al hulle dorpe, of dit nou by 'n wagtoring of by 'n versterkte stad was. <sup>10</sup> Hulle het gedenkstene<sup>s</sup> en asjeras<sup>t</sup> opgerig op elke hoë heuwel en onder elke skaduryke boom. <sup>11</sup> Hulle het daar op al die offerhoogtes offers

---

<sup>p</sup>**17:6 die Gabor:** Dit was 'n takrivier van die Eufraat. In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

<sup>\*</sup>**17:6 Medië:** Jes 13:17; 21:2

<sup>\*</sup>**17:7-12 Eks 23:24; 34:13; Deut 12:2**

<sup>q</sup>**17:9 dinge ... is nie:** Die Israeliete het die HERE aanbid asof hy 'n vrugbaarheidsgod, 'n •Baäl was.

<sup>r</sup>**17:9 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

<sup>s</sup>**17:10 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

<sup>t</sup>**17:10 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

verbrand, net soos die nasies wat die HERE in ballingskap voor hulle uit verdryf het. Hulle het verkeerde dinge gedoen en so die HERE uitgetart.

<sup>12</sup> Hulle het die afgodsbeelde gedien waarvan die HERE vir hulle gesê het: “Julle mag so iets nie doen nie!” <sup>13</sup> Die HERE het Israel en Juda by monde van elkeen van sy profete,<sup>u</sup> deur elke siener,<sup>\*</sup> gewaarsku: “Draai terug van julle verkeerde paaie af! Kom my gebooie en vaste voorskrifte na, volgens die hele wet wat Ek julle voorouers beveel het en wat Ek by monde van my diensknegte, die profete, aan julle voorgehou<sup>v</sup> het.”

<sup>14</sup> Maar hulle het nie geluister nie. Hulle was so hardnekkig soos hulle voorouers, wat hulle vertrou nie gestel het in die HERE hulle God nie.

<sup>15</sup> Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp, ja, sy bepalings waardeur Hy hulle gewaarsku het. Hulle het agter nuttelose afgode aan geloop en self nutteloos geword.<sup>\*</sup> Hulle het die nasies wat rondom hulle was, gevolg — nasies oor wie die HERE hulle opdrag gegee het om nie soos hulle te maak nie. <sup>16</sup> Hulle het al die gebooie van die HERE hulle God verontagsaam en vir hulle gegote beelde<sup>w</sup> gemaak — daardie twee kalwers!<sup>\*</sup> Hulle het 'n asjera gemaak. Hulle het voor al die

---

<sup>u</sup>**17:13 elkeen ... profete:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

<sup>\*</sup>**17:13 siener:** 1 Sam 9:9

<sup>v</sup>**17:13 voorgehou:** Letterlik ‘gestuur’.

<sup>\*</sup>**17:15 Hulle het agter ... geword:** Jer 2:5; Rom 1:6-8

<sup>w</sup>**17:16 gegote beelde:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

<sup>\*</sup>**17:16 twee kalwers:** 1 Kon 12:28

hemelliggame in aanbidding gebuig en Baäl<sup>x</sup> gedien. <sup>17</sup> Hulle het hulle seuns en hulle dogters in die vuur geoffer,<sup>y</sup> voorspellings gemaak en wiggelary beoefen.\* Hulle het hulle daaraan oorgegee om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE, en Hom so uitgetart.

<sup>18</sup> Die HERE het baie kwaad geword vir Israel en hulle uit sy teenwoordigheid verwyder. Niemand het oorgebly nie — slegs die stam van Juda.\* <sup>19</sup> Ook Juda het nie die geboorte van die HERE hulle God nagekom nie, maar het die gebruike van Israel,<sup>z</sup> dit wat hulle gedoen het, gevolg. <sup>20</sup> Die HERE het die hele nageslag van Israel verwerp. Hy het hulle verneder en in die hand van plunderaars oorgegee, totdat Hy hulle uit sy teenwoordigheid uitgebou het. <sup>21</sup> Want Hy het Israel van die huis van Dawid afgeskeur,\* en hulle het Jerobeam, seun van Nebat, koning gemaak.\* Jerobeam het Israel van die HERE af weggedryf en hulle groot sonde laat doen.\* <sup>22</sup> Die Israeliete het al die sondes wat Jerobeam gedoen het, nagevolg. Hulle het nie daarvan afgewyk nie, <sup>23</sup> totdat die HERE Israel uit sy teenwoordigheid verwyder het, soos wat Hy by monde van al sy diensknegte, die profete, gespreek het. Israel is van sy grond af weggevoer na Assirië — tot vandag toe.

---

<sup>x</sup>**17:16 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

<sup>y</sup>**17:17 in ... geoffer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “deur die vuur laat gaan”.

\***17:17 Hulle het hulle seuns ... beoefen:** Lev 18:21; Deut 18:10

\***17:18 slegs ... Juda:** 1 Kon 11:13,32,36; 12:20

<sup>z</sup>**17:19 gebruike van Israel:** Letterlik ‘vaste voorskrifte van Israel’. Dit verwys na die Baäldiens wat deur Jerobeam ingevoer is; vgl 1 Kon 12:28; 2 Kon 17:8.

\***17:21 Israel ... afgeskeur:** 1 Kon 11:11,31

\***17:21 Jerobeam, seun ... gemaak:** 1 Kon 11:26-31; 12:1-20

\***17:21 groot ... doen:** 1 Kon 12:28-33; 13:34; 2 Kon 10:29



## Immigrante in Israel

<sup>24</sup> Die koning van Assirië<sup>a</sup> het mense uit Babel, Kuta, Awwa, Hamat en Sefarwajim gebring en hulle in die plek van die Israeliete, in die dorpe van Samaria,<sup>b</sup> gevestig. Hulle het van Samaria besit geneem en hulle in die dorpe daar gevestig.

<sup>25</sup> Aan die begin van hulle verblyf het hulle nie vir die HERE ontsag gehad nie. Die HERE het toe lees onder hulle ingestuur, wat aanmekeer van hulle doodgemaak het. <sup>26</sup> Hulle het vir die koning van Assirië gesê: “Die nasies wat u weggevoer en in die dorpe van Samaria gevestig het, ken nie die wet van die God van die land nie. Daarom het Hy lees onder hulle ingestuur en kyk, dié maak hulle dood omdat hulle niks weet van die wet van die God van die land nie.” <sup>27</sup> Die koning van Assirië het toe opdrag gegee: “Laat een van die priesters wat julle daarvandaan weggevoer het, daarheen terugkeer. Hy moet gaan en hom daar vestig,<sup>c</sup> sodat hy hulle die wet van die God van die land kan leer.” <sup>28</sup> Een van die priesters wat uit Samaria weggevoer is, het toe gekom en in Bet-El\* gaan woon; hy het hulle geleer hoe hulle vir die HERE ontsag moet toon.

<sup>29</sup> \*Hulle het egter, nasie vir nasie, steeds hulle eie gode gemaak en in die tempels op die hoogtes neergesit, die hoogtes wat die mense van Samaria gebou het — nasie vir nasie in hulle dorpe waar hulle gewoon het. <sup>30</sup> Die mense van Babel het Sukkot-Benot gemaak, die mense van Kuta het Nergal gemaak, en die mense van Hamat het Asima gemaak. <sup>31</sup> Die mense uit Awwa het Nibgas en Tartak gemaak, en dié uit

---

<sup>a</sup>17:24 koning van Assirië: Salmaneser; vgl 2 Kon 17:3.

<sup>b</sup>17:24 Samaria: Vgl voetnoot in 2 Kon 17:1.

<sup>c</sup>17:27 Hy ... vestig: 'n Groep mss van die •Septuagint, die •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui: “Hulle moet gaan en hulle daar vestig”.

\* 17:28 Bet-El: Gen 12:8; 28:19; 35:3; 1 Kon 12:29,32-33

\* 17:29 1 Kon 12:31

Sefarwajim het hulle seuns vir Adrammelek en Anammelek, die gode van Sefarwajim,\* verbrand. <sup>32</sup> Hulle het ook vir die HERE ontsag gehad, maar hulle het vir hulleself uit eie geledere priesters vir die offerhoogtes<sup>d</sup> aangestel, en dié het vir hulle diens gedoen in die tempels op die offerhoogtes. <sup>33</sup> \*Vir die HERE het hulle ontsag gehad, maar hulle eie gode het hulle bly dien in ooreenstemming met die gebruik van die nasies waarvandaan hulle weggevoer is.

<sup>34</sup> Tot vandag toe handhaaf hulle die vroeëre gebruike. Hulle het nie ontsag vir die HERE nie, en tree nie op in ooreenstemming met die vaste voorskrifte en bepalings wat hulle ontvang het nie, of ooreenkomstig die wet en gebod wat die HERE die nageslag van Jakob, aan wie Hy die naam Israel gegee het,\* beveel het nie. <sup>35</sup> \*Toe die HERE met hulle 'n verbond gesluit het, het Hy hulle beveel: “Julle mag nie vir ander gode ontsag hê, en julle mag nie voor hulle in aanbidding buig nie. Julle mag hulle nie dien nie, en julle mag nie vir hulle offers slag nie. <sup>36</sup> Maar die HERE, Hy wat julle met groot krag en 'n uitgestrekte arm uit Egipteland laat optrek het, vir Hom moet julle ontsag hê, voor Hom moet julle in aanbidding buig en vir Hom moet julle offers slag. <sup>37</sup> Die vaste voorskrifte, die bepalings, die wet en die gebod wat Hy vir julle neergeskryf het, moet julle altyd noukeurig nakom. Julle mag nie vir ander gode ontsag hê nie. <sup>38</sup> \*Die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie. Julle mag vir geen ander gode ontsag hê nie — <sup>39</sup> vir die HERE julle God alleen moet julle ontsag hê. Hy is die Een

---

\*17:31 Adrammelek ... Sefarwajim: 2 Kon 17:17,24,33; 18:33-35

<sup>d</sup>17:32 offerhoogtes: Vgl voetnoot in 17:9.

\*17:33 Eseg 5:7; Sef 1:4-5

\*17:34 Jakob ... gegee het: Gen 32:28; 1 Kon 18:31

\*17:35 Eks 20:3-5; Deut 5:7-9; Rig 6:10

\*17:38 Deut 4:23; 6:12

wat julle sal verlos uit die hand van al julle vyande.”<sup>40</sup> Hulle het egter nie geluister nie, maar ooreenkomstig hulle vroeëre gebruike opgetree.

<sup>41</sup> \*Hierdie volksgroepe het vir die HERE ontsag gehad, maar hulle gesnede beelde het hulle bly dien. Ook hulle kinders en kleinkinders doen wat hulle voorouers gedoen het, tot vandag toe.

## 18

### Hiskia koning van Juda

<sup>1</sup> \*In die derde regeeringsjaar van Hosea, seun van Ela, die koning van Israel,\* het Hiskia, seun van Agas,\* die koning van Juda, koning geword.\*<sup>2</sup> \*Hy was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het nege-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Abi, dogter van Sagaria.<sup>3</sup> \*Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, presies soos Dawid, sy voorvader, gedoen

---

\*17:41 2 Kon 17:29,32-33

\*18:1-3 2 Kron 28:27; 29:1-2

\*18:1 Hosea ... Israel: 2 Kon 15:30; 17:1-4

\*18:1 Agas: 2 Kon 15:38; 16:1-19; Matt 1:9

\*18:1 Hiskia ... geword: 2 Kon 16:20; 2 Kron 28:27

\*18:2 2 Kron 29:1

\*18:3 2 Kron 29:2; Sir 48:22

het. <sup>4</sup> Hy is die een wat die offerhoogtes<sup>e</sup> verwyder het, die gedenkstene<sup>f</sup> stukkend gebreek en die asjera<sup>g</sup> afgekap het.\* Hy het die koperslang wat Moses gemaak het,\* verbrysel, want tot in daardie tyd het die Israeliete daarvoor offers verbrand. Die mense het dit Negustan<sup>h</sup> genoem. <sup>5</sup> \*Op die HERE, die God van Israel, het hy vertrou. Ná hom was daar onder al die konings van Juda niemand soos hy nie, ook niemand onder dié wat voor hom daar was nie. <sup>6</sup> Hy het aan die HERE vasgehou en nie van Hom weggedraai nie. Hy het sy gebooi, dit wat die HERE Moses beveel het, nagekom. <sup>7</sup> Die HERE was met hom. In al die veldtogte wat hy onderneem het, het hy sukses behaal. Hy het teen die koning van Assirië in opstand gekom en was nie meer aan hom onderdanig nie.\*  
<sup>8</sup> Dit is hy wat die Filistyne verslaan het — van wagtoring tot versterkte stad, so ver as Gasa en die grondgebied daaromheen.

### Inname van Samaria

<sup>9</sup> \*In die vierde regeringsjaar van koning Hiskia\* — dit was die

---

<sup>e</sup>**18:4 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

<sup>f</sup>**18:4 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

<sup>g</sup>**18:4 asjera:** 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdienst gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

\***18:4 offerhoogtes ... afgekap het:** 2 Kron 31:1

\***18:4 koperslang ... gemaak het:** Num 21:8-9

<sup>h</sup>**18:4 Negustan:** Die naam herinner aan die Hebreeuse woorde vir 'koper' en 'slang'.

\***18:5** Vgl 2 Kon 19:10; 23:25

\***18:7 Hy het ... onderdanig nie:** Vgl 2 Kon 6:7

\***18:9-12** 2 Kon 17:3-18

\***18:9 koning Hiskia:** 2 Kon 16:20; 18:1-8; 2 Kron 29:1 — 32:33

sewende regeringsjaar van Hosea, seun van Ela, die koning van Israel\* — het Salmaneser, die koning van Assirië,\* teen Samaria<sup>i</sup> opgetrek en dit beleër. <sup>10</sup> En ná verloop van drie jaar het hy dit ingeneem. In die sesde regeringsjaar van Hiskia — dit was die negende regeringsjaar van Hosea, die koning van Israel — is Samaria ingeneem. <sup>11</sup> \*Die koning van Assirië het Israel weggevoer in ballingskap na Assirië, en hulle in Galag en aan die Gabor, die rivier van Gosan, hervestig,<sup>j</sup> en ook in die dorpe van Medië. <sup>12</sup> \*Dit het gebeur omdat hulle nie geluister het na die stem van die HERE hulle God nie en sy verbond oortree het — alles wat Moses, die dienskneg van die HERE beveel het. Hulle het nie geluister nie en dit nie uitgevoer nie.

### **Beleëring van Jerusalem deur Sanherib**

<sup>13</sup> \*\*In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia,\* het Sanherib, die koning van Assirië,\* opgetrek teen al die versterkte stede van Juda en hulle verower. <sup>14</sup> Hiskia, koning van Juda, het toe vir die koning van Assirië by Lagis laat weet: “Ek het verkeerd opgetree, draai van my af weg! Wat u my oplê, sal ek dra.” Die koning van Assirië het toe van

---

\***18:9 Hosea ... Israel:** Vgl 2 Kon 18:1

\***18:9 Salmaneser ... Assirië:** 2 Kon 17:3

<sup>i</sup>**18:9 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

\***18:11** 2 Kon 17:6; Tob 1:2,13,15

<sup>j</sup>**18:11 hulle ... hervestig:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui: “hulle gelei in Galag ... van Gosan”.

\***18:12** 2 Kon 17:7-23

\***18:13 — 19:37** 2 Kron 32:1-19; Jes 36:1 — 37:38

\***18:13** 2 Kron 32:1

\***18:13 koning Hiskia:** 2 Kon 18:9

\***18:13 Sanherib ... Assirië:** Tob 1:15

Hiskia, koning van Juda, driehonderd kika<sup>k</sup> silwer en dertig kika<sup>l</sup> goud geëis. <sup>15</sup> Hiskia het toe al die silwer oorhandig wat in die huis van die HERE en in die skatkamers van die koning se paleis te vinde was. <sup>16</sup> \*In dieselfde tyd het Hiskia die deure van die HERE se tempel afgestroop — die goue beslag waarmee Hiskia, koning van Juda, dit oorgetrek het. Hy het dit aan die koning van Assirië oorhandig.

<sup>17</sup> \*\*Die koning van Assirië stuur toe die tartan,<sup>m</sup> die rabsaris<sup>n</sup> en die rabsakê<sup>o</sup> met 'n groot leërmag vanaf Lagis na koning Hiskia in Jerusalem. Hulle het opgetrek en by Jerusalem aangekom. Nadat hulle opgetrek en daar aangekom het, het hulle stelling ingeneem by die watervoor van die boonste dam wat aan die pad na die Bleikveld geleë is, <sup>18</sup> en die koning ontbied. Eljakim, seun van Gilkija, die hoof van die hofhouding, het na hulle uitgegaan, asook Sebna, die sekretaris,<sup>\*</sup> en Joag, seun van Asaf, die herout.<sup>p</sup> <sup>19</sup> Die rabsakê sê toe vir hulle: “Sê tog vir Hiskia, ‘So sê die opperkoning, die koning van Assirië: “Wat is hierdie bron van vertrouwe waarop jy staatmaak? <sup>20</sup> Jy dink beslis lippetaal is 'n strategie en 'n kragtige wapen vir die oorlog. Op wie

---

<sup>k</sup>**18:14 300 kika:** Ongeveer 10 260 kg; •Geldeenhede.

<sup>l</sup>**18:14 30 kika:** Ongeveer 1 026 kg.

<sup>\*</sup>**18:16** Vgl 2 Kon 12:18; 16:8

<sup>\*</sup>**18:17-22** 2 Kron 32:9-15

<sup>\*</sup>**18:17** Sir 48:18

<sup>m</sup>**18:17 tartan:** Die ampsbenaming van die opperbevelvoerder van die Assiriese leërmag.

<sup>n</sup>**18:17 rabsaris:** 'n Ampsbenaming vir die hoof van die paleis personeel.

<sup>o</sup>**18:17 rabsakê:** Die benaming van 'n hoë amptenaar wat regsake vir die koning hanteer het.

<sup>\*</sup>**18:18 Eljakim ... sekretaris:** Jes 22:15,19-20

<sup>p</sup>**18:18 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

vertrou jy nou dat jy teen my in opstand is? <sup>21</sup> \*Jy stel sowaar nou jou vertrou op Egipte, op hierdie versplinterde riet, as 'n wandelstok wat, wanneer iemand daarop leun, in sy handpalm steek en dit deurboor. So is die farao, die koning van Egipte, vir almal wat op hom vertrou. <sup>22</sup> \*En as julle vir my sou sê, ‘Op die HERE ons God vertrou ons’? Is Hy dan nie die Een wie se offerhoogtes<sup>q</sup> en altare Hiskia verwyder het toe hy vir Juda en Jerusalem gesê het, ‘Voor hierdie altaar in Jerusalem moet julle in aanbidding buig’ nie?’ ’

<sup>23</sup> “Daarom, gaan gerus 'n weddenskap aan met my heer, die koning van Assirië. Ek sal vir jou tweeduisend perde gee, as jy in staat is om ruiters daarvoor te voorsien. <sup>24</sup> Hoe sal jy een streeksgoewerneur kan terugdryf, een van die onbelangrikste dienaars van my heer, wanneer jy jou vertrou stel op Egipte vir 'n strydswamag en perde? <sup>25</sup> Daarom het my heer gesê,<sup>r</sup> ‘Het ek sonder die HERE se medewete teen hierdie land opgetrek om dit te verwoes? Dit is die HERE wat vir my gesê het: “Trek op teen hierdie land en verwoes dit!” ’ ”

<sup>26</sup> Eljakim, seun van Gilkija, asook Sebna en Joag, sê toe vir die rabsakê: “Praat asseblief •Aramees met u dienaars, want ons verstaan dit. Moenie met ons Judees praat ten aanhore van die manskappe wat op die stadsmuur is nie.” <sup>27</sup> \*Maar die rabsakê het vir hulle gesê: “Is dit net na jou heer en na jou wat my heer my gestuur het om hierdie dinge te sê? Is dit nie ook na die manne wat op die stadsmuur sit nie, hulle

---

\*18:21 Jes 30:2-3,7; Eseg 29:6-7

\*18:22 2 Kron 32:11-12

<sup>q</sup>18:22 offerhoogtes: Vgl voetnoot in 2 Kon 18:4.

<sup>r</sup>18:25 het my ... gesê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*18:27-30 2 Kron 32:18-19

wat saam met julle hulle ontlasting sal eet en hulle urine<sup>s</sup> sal drink?”

<sup>28</sup> Toe gaan staan die rabsakê en roep met 'n harde stem uit in Judees. Hy het aangekondig en gesê: “Hoor die woord van die opperkoning, die koning van Assirië! <sup>29</sup> So sê die koning, ‘Moenie dat Hiskia julle bedrieg nie, want hy sal julle nie uit my hand<sup>t</sup> kan red nie. <sup>30</sup> Moenie dat Hiskia julle op die HERE laat vertrou nie, deur te sê: “Die HERE sal ons beslis red, en hierdie stad sal nie oorgegee word in die hand van die koning van Assirië nie.” ’ <sup>31</sup> Julle moet nie na Hiskia luister nie, want so sê die koning van Assirië, ‘As julle met my 'n ooreenkoms maak en uitkom na my toe, sal elkeen steeds van sy wingerdstok en sy vyeboom eet,<sup>\*</sup> en elkeen water uit sy eie opgaarput<sup>u</sup> drink, <sup>32</sup> \*totdat ek kom en julle neem na 'n land soos julle land — 'n land met koring en nuwe wyn, 'n land met brood en wingerde, 'n land met olyfbome, olyfolie en heuning. Julle sal leef en nie sterf nie. Julle moet nie na Hiskia luister nie, want hy mislei julle deur te sê: “Die HERE sal ons red!” <sup>33</sup> \*Het enige van die gode van die nasies ooit sy land gered uit die hand van die koning van Assirië? <sup>34</sup> \*Waar was die gode van Hamat en Arpad? Waar was die gode van Sefarwajim, Hena en Awwa? Ja, sê vir my, het hulle Samaria uit my hand kon red? <sup>35</sup> Wie was daar onder al die gode van daardie lande wat hulle land uit my hand gered het? Ja, sê vir my, sal die HERE dan Jerusalem uit my hand red?’ ” <sup>36</sup> Die manskappe het egter stilgebly en

---

<sup>s</sup>**18:27 ontlasting ... urine:** In die bronteks word 'n lae register gebruik.

<sup>t</sup>**18:29 my hand:** Talle Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “sy hand”; vgl egter Jes 36:14.

<sup>\*</sup>**18:31 elkeen ... eet:** 1 Kon 4:25

<sup>u</sup>**18:31 opgaarput:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

<sup>\*</sup>**18:32** Deut 8:7-9

<sup>\*</sup>**18:33** Deut 4:34; 2 Kon 19:12

<sup>\*</sup>**18:34** 2 Kon 17:24-41



het hom nie met 'n enkele woord geantwoord nie, want die bevel van die koning was: “Julle moet hom nie antwoord nie!”

<sup>37</sup> Eljakim, seun van Gilkija, die hoof van die hofhouding, Sebna, die sekretaris, en Joag, seun van Asaf, die herout,<sup>v</sup> het by Hiskia aangekom met geskeurde klere, en aan hom die woorde van die rabsakê meegedeel.

## 19

<sup>1</sup> \*Toe koning Hiskia\* dit\* hoor, het hy sy klere geskeur, 'n roukleed omgehang en na die huis van die HERE gegaan.\* <sup>2</sup> Hy stuur toe vir Eljakim, hoof van die hofhouding, Sebna, die sekretaris,\* en die oudstes van die priesters, in hulle rouklere na die profeet Jesaja, seun van Amos.\* <sup>3</sup> Hulle het vir hom gesê: “So sê Hiskia, ‘Hierdie dag is 'n dag van benoudheid en straf en vernedering; want die kinders het tot by die opening van die baarmoeder gekom, maar daar is geen krag om geboorte te gee nie. <sup>4</sup> Miskien hoor die HERE u God al die woorde van die rabsakê<sup>w</sup> vir wie die koning van Assirië, sy heer, gestuur het om die lewende God uit te tart,\* en sal Hy hom straf oor die woorde wat die HERE u God gehoor het. Begin dan bid ter wille van die res wat nog oorgebly het.\*’ ”

---

<sup>v</sup>18:37 herout: Vgl voetnoot in 2 Kon 18:18.

\*19:1-13 Jes 37:1-13

\*19:1 koning Hiskia: 2 Kon 16:20; 18:1-8; 2 Kron 29:1 — 32:33

\*19:1 dit: 2 Kon 18:19-35

\*19:1 na ... gegaan: Ps 73:16-17

\*19:2 Eljakim ... sekretaris: 2 Kon 18:18; Jes 22:15,19-20

\*19:2 Jesaja ... Amos: Jes 1:1

<sup>w</sup>19:4 rabsakê: Die benaming van 'n hoë amptenaar wat regsake vir die koning hanteer het.

\*19:4 om ... tart: 2 Kon 18:35

\*19:4 die res ... het: Jes 1:9; 4:3

<sup>5</sup> Toe die dienaars van koning Hiskia by Jesaja aankom, <sup>6</sup> sê Jesaja vir hulle: “So moet julle vir julle heer sê, ‘So sê die HERE: “Moenie bang wees vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die onderdane van die koning van Assirië My bespot het nie. <sup>7</sup> \*Kyk, Ek gaan 'n gees van hom laat besit neem, en hy sal 'n gerug hoor en terugkeer na sy land. Dan sal Ek hom in sy eie land deur die swaard laat val.” ’ ’ ”

<sup>8</sup> Nadat die rabsakê teruggegaan het, vind hy die koning van Assirië waar hy besig was om teen Libna\* te veg, want hy het gehoor dat hy van Lagis\* af weggetrek het. <sup>9</sup> \*Die koning van Assirië het egter 'n berig gekry oor Tirhaka, die koning van Kus, wat lui: “Kyk, hy het uitgetrek om teen u te veg!” Hy stuur toe weer boodskappers na Hiskia, met die opdrag: <sup>10</sup> “So moet julle vir Hiskia, die koning van Juda sê, ‘Moenie dat jou God, op wie jy vertrou, jou bedrieg met die woorde: “Jerusalem sal nie oorgegee word in die hand van die koning van Assirië nie.”\* <sup>11</sup> Kyk, jy het self gehoor wat die konings van Assirië gedoen het aan al die lande deur hulle aan vernietiging oor te gee. Sal jy dan gered word? <sup>12</sup> \*Het die gode van die nasies wat deur my voorvaders uitgedelg is, hulle gered — Gosan,\* Haran,\* Resef en die mense van Eden\* wat in Telassar was? <sup>13</sup> \*Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad, die koning van Laïr, Sefarwajim, Hena en Awwa?’ ”

---

\*19:7 2 Kon 19:35-37

\*19:8 Libna: Jos 10:29-30; 2 Kon 8:22

\*19:8 Lagis: Jos 10:26,31-33; 2 Kon 14:19; 18:14,17

\*19:9 Jes 37:9

\*19:10 Moenie ... Assirië nie: 2 Kon 18:29-30

\*19:12 2 Kon 18:33

\*19:12 Gosan: 2 Kon 17:6; 18:11; 1 Kron 5:26

\*19:12 Haran: Gen 11:31-32; Eseg 27:23; Hand 7:2,4

\*19:12 Eden: Eseg 27:23

\*19:13 2 Kon 17:24-41; 18:34

<sup>14</sup> \*Nadat Hiskia die briewe uit die hand van die boodskappers ontvang en dit gelees het, \* het hy na die huis van die HERE opgegaan.\* Hiskia het dit daar voor die HERE oorgesprei. <sup>15</sup> Hiskia het toe voor die HERE gebid\* en gesê: “HERE, God van Israel wat bo die gerubs<sup>x</sup> troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde. Dit is U wat die hemel en die aarde gemaak het. <sup>16</sup> Draai u oor na my, \* HERE, en luister! HERE, maak u oë oop en kyk! Hoor die woorde van Sanherib wat hy gestuur het om die lewende God uit te tart! <sup>17</sup> Dit is inderdaad so, HERE, dat die konings van Assirië die nasies en hulle lande verwoes <sup>18</sup> \*en hulle gode in die vuur gegooi het. Want dit was nie gode nie, maar net die werk van mensehande, hout en klip, en hulle het dit vernietig. <sup>19</sup> Daarom, HERE ons God, verlos ons asseblief uit sy hand, sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, HERE, alleen God is.\*”

<sup>20</sup> \*Jesaja, seun van Amos, het toe vir Hiskia laat weet: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Wat jy tot My gebid het oor Sanherib, die koning van Assirië, het Ek gehoor.\*’ <sup>21</sup> Dit is die woord wat die HERE oor hom spreek,

---

\*19:14-19 Jes 37:14-20

\*19:14 briewe ... gelees het: 2 Kron 32:17

\*19:14 na ... opgegaan: Vgl 2 Kon 19:1

\*19:15 Hiskia ... gebid: 2 Kron 32:20

<sup>x</sup>19:15 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

\*19:16 Draai ... my: Ps 17:6; 31:3; 71:2; 86:1; 116:2

\*19:18 Deut 4:28; Ps 115:4; Hand 17:29

\*19:19 sodat ... God is: Deut 4:35; Jos 4:24; 1 Sam 2:2; Jes 49:26; Mark 12:32

\*19:20-37 Jes 37:21-38

\*19:20 het Ek gehoor: 2 Kon 20:5

“ Sy verag jou,  
dryf die spot met jou,  
die maagd, die dogter van Sion.\*

Agter jou skud sy haar kop,  
die dogter van Jerusalem.

<sup>22</sup> Vir wie het jy uitgetart en bespot?

Teen wie het jy jou stem verhef?

Jy het uit die hoogte neergesien  
op die Heilige van Israel!\*

<sup>23</sup> By monde van jou boodskappers  
het jy die Heer<sup>y</sup> uitgetart.

Jy het gesê:

‘Met die strydwaens van my strydwamag

het ek die hoogste berge bestyg,

die uithoeke van die Libanon.

Ek het sy hoogste seders afgekap,

die keur van sy sipresse.

Ek het sy verste oornagplekke binnegegaan,

sy digste struikgewasse.

<sup>24</sup> Ek is die een wat gegrawe

en vreemde water gedrink het.

Met my voetsole

het ek al die strome van Egipte drooggelê.’

<sup>25</sup> “ Het jy dit nie gehoor nie?

In die verre verlede het Ek juis dit voorberei;

---

\*19:21 maagd ... Sion: Klaagl 2:13

\*19:22 Heilige van Israel: Ps 71:22; Jes 5:24; Jer 51:5

<sup>y</sup>19:23 die Heer: Word ook vertaal: “my Heer”.

in die voortyd het Ek dit beplan.

Nou laat Ek dit aanbreek —

dat jy versterkte stede tot puinhope verwoes.

<sup>26</sup> Hulle inwoners was magteloos,<sup>z</sup>

verskrik en beskaamd.

Hulle was veldplante en groen spriete,

gras op die dakke —

verskroeid voordat dit saad maak.\*

<sup>27</sup> “ Jou sit, jou uittrek en jou terugkeer<sup>a</sup> —

Ek ken dit,\*

ook jou getier teen My.

<sup>28</sup> Omdat jy so teen My getier het,

jou astrartheid my ore bereik het,

sit ek my haak deur jou neus<sup>b</sup>

en my stang in jou mond.

Ek laat jou terugkeer met die pad waarmee jy gekom het.

<sup>29</sup> “ Dit sal vir jou, Hiskia,<sup>c</sup> die teken wees:

Eet vanjaar die opslaggraan,

in die tweede jaar dit wat self opkom;

maar in die derde jaar moet julle saai en oes,

---

<sup>z</sup>**19:26 magteloos:** Letterlik ‘kort van hand’.

<sup>\*</sup>**19:26 gras ... maak:** Ps 129:6

<sup>a</sup>**19:27 uittrek ... terugkeer:** Dit verwys na militêre veldtogte waar die manskappe uit die stad uittrek en terugkeer.

<sup>\*</sup>**19:27 Jou ... dit:** Ps 139:2-3

<sup>b</sup>**19:28 sit ... neus:** 'n Haak is deur gevangenes se neuse gesit om hulle weg te lei.

<sup>c</sup>**19:29 Hiskia:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

wingerde plant en die vrugte daarvan eet.

<sup>30</sup> “ Wat van die huis van Juda ontkom het,  
wat oorgebly het,  
sal na onder wortel skiet,  
en na bo vrugte dra.

<sup>31</sup> Ja, uit Jerusalem sal 'n oorblyfsel uitspruit,  
uit die berg Sion dit wat ontkom het.  
Die ywer van die HERE, heerser oor alle magte,  
sal dit doen.\*”

<sup>32</sup> “Daarom, so sê die HERE oor die koning van Assirië,  
“ ‘Hy sal hierdie stad nie binnekom nie;  
hy sal daarin nie 'n pyl afskiet nie;  
hy sal daarteen nie opruk met 'n skild nie;  
hy sal nie 'n beleëringswal\* daarteen ophoop nie.

<sup>33</sup> Met die pad waarmee hy gekom het,  
daarmee sal hy terugkeer,  
en hierdie stad sal hy nie binnekom nie,’  
is die uitspraak van die HERE.

<sup>34</sup> \*Ek sal hierdie stad afskerm om dit te red,  
om my ontwil en ter wille van Dawid,  
my dienskneg.\*’ ”

---

\*19:31 Die ywer ... doen: Jes 9:6

\*19:32 beleëringswal: 2 Sam 20:15; Jer 6:6; Eseg 4:2; 26:8

\*19:34 2 Kon 20:6; Jes 31:5

\*19:34 ter ... dienskneg: 1 Kon 11:12-13

<sup>35</sup> \*Daardie nag het 'n engel van die HERE<sup>d</sup> uitgetrek en in die kamp van die Assiriërs honderd vyf-en-tagtigduisend verslaan. Toe hulle vroeg die oggend opstaan, kyk, toe is hulle almal lyke — morsdood!

<sup>36</sup> Daarop het Sanherib, die koning van Assirië, kamp opgebreek, weggetrek en teruggegaan. Hy het in Nineve\* gebly. <sup>37</sup> En toe, terwyl hy besig was om in aanbidding te kniel in die tempel van Nisrok, sy god, het sy seuns Adrammelek\* en Sareser hom met die swaard neergevel. Hulle het na veiligheid in die land Ararat gevlug. Esarhaddon, sy seun, het in sy plek koning geword.

## 20

### Hiskia se siekte en herstel

<sup>1</sup> \*In dié tyd het Hiskia\* dodelik siek geword. Jesaja, seun van Amos,\* die profeet, het by hom aangekom en vir hom gesê: “So sê die HERE, ‘Gee die laaste opdragte oor jou huisgesin, want jy gaan sterf, jy sal nie leef nie.’ ” <sup>2</sup> Hiskia het sy gesig na die muur gedraai, tot die HERE gebid en gesê: <sup>3</sup> “Ag HERE, dink tog daaraan dat ek voor U geleef het in getrouheid en met 'n onverdeelde hart, dat ek gedoen het wat goed is in U oë.\*” Hiskia het toe bitterlik gehuil.

<sup>4</sup> Jesaja was nog nie by die middelste voorhof uit nie, toe die woord

---

\*19:35 2 Kron 32:21; Hos 1:7

<sup>d</sup>19:35 engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Dit word ook vertaal: “die boodskapper van die HERE” (Rig 2:1).

\*19:36 Nineve: Gen 10:11; Jona 3:3

\*19:37 Adrammelek: 2 Kon 17:31

\*20:1-11 Jes 38:1-8,21-22; 2 Kron 32:24

\*20:1 Hiskia: 2 Kon 16:20; 18:1-8; 2 Kron 29:1 — 32:33

\*20:1 Jesaja ... Amos: 2 Kon 19:2; Jes 1:1

\*20:3 dat ek voor ... oë: 2 Kon 18:3-6

van die HERE tot hom kom en sê: <sup>5</sup> “Draai om en sê vir Hiskia, die leier<sup>e</sup> van my volk, ‘So sê die HERE, die God van jou voorvader Dawid: “Ek het jou gebed gehoor;\* Ek het jou tranes gesien.\* Kyk, Ek gaan jou gesond maak. Op die derde dag sal jy weer opgaan na die huis van die HERE.

<sup>6</sup> Ek sal vyftien jaar by jou lewensdae voeg, en uit die greep van die koning van Assirië sal Ek jou en hierdie stad losruk. Ek sal hierdie stad afskerm om my ontwil en ter wille van Dawid, my dienskneg.\*” ’ ”

<sup>7</sup> Toe sê Jesaja: “Bring 'n blok saamgeperste droë vye!” Hulle het dit gebring en op die sweer gesit; en hy het bly leef. <sup>8</sup> Daarop vra Hiskia vir Jesaja: “Wat is die teken dat die HERE my gesond sal maak, en dat ek op die derde dag sal opgaan na die huis van die HERE?” <sup>9</sup> Jesaja het geantwoord: “Dit sal vir jou van die HERE af die teken wees dat die HERE die woord wat Hy gespreek het, sal uitvoer: Moet die skaduwee tien eenhede<sup>f</sup> vorentoe skuif,<sup>g</sup> of moet dit tien eenhede terugskuif?” <sup>10</sup> Hiskia sê toe: “Dit is maklik vir die skaduwee om tien eenhede vooruit te skuif. Nee, die skaduwee moet eerder tien eenhede terugskuif.” <sup>11</sup> Toe het Jesaja, die profeet, die HERE aangeroop, en Hy het die skaduwee wat reeds op die sonwyser van Agas afgesak het, tien eenhede laat terugskuif.

---

<sup>e</sup>20:5 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

\*20:5 Ek ... gehoor: Vgl 2 Kon 19:20

\*20:5 Ek ... gesien: Ps 39:13; 56:9

\*20:6 Ek sal hierdie ... dienskneg: 2 Kon 19:34

<sup>f</sup>20:9 10 eenhede: Dit verwys na eenhede op 'n groot sonwyser wat deur Agas opgerig is; vgl 2 Kon 20:11.

<sup>g</sup>20:9 Moet ... skuif: Die •Septuagint, •Vulgaat en •Targum word hier gevolg. Die •bronteks lui: “Die skaduwee het tien eenhede vorentoe geskuif.”



## Gesante uit Babel

<sup>12</sup>\* In daardie tyd het Merodak-Baladan,<sup>h</sup> die seun van Baladan, die koning van •Babel, briewe en 'n geskenk aan Hiskia\* gestuur, want hy het gehoor dat Hiskia siek is. <sup>13</sup> Hiskia het die boodskappers te woord gestaan en hulle sy hele skatkamer gewys — die silwer, die goud, die speserye en die kosbare olie — ook sy arsenaal en alles wat in sy voorraadkamers te vinde was. Daar was niks in sy paleis en in sy hele koninkryk wat Hiskia hulle nie gewys het nie.

<sup>14</sup> Jesaja,\* die profeet, het na koning Hiskia gekom en hom gevra: “Wat het hierdie manne gesê, en waarvandaan het hulle na jou toe gekom?” Hiskia het geantwoord: “Uit 'n ver land het hulle gekom, uit Babel.”

<sup>15</sup> Jesaja vra toe: “Wat het hulle in jou paleis gesien?” Hiskia het geantwoord: “Alles wat in my paleis is, het hulle gesien. Daar is niks in my voorraadkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie.” <sup>16</sup> Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Hoor die woord van die HERE, <sup>17</sup>\* “Kyk, daar kom 'n tyd wanneer alles wat in jou paleis is en wat jou voorouers opgegaan het tot vandag toe, weggedra sal word na Babel; daar sal niks oorbly nie,’ het die HERE gesê. <sup>18</sup> ‘En van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal hulle neem, en hulle sal paleisamptenare<sup>i</sup> word in die paleis van die koning van Babel.’ ” <sup>19</sup> Hiskia sê toe vir Jesaja: “Die woord van die HERE wat jy gespreek het, is goed.” Hy het gedink: Sal daar dan nie

---

\*20:12-19 Jes 39:1-8

<sup>h</sup>20:12 Merodak-Baladan: Verskeie Hebreeuse mss en vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “Berodak-Baladan”; vgl egter Jes 39:1.

\*20:12 Hiskia: 2 Kon 20:1

\*20:14 Jesaja: 2 Kon 20:1

\*20:17 2 Kon 24:13; 25:13; Jer 27:19-22

<sup>i</sup>20:18 paleisamptenare: Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

tog maar net vrede en bestendigheid in my tyd wees nie?

## Hiskia se dood

<sup>20</sup> \*Die verdere geskiedenis van Hiskia, al sy magtige daede, dat hy die dam en die waterkanaal gemaak, en die water na die stad gebring het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>j</sup> van die konings van Juda nie? <sup>21</sup> Hiskia het by sy voorouers gaan rus, en sy seun Manasse\* het in sy plek koning geword.

# 21

## Manasse koning van Juda

<sup>1</sup> \*\*Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-vyftig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Gefsiba. <sup>2</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. In ooreenstemming met die afstootlike gebruike van die nasies wat die HERE voor die Israeliete uit verdryf het, <sup>3</sup> het hy die offerhoogtes<sup>k</sup> wat Hiskia, sy pa, vernietig het,\* weer opgebou. Hy het

---

\*20:20-21 2 Kron 32:32-33

<sup>j</sup>20:20 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\*20:21 sy seun Manasse: Matt 1:10

\*21:1-16 2 Kron 33:1-10

\*21:1 2 Kron 33:1

<sup>k</sup>21:3 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

\*21:3 wat Hiskia ... vernietig het: 2 Kon 18:4

altare opgerig vir Baäl<sup>1</sup> en 'n asjera<sup>m</sup> gemaak, soos wat Agab,<sup>\*</sup> die koning van Israel, gemaak het; en hy het voor al die hemelliggame in aanbidding gebuig en hulle gedien.<sup>\*</sup> <sup>4</sup>Hy het selfs altare in die huis van die HERE gebou, die plek waarvan die HERE gesê het: “In Jerusalem sal Ek my Naam vestig.”<sup>\*</sup> <sup>5</sup>In die twee voorhowe<sup>\*</sup> van die huis van die HERE het hy altare gebou vir al die hemelliggame. <sup>6</sup>Hy het sy seun in die vuur geoffer,<sup>n</sup> voortekens gelees, wiggelary beoefen en dodebesweerders en waarsêers<sup>\*</sup> aangestel. Hy het baie dinge gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, om Hom uit te tart. <sup>7</sup>Hy het die gesnede beeld van Asjera<sup>o</sup> wat hy gemaak het, in die •tempel geplaas, die plek waarvan die HERE vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: “In hierdie tempel en in Jerusalem, wat Ek onder al die stamme van Israel gekies het, sal Ek my Naam vir altyd vestig. <sup>8</sup>Ek sal nie meer die voete van Israel laat rondswerf, weg van die grond wat Ek aan hulle voorouers gegee het nie, as hulle maar net nougeset alles doen wat Ek hulle beveel het — die

---

<sup>1</sup>**21:3 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

<sup>m</sup>**21:3 asjera:** 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera.

<sup>\*</sup>**21:3 gemaak ... Agab:** 1 Kon 16:29-33

<sup>\*</sup>**21:3 voor ... gedien:** Vgl 2 Kon 17:16

<sup>\*</sup>**21:4** Jer 7:30

<sup>\*</sup>**21:4 In Jerusalem ... vestig:** 1 Kon 8:29; 9:3

<sup>\*</sup>**21:5 twee voorhowe:** 1 Kon 6:36; 7:12; 2 Kon 23:12

<sup>\*</sup>**21:6** Lev 18:21; 19:26

<sup>n</sup>**21:6 in ... geoffer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “deur die vuur laat gaan”.

<sup>\*</sup>**21:6 dodebesweerders en waarsêers:** 2 Kon 23:24

<sup>o</sup>**21:7 Asjera:** 'n Godin wat veral in Fenisië vereer is, maar ook in Palestina, waar sy beskou is as die vrou van •Baäl.

hele wet wat my dienskneg Moses hulle beveel het.”

<sup>9</sup>Maar hulle het nie geluister nie, en Manasse het hulle verlei om meer kwaad te doen as die nasies wat die HERE voor die Israëliete uitgedelg

het. <sup>10</sup>Die HERE het by monde van sy diensknegte, die profete, gesê:

<sup>11</sup>“\*Omdat Manasse, die koning van Juda, hierdie afstootlike dinge gedoen het — hy het meer kwaad gedoen as alles wat die Amoriëte voor hom gedoen het,\* en hy het ook Juda laat sondig met sy afgodsbeelde — <sup>12</sup>daarom, so sê die HERE, die God van Israel,

“ ‘Kyk, Ek gaan so 'n onheil oor Jerusalem en Juda bring, dat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal tuit.\*

<sup>13</sup>Ek gaan oor Jerusalem die maatlyn van Samaria span, en die skietlood van die huis van Agab.\*

Ek gaan Jerusalem skoonvee

soos mens 'n skottel skoonvee —

as dit skoongevee is, word dit omgekeer.

<sup>14</sup>Ek sal die oorblyfsel van my erfenis verstoot;

Ek sal hulle oorgee in die hand van hulle vyande.

Hulle sal buit word en oorlogsroof vir al hulle vyande,

<sup>15</sup>omdat hulle gedoen het wat verkeerd is in my oë

en My bly uittart het,

van die dag dat hulle voorouers uit Egipte getrek het

tot vandag toe.’ ”

<sup>16</sup>Boonop het Manasse so baie onskuldige bloed vergiet dat hy Jerusalem daarmee van hoek tot kant gevul het. Dit was afgesien van sy

---

\*21:11 2 Kon 23:26; 24:3-4; Jer 15:4

\*21:11 alles ... gedoen het: Vgl Gen 15:16

\*21:12 Kyk ... tuit: 1 Sam 3:11; Jer 19:3

\*21:13 Ek gaan oor ... Agab: Jes 28:17; 34:11

sonde waarmee hy Juda laat sondig het deur te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE.

<sup>17</sup> \*Die verdere geskiedenis van Manasse, alles wat hy gedoen het, en die sonde wat hy gepleeg het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>p</sup> van die konings van Juda nie? <sup>18</sup> Manasse het by sy voorouers gaan rus, en hy is begrawe in die tuin van sy paleis, in die tuin van Ussa.\* Sy seun Amon\* het in sy plek koning geword.

### **Amon koning van Juda**

<sup>19</sup> \*Amon was twee-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het twee jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Mesullemet, dogter van Garus, uit Jotba. <sup>20</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, soos sy pa Manasse\* gedoen het. <sup>21</sup> Hy het die pad wat sy pa geloop het, volledig gevolg. Hy het die afgodsbeelde gedien wat sy pa gedien het, en voor hulle in aanbidding gebuig. <sup>22</sup> Hy het die HERE, die God van sy voorouers, verlaat. Hy het nie die pad van die HERE gevolg nie. <sup>23</sup> Amon se amptenare het toe 'n komplot teen hom gesmee. Hulle het die koning in sy paleis doodgemaak. <sup>24</sup> Maar die volk van die land het almal wat teen koning Amon 'n komplot gesmee het, doodgemaak. Toe het die volk van die land Josia, sy seun,\* in sy plek koning gemaak.

<sup>25</sup> Die verdere geskiedenis van Amon, wat hy gedoen het, is dit nie

---

\***21:17-18** 2 Kron 33:18-20

<sup>p</sup>**21:17 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\***21:18 tuin van Ussa:** 2 Kon 21:26

\***21:18 Sy seun Amon:** 2 Kron 33:20; Matt 1:10

\***21:19-24** 2 Kron 33:21-25

\***21:20 sy pa Manasse:** 2 Kon 21:1-18; 2 Kron 33:1-20

\***21:24 Josia, sy seun:** Matt 1:10

opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>q</sup> van die konings van Juda nie? <sup>26</sup> Hy is begrawe in sy graf in die tuin van Ussa.\* Sy seun Josia het in sy plek koning geword.

## 22

### Josia koning van Juda

<sup>1</sup> \* Josia was slegs agt jaar oud toe hy koning geword\* het, en hy het een-en-dertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Jedida, dogter van Adaja, uit Boskat. <sup>2</sup> Hy het gedoen wat reg is in die oë van die HERE. Hy het in alle opsigte die pad van sy voorvader Dawid gevolg en nie links of regs daarvan afgewyk nie.

<sup>3</sup> \* In die agtiende regeringsjaar van koning Josia het die koning vir Safan, seun van Asalja, seun van Mesullam, die sekretaris, na die huis van die HERE gestuur met die opdrag: <sup>4</sup> \* “Gaan op na Gilkija, die hoëpriester, en laat hy die geld gereedkry wat na die huis van die HERE gebring is, die geld wat die deurwagters by die volk ingesamel het. <sup>5</sup> Hulle moet dit oorhandig aan die werksvoormanne wat aangestel is by die huis van die HERE, sodat hulle dit op hulle beurt vir die manne kan gee wat die werk doen, dié wat in die huis van die HERE is om die bouvallige plekke in die tempel te herstel, <sup>6</sup> aan die skrynwerkers, die bouers en die messelaars, om hout en gekapte klip te koop vir die herstel van die tempel.”

---

<sup>q</sup>21:25 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 2 Kon 21:17.

\*21:26 tuin van Ussa: 2 Kon 21:18

\*22:1-2 2 Kron 34:1-2

\*22:1 Josia ... geword: 2 Kon 21:26

\*22:3-7 2 Kron 34:8-12

\*22:4-6 2 Kon 12:4-12

<sup>7</sup>\* Daar is egter nie van hulle rekenskap geëis oor die geld wat aan hulle oorhandig is nie, want hulle was betroubaar in hulle werk.

<sup>8</sup>\* Gilkija, die hoëpriester, sê toe vir Safan, die sekretaris: “Dié •boekrol met die wet het ek in die huis van die HERE gevind.”\* Gilkija het die boekrol vir Safan gegee, en hy het dit gelees. <sup>9</sup> Toe Safan, die sekretaris, by die koning kom, het hy aan die koning verslag gedoen en gesê: “U dienaars het die geld wat in die tempel gevind is,<sup>r</sup> uitgeskud en dit oorhandig aan die werksvoormanne wat aangestel is by die huis van die HERE.” <sup>10</sup> Toe lig Safan, die sekretaris, die koning in: “Hier is 'n boekrol wat Gilkija, die priester, vir my gegee het.” Safan lees dit toe vir die koning.

<sup>11</sup> Toe die koning die woorde van die boekrol met die wet hoor, het hy sy klere geskeur. <sup>12</sup> Die koning het Gilkija, die priester, en ook Agikam,\* seun van Safan, Akbor, seun van Miga, Safan, die sekretaris, en Asaja, die koning se dienaar, hierdie opdrag gegee: <sup>13</sup> “Gaan raadpleeg die HERE namens my en die volk en die hele Juda oor die woorde van hierdie boekrol wat gevind is, want die HERE se woede wat teen ons ontvlam het, is groot, omdat ons voorouers nie gehoorsaam was aan die woorde van hierdie boekrol deur nie op te tree in ooreenstemming met alles wat daarop geskryf is nie.”

<sup>14</sup> Gilkija, die priester, Agikam, Akbor, Safan en Asaja het toe na Gulda, die profetes, gegaan. Sy was die vrou van Sallum, seun van Tikwa, seun van Gargas, die toesighouer oor die priesterklere. Sy het in

---

\*22:7 2 Kon 12:15

\*22:8 — 23:4 2 Kron 34:14-33

\*22:8 Dié boekrol ... gevind: Deut 31:24-26; 2 Kron 34:14-15

<sup>r</sup>22:9 geld ... gevind is: Dit verwys na die geld in die kis langs die altaar; vgl 2 Kon 12:9.

\*22:12 Agikam: 2 Kon 25:22; Jer 26:24; 39:14; 40:5

Jerusalem, in die nuwe stadsdeel gebly. Hulle het met haar gaan praat,<sup>15</sup> en sy het hulle geantwoord: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Sê vir die man wat julle na my gestuur het,<sup>16</sup> so sê die HERE: “Kyk, Ek gaan onheil bring oor hierdie plek en sy inwoners — al die woorde van die boekrol wat die koning van Juda gelees het —<sup>17</sup> \* omdat hulle My verlaat het, en vir ander gode offers verbrand en My gevolglik uitgetart het met al hulle handewerk. My woede het teen hierdie plek ontvlam en dit sal nie geblus word nie.” ’<sup>18</sup> En aan die koning van Juda, wat julle gestuur het om die HERE te raadpleeg, aan hom moet julle so sê, ‘So sê die HERE, die God van Israel: “Wat die woorde betref wat jy gehoor het —<sup>19</sup> \* omdat jou hart sag is, en jy jouself voor die HERE verneder het toe jy gehoor het wat Ek oor hierdie plek en sy inwoners gesê het, dat hulle 'n skrikbeeld en vervloeking<sup>s</sup> sal word, en omdat jy jou klere geskeur en voor My gehuil het, sal ook Ek gehoor gee,” is die uitspraak van die HERE.<sup>20</sup> “\*Daarom, kyk, Ek gaan jou met jou voorouers verenig; jy sal in vrede in jou familiegraf met hulle verenig word, en jou oë sal nie al die onheil sien wat Ek oor hierdie plek gaan bring nie.” ’ ’ ”

Hulle het toe aan die koning verslag gedoen.

---

\*22:17 Deut 29:25-27; 32:21-22; 1 Kon 9:9

\*22:19 Vgl 1 Kon 21:29

<sup>s</sup>22:19 **vervloeking**: Die Hebreeuse woord veronderstel dat die plek en inwoners se name gebruik word om 'n vloek uit te spreek.

\*22:20 2 Kon 23:30



### Hernuwing van die verbond

<sup>1</sup> **\*\*Die koning<sup>t</sup> het boodskappers uitgestuur, en hulle het al die oudstes<sup>u</sup>** van Juda en Jerusalem by hom byeengebring. <sup>2</sup> Die koning het toe opgegaan na die huis van die HERE; al die manne van Juda en al die inwoners van Jerusalem was saam met hom, ook die priesters en die profete, ja, die hele volk, van klein tot groot. Ten aanhore van hulle almal het hy al die woorde van die •boekrol met die verbond wat in die huis van die HERE gevind is,<sup>\*</sup> voorgelees. <sup>3</sup> Daarna het die koning by die pilaar gaan staan<sup>\*</sup> en in die teenwoordigheid van die HERE die verbond gesluit. Hulle het onderneem<sup>v</sup> om die HERE te volg, om sy gebooie, sy bepalings en sy vaste voorskrifte met hulle hele hart en hulle hele wese na te kom, deur die woorde van hierdie verbond wat op hierdie boekrol geskryf is, gestand te doen.<sup>\*</sup> Die hele volk het tot die verbond toegetree.<sup>w</sup>

<sup>4</sup> **\*Die koning het toe vir Gilkija, die hoëpriester, vir die priesters**

---

\***23:1-3** 2 Kron 34:29-31

\***23:1-3** 2 Kron 34:28-32; vgl Deut 17:18-19

<sup>t</sup>**23:1 Die koning:** Josia; 2 Kon 22:1

<sup>u</sup>**23:1 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

\***23:2 boekrol ... gevind is:** 2 Kon 22:8

\***23:3 pilaar gaan staan:** 2 Kon 11:14

<sup>v</sup>**23:3 Hulle het onderneem:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***23:3 Hulle ... te doen:** Deut 13:4

<sup>w</sup>**23:3 tot ... toegetree:** Dit verwys na die simboliese handeling by die sluiting van 'n verbond; vgl Eks 24:7-8; Deut 27:14-26.

\***23:4-20** 2 Kron 34:3-7

tweede in rang, en ook die deurwagters, opdrag gegee om uit die tempel van die HERE al die voorwerpe wat vir Baäl<sup>x</sup> en Asjera,<sup>y</sup> asook al die hemelliggame gemaak is, uit te bring. Hy het dit buite Jerusalem op die terrasse by die Kidron verbrand en die as daarvan na Bet-El<sup>\*</sup> geneem. <sup>5</sup> Hy het weggedoen met die afgodspriesters wat die konings van Juda aangestel het, hulle wat offers verbrand het op die offerhoogtes<sup>z</sup> in die dorpe van Juda en in die omgewing van Jerusalem, en ook van dié wat offers verbrand het vir Baäl, vir die son en maan, die sterrebeelde in die diereriem, en al die ander hemelliggame.<sup>\*</sup> <sup>6</sup> Hy het ook die asjera<sup>a</sup> uit die huis van die HERE na die Kidrondal<sup>\*</sup> buite Jerusalem geneem. Hy het dit in die Kidrondal verbrand, dit fyngestamp tot stof, en die stof weggegooi by die begraafplek van die gewone mense.<sup>\*</sup> <sup>7</sup> Hy het die vertrekke van die manlike tempelprostitute<sup>b</sup> wat in die huis van die HERE was en waar die vroue

---

<sup>x</sup>**23:4 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat daar geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

<sup>y</sup>**23:4 Asjera:** 'n Godin wat veral in Fenisië vereer is, maar ook in Palestina, waar sy beskou is as die vrou van •Baäl.

<sup>\*</sup>**23:4 Bet-El:** Gen 12:8; 28:19; 35:3; 1 Kon 12:29

<sup>z</sup>**23:5 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

<sup>\*</sup>**23:5 vir die ... hemelliggame:** 2 Kon 21:3

<sup>a</sup>**23:6 asjera:** 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; Baäl.

<sup>\*</sup>**23:6 Kidrondal:** 2 Sam 15:23; 1 Kon 2:37; 15:13; vgl Joh 18:1

<sup>\*</sup>**23:6 fyngestamp ... mense:** Eks 32:20

<sup>b</sup>**23:7 manlike tempelprostitute:** In die vrugbaarheidsgodsdiens was daar manne en vroue wat by die tempels as prostitute diens gedoen het; •Agter aan hoereer; vgl Deut 23:17.

afskortings<sup>c</sup> gewef het vir Asjera, afgebreek. <sup>8</sup> Hy het al die priesters uit die dorpe van Juda laat kom en die offerhoogtes waar die priesters offers verbrand het, verontreinig,<sup>d</sup> van Geba tot Berseba.<sup>e</sup> Hy het die offerhoogtes by die stadspoorte afgebreek, dié wat by die ingang na die poort van Josua, die stadsbestuurder, was, aan die linkerkant wanneer 'n mens by die stadspoort ingaan. <sup>9</sup> Die priesters van die offerhoogtes het egter nie na die HERE se altaar in Jerusalem opgegaan nie, maar hulle het ongesuurde brood geëet saam met hulle stamgenote. <sup>10</sup> Hy het ook Tofet,<sup>f</sup> wat in die vallei van Ben-Hinnom was, verontreinig, sodat niemand sy seun of sy dogter vir •Molek<sup>g</sup> in die vuur sou offer<sup>h</sup> nie.

<sup>11</sup> Hy het weggedoen met die perde wat die konings van Juda aan die songod opgedra het, by die ingang na die huis van die HERE, by Netan-Melek, die paleisamptenaar,<sup>i</sup> se eetvertrek,<sup>j</sup> wat in die buitegeboue<sup>k</sup> was. Die strydwaens van die songod het hy verbrand. <sup>12</sup> Die altare wat op die

---

<sup>c</sup>**23:7 afskortings:** Letterlik ‘huise’. Waarskynlik afskortings in die vertrekke van die manlike prostitute. Verskillende mss van die •Septuagint lui: “kledingstukke”.

<sup>d</sup>**23:8 verontreinig:** Die offerhoogtes wat deur die Baälaanbidders as rein beskou is, is •onrein gemaak deur byvoorbeeld beendere van mense daarop te gooi.

<sup>e</sup>**23:8 Geba tot Berseba:** Dit dui die noordelike en suidelike grensdorpe van Juda aan.

<sup>f</sup>**23:10 Tofet:** Dit verwys na die kultiese plek tussen die Hinnom- en Kidronvalleie waar kinders aan die afgod Molek geoffer is.

<sup>g</sup>**23:10 Molek:** Molek of Milkom was die god van die Ammoniete; vgl 1 Kon 11:7.

<sup>h</sup>**23:10 in ... offer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “deur die vuur laat gaan”.

<sup>i</sup>**23:11 paleisamptenaar:** In Hebreeus *saris*. Dit was gewoonlik 'n ontmande haremopsigter.

<sup>j</sup>**23:11 eetvertrek:** By 'n heiligdom was dit gewoonlik 'n vertrek met sitplekke van klip aan drie kante. Die een kant was oop na 'n binnehof.

<sup>k</sup>**23:11 buitegeboue:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

dak van die bovertrek van Agas was, wat die konings van Juda opgerig het, en die altare wat Manasse opgerig het in die twee voorhove van die huis van die HERE,\* het die koning afgebreek. Hy het dit vinnig daarvandaan verwyder en die stof daarvan in die Kidrondal gegooi.

<sup>13</sup> Die offerhoogtes wat oos van Jerusalem was, aan die suidekant van die Berg van Ergernis,<sup>1</sup> het die koning verontreinig, die offerhoogtes wat Salomo, die koning van Israel, opgerig het vir Astarte, die verfoeilike godin van die Sidoniërs, vir Kemos,\* die verfoeilike god van Moab, en vir Milkom, die afstootlike god van die Ammoniete. <sup>14</sup> Hy het die gedenkstene<sup>m</sup> stukkend gebreek, die asjeras<sup>n</sup> afgekap en die plekke daarvan met mensbeendere gevul.

<sup>15</sup> \*Selfs die altaar wat in Bet-El was en die offerhoogte wat Jerobeam, seun van Nebat, opgerig het, waarmee hy Israel laat sondig het, selfs daardie altaar en die offerhoogte het hy afgebreek. Hy het die offerhoogte afgebrand, tot stof vergruis en die asjera verbrand. <sup>16</sup> \*Toe Josia omdraai, sien hy die grafte wat daar op die heuwel was. Hy het toe die beendere uit die grafte laat haal. Hy het dit op die altaar verbrand en dit verontreinig, ooreenkomstig die woord van die HERE wat die man van God uitgeroep het, hy wat hierdie gebeure aangekondig het.

---

\***23:12 altare wat Manasse ... HERE:** 2 Kon 21:5

<sup>1</sup>**23:13 Berg van Ergernis:** Die bronteks kan ook vertaal word: “Berg van Verwoesting”. Dit is 'n neerhalende verwysing na die Olyfberg.

\***23:13 Kemos:** Rig 11:24; 1 Kon 11:33; Jer 48:13

<sup>m</sup>**23:14 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

<sup>n</sup>**23:14 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

\***23:15** 1 Kon 12:32; 13:32

\***23:16** 1 Kon 13:2

<sup>17</sup> Josia het gevra: “Watter grafsteen is dit wat ek hier sien?” Die manne van die dorp het hom geantwoord: “Dit is die graf van die man van God wat uit Juda gekom en hierdie gebeure voorspel het, dit wat u met die altaar van Bet-El gedoen het.”\* <sup>18</sup> Daarop sê hy: “Laat hom met rus; niemand moet sy beendere versteur nie.” Hulle het sy beendere en die beendere van die profeet wat uit Samaria gekom het, ongeskonde gelaat.

<sup>19</sup> Ook al die tempels op die offerhoogtes wat in die dorpe van Samaria<sup>o</sup> was, wat die konings van Israel opgerig het om die HERE<sup>p</sup> uit te tart, het Josia verwyder. Hy het daarmee gemaak net soos wat hy in Bet-El gedoen het. <sup>20</sup> \*Hy het al die priesters van die offerhoogtes wat daar was, op die altare geslag en mensbeendere daarop verbrand.\* Toe het hy na Jerusalem teruggekeer.

<sup>21</sup> Daarna het die koning die hele volk opdrag gegee en gesê: “Vier die Pasga<sup>q</sup> vir die HERE julle God, soos dit geskryf staan op hierdie boekrol met die verbond.” <sup>22</sup> Ja, 'n Pasga soos hierdie is nie gevier sedert die tyd van die rigters wat Israel gerig het nie, ook nie gedurende al die dae van die konings van Israel en die konings van Juda nie. <sup>23</sup> \*Maar eers in die agtiende regeringsjaar van koning Josia is hierdie Pasga vir die

---

\***23:17 Dit is ... gedoen het:** 1 Kon 13:1,30

<sup>o</sup>**23:19 dorpe van Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

<sup>p</sup>**23:19 die HERE:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***23:20** 2 Kron 34:5

\***23:20 op ... verbrand:** 1 Kon 13:2

<sup>q</sup>**23:21 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\***23:23** 2 Kron 35:1-19

HERE in Jerusalem gevier.

<sup>24</sup> Ook die dodebesweerders en waarsêers, die huisgode<sup>r</sup> en die afgodsbeelde, al die verfoeilike gode wat in die land Juda en in Jerusalem te sien was, het Josia uitgeroei, om uitvoering te gee aan die woorde van die wet wat opgeteken was in die boekrol wat Gilkija, die priester, in die huis van die HERE gevind het.\* <sup>25</sup> 'n Koning soos hy was daar nie voor hom nie — iemand wat na die HERE terugkeer het met sy hele hart en met sy hele wese en met al sy krag,\* in ooreenstemming met die hele wet van Moses. En ná hom het daar ook nie iemand soos hy opgestaan nie.

<sup>26</sup> En tog het die HERE nie afgesien van sy verskriklike gloeiende toorn wat teen Juda gebrand het oor al die treiterings waarmee Manasse hom getart het\* nie. <sup>27</sup> Die HERE het gesê: “Ook Juda sal Ek uit my teenwoordigheid verwyder, soos Ek Israel verwyder het;\* en Ek sal hierdie stad, Jerusalem, wat Ek uitverkies het, verwerp, asook die tempel waarvan Ek gesê het, ‘My Naam sal daar wees.’ ”

### **Josia se dood**

<sup>28</sup> \*Die verdere geskiedenis van Josia en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>s</sup> van die konings van Juda nie? <sup>29</sup> In sy tyd het farao Neko, die koning van Egipte,\* teen die

---

<sup>r</sup>23:24 huisgode: Beeldjies wat mense in hulle afgodsdiens gebruik het.

\*23:24 boekrol ... gevind het: 2 Kon 22:8

\*23:25 met sy hele hart ... krag: Deut 6:5

\*23:26 treiterings ... getart het: 2 Kon 21:2-11

\*23:27 soos ... verwyder het: 2 Kon 17:18,20; 18:11

\*23:28-30 2 Kron 35:20-27

<sup>s</sup>23:28 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

\*23:29 farao ... Egipte: 2 Kon 23:33-35; 24:7; Jer 46:2

koning van Assirië opgetrek na die Eufraatrivier.<sup>t</sup> Koning Josia het hom tegemoetgetrek, maar Neko het hom by Megiddo\* doodgemaak toe hy hom teenkom.<sup>30</sup> Sy dienaars het hom dood op 'n strydwa teruggebring van Megiddo af. Hulle het hom na Jerusalem\* geneem en hom in sy graf neergelê. Die volk van die land het Joahas, 'n seun van Josia, geneem, hom gesalf en hom koning gemaak in die plek van sy pa.

### Joahas koning van Juda

<sup>31</sup>\* Joahas was drie-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Gamutal, dogter van Jeremia, uit Libna.\*<sup>32</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, presies soos sy voorvaders gedoen het.<sup>33</sup> Farao Neko het hom in Ribla, in die land Hamat,\* gevange gehou — hy kon nie in Jerusalem regeer nie. Neko het ook die land 'n boete opgelê van honderd kikar<sup>u</sup> silwer en 'n kikar<sup>v</sup> goud.  
<sup>34</sup>\* Farao Neko het Eljakim, 'n seun van Josia, koning gemaak in die plek van sy pa Josia, en het sy naam verander na Jojakim. Joahas het hy geneem en met hom na Egipte gegaan. Joahas het daar gesterf.

---

<sup>t</sup>**23:29 Eufraatrivier:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

\***23:29 Megiddo:** Vgl 2 Kon 9:27; Op 16:16

\***23:30 Jerusalem:** 2 Kon 23:1; 2 Kron 36:1

\***23:31-33** 2 Kron 36:1-3

\***23:31 Sy ... Libna:** Jos 10:29-30; 2 Kon 8:22; 19:8

\***23:33 Ribla ... Hamat:** 2 Kon 25:6,20-21; Jer 39:5-6; 52:9-10,26-27

<sup>u</sup>**23:33 100 kikar:** Ongeveer 3 420 kg; •Geldeenhede.

<sup>v</sup>**23:33 'n kikar:** Ongeveer 34,2 kg.

\***23:34** 2 Kron 36:4

## Jojakim koning van Juda

<sup>35</sup> \*Die silwer en die goud het Jojakim aan die farao gelewer. Hy moes egter die land belas om die geld op bevel van die farao te kon lewer. Volgens elkeen se geskatte waarde<sup>w</sup>, het hy die silwer en die goud by die volk van die land ingevorder om dit aan farao Neko te lewer.

<sup>36</sup> \*Jojakim was vyf-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Sebida, dogter van Pedaja, uit Ruma. <sup>37</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, presies soos sy voorvaders gedoen het.

## 24

<sup>1</sup> \*\*In sy tyd het Nebukadnesar, die koning van Babel, opgetrek, en Jojakim\* was drie jaar lank sy dienaar. Maar toe hy daarna weer teen hom in opstand kom, <sup>2</sup> het die HERE roofbendes van die Galdeërs,<sup>x</sup> Arameërs,\* Moabiete\* en Ammoniete\* teen hom gestuur. Die HERE het

---

\*23:35 2 Kon 23:33

<sup>w</sup>23:35 **elkeen ... waarde:** Dit verwys na die belasting wat ingevorder is in ooreenstemming met die ouderdom van 'n persoon; vgl bv Lev 27:3-7.

\*23:36-37 2 Kron 36:5

\*24:1-6 2 Kron 36:6-8

\*24:1 Dan 1:1

\*24:1 **Jojakim:** 2 Kon 23:34-37

<sup>x</sup>24:2 **Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC; vgl 2 Kon 25:4,13,25-26; Jer 21:4; 37:8.

\*24:2 **Arameërs:** 2 Kon 5:2; 6:23

\*24:2 **Moabiete:** 2 Kon 13:20

\*24:2 **Ammoniete:** 2 Kron 27:5



hulle teen Juda gestuur om hom te vernietig, ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy by monde van sy diensknegte, die profete, gespreek het.\* <sup>3</sup> Dit het beslis op bevel van die HERE met Juda gebeur, om hulle so uit sy teenwoordigheid te verwyder, oor die sondes van Manasse, as gevolg van alles wat hy gedoen het, <sup>4</sup> en ook oor die onskuldige bloed wat hy vergiet het. Hy het Jerusalem met onskuldige bloed gevul, en die HERE was nie bereid om dit te vergewe nie.

<sup>5</sup> Die verdere geskiedenis van Jojakim en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke<sup>y</sup> van die konings van Juda nie? <sup>6</sup> Jojakim het by sy voorouers gaan rus, en Jojagin, sy seun, het in sy plek koning geword.

<sup>7</sup> Die koning van Egipte<sup>z</sup> het nie meer op veldtogte uit sy land getrek nie, want die koning van Babel het van die Spruit van Egipte<sup>a</sup> af tot by die Eufraatrivier<sup>b</sup> alles afgeneem wat aan die koning van Egipte behoort het.

### **Jojagin koning van Juda**

<sup>8</sup> \*Jojagin\* was agtien jaar oud toe hy koning geword het, en hy het drie maande lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Negusta, dogter van Elnatan, uit Jerusalem. <sup>9</sup> Hy het gedoen wat

---

\*24:2 ooreenkomstig ... gespreek het: 2 Kon 20:17; 21:12-14; 23:27

\*24:3-4 2 Kon 21:2-11,16

<sup>y</sup>24:5 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

<sup>z</sup>24:7 koning van Egipte: Neko; vgl 2 Kon 23:29,33-35; Jer 37:5,7; 46:2.

<sup>a</sup>24:7 Spruit van Egipte: Dit is 'n diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland.

<sup>b</sup>24:7 Eufraatrivier: In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

\*24:8-17 2 Kron 36:9-10

\*24:8 Jojagin: 2 Kon 24:6

verkeerd is in die oë van die HERE, presies soos sy pa gedoen het.

<sup>10</sup> In daardie tyd het die dienaars van Nebukadnesar, die koning van Babel, opgetrek teen Jerusalem, en die stad was onder beleg. <sup>11</sup> Toe Nebukadnesar, die koning van Babel, by die stad kom terwyl sy dienaars dit beleër het, <sup>12</sup> \*het Jojagin, die koning van Juda, uitgegaan na die koning van Babel, hy en sy ma, sy dienaars, hoë amptenare en paleis personeel.<sup>c</sup> Die koning van Babel het hom gevange geneem in die agtste jaar van sy regering. \* <sup>13</sup> \*Nebukadnesar het al die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die paleis van die koning daarvandaan weggevoer. Hy het al die goue voorwerpe wat Salomo, koning van Israel, in die tempel van die HERE gemaak het, \* verpletter, soos die HERE gesê het. <sup>14</sup> Hy het die hele Jerusalem in ballingskap weggevoer, al die hoë amptenare en al die vermoënde mense — tienduisend ballinge\* — ook al die vakmanne en smede. Niemand behalwe die armes uit die volk van die land het oorgebly nie.\* <sup>15</sup> Hy het Jojagin in ballingskap weggevoer na Babel. Die koningsmoeder, die vroue van die koning, sy paleis personeel en die burgers van die land het hy as ballinge van Jerusalem na Babel laat gaan. <sup>16</sup> Al die bekwame manne, seweduisend van hulle, en die vakmanne en smede, duisend van hulle, asook al die krygsmanne wat kon oorlog voer, het die koning van

---

\*24:12-16 Jer 24:1; 29:1-2; Matt 1:11

<sup>c</sup>24:12 paleis personeel: Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

\*24:12 Die koning ... regering: 2 Kon 25:27

\*24:13 2 Kon 20:17

\*24:13 goue ... gemaak het: 1 Kon 7:48-50

\*24:14 10 000 ballinge: Jer 52:28-30

\*24:14 Niemand ... oorgebly nie: 2 Kon 25:12

Babel as ballinge na Babel geneem. <sup>17</sup> \*Die koning van Babel het toe Mattanja, Jojagin se oom, in sy plek koning gemaak, en sy naam verander na Sedekia.

### Sedekia koning van Juda

<sup>18</sup> \*Sedekia was een-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Gamutal, dogter van Jeremia, uit Libna.\* <sup>19</sup> Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, presies soos Jojakim gedoen het. <sup>20</sup> Ja, vanweë die HERE se toorn het dit met Jerusalem en Juda gebeur, totdat Hy hulle uit sy teenwoordigheid verwerp het.

Sedekia het teen die koning van Babel in opstand gekom.

## 25

<sup>1</sup> \*In die negende jaar van Sedekia\* se regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het Nebukadnesar, die koning van Babel,\* gekom, hy met sy hele leër, teen Jerusalem, en dit beleër. Hy het beleëringswerke reg rondom die stad opgerig, <sup>2</sup> en so het die stad onder beleg gekom tot die elfde regeringsjaar van koning Sedekia. <sup>3</sup> Teen die negende dag van die vierde maand, toe die hongersnood in die stad op sy ergste was, en daar nie meer kos was vir die burgers van die land<sup>d</sup> nie, <sup>4</sup> is 'n bres in die stadsmuur geslaan. Al die krygsmanne is in die nag met die pad uit, deur die poort tussen die twee mure by die koning

---

\*24:17 Jer 37:1

\*24:18-20 2 Kron 36:11-13; Jer 36:11-12; 52:1-3

\*24:18 Sy ... Libna: Vgl 2 Kon 23:31

\*25:1-7 Jer 39:1-7; 52:4-7

\*25:1 Sedekia: 2 Kon 24:17-20

\*25:1 Nebukadnesar ... Babel: 2 Kon 24:1; Dan 1:1

<sup>d</sup>25:3 burgers ... land: Dit was mense uit die platteland wat voor die beleg na Jerusalem gevlug het.

se tuin, terwyl die Galdeërs<sup>e</sup> oral om die stad was. Hulle het in die rigting van die Araba<sup>f</sup> gegaan. <sup>5</sup> Maar die leër van die Galdeërs het die koning agternagesit en hom ingehaal op die vlaktes by Jerigo. Sy hele leër het verstrooi geraak, weg van hom af. <sup>6</sup> Hulle het die koning gevange geneem en hom opgevat na die koning van Babel,<sup>\*</sup> na Ribla.<sup>\*</sup> Hulle het hom toe gevonniss. <sup>7</sup> Die seuns van Sedekia het hulle voor sy oë geslag. Sedekia se oë het hy uitgesteek; hy het hom met bronsboeie geboei en na Babel geneem.

### Val van Jerusalem

<sup>8</sup> <sup>\*\*</sup> In die vyfde maand, op die sewende dag van die maand — dit was die negentiende regeringsjaar<sup>g</sup> van koning Nebukadnesar, die koning van •Babel — het Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag,<sup>h</sup> die dienaar van die koning van Babel, by Jerusalem aangekom. <sup>9</sup> <sup>\*</sup> Hy het die huis van die HERE en die paleis van die koning afgebrand. Al die huise in Jerusalem en elke groot gebou het hy afgebrand. <sup>10</sup> En die mure reg rondom Jerusalem is afgebreek<sup>\*</sup> deur die hele Galdese leër wat saam met die aanvoerder van die lyfwag was. <sup>11</sup> Die res van die bevolking wat nog in die stad oorgebly het, asook die drosters wat na die koning van

---

<sup>e</sup>**25:4 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC; vgl 2 Kon 24:2; 25:13,25-26; Jer 21:4; 37:8.

<sup>f</sup>**25:4 die Araba:** Dit verwys hier na die Jordaanvallei.

<sup>\*</sup>**25:6 Hulle ... Babel:** Jer 39:6

<sup>\*</sup>**25:6 Ribla:** 2 Kon 23:33; 25:20-21; Jer 52:9-10,26-27

<sup>\*</sup>**25:8-21** Jer 52:12-27

<sup>\*</sup>**25:8-12** Jer 39:8-10

<sup>g</sup>**25:8 19de regeringsjaar:** 586 vC.

<sup>h</sup>**25:8 aanvoerder ... lyfwag:** Letterlik 'hoof van die kokke'. Dit dui 'n vertroueling van die koning aan wat ook namens hom kon optree.

<sup>\*</sup>**25:9** 2 Kron 36:19; Hos 8:14; Am 2:5

<sup>\*</sup>**25:10 die mure ... afgebreek:** Neh 1:3

Babel oorgeloop het, die massa mense wat oor was, is deur Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, in ballingskap weggevoer.

<sup>12</sup>\* Maar van die armes van die land het die aanvoerder van die lyfwag agtergelaat as wingerdboere en landbouers.

<sup>13</sup> Die bronspilare wat in die huis van die HERE was en die verskuifbare staanders, asook die bronssee wat in die huis van die HERE was, het die Galdeërs stukkend gebreek, en die brons na Babel weggedra. <sup>14</sup>\* Die potte, grafies, messe,<sup>i</sup> skottels, en al die bronsgereedskap waarmee die tempeldiens verrig is, het hulle gevat. <sup>15</sup> Die vuurpanne en offerbakke<sup>j</sup> wat van suiwer goud en suiwer silwer was, het die aanvoerder van die lyfwag gevat. <sup>16</sup> Die twee pilare, die een see en die verskuifbare staanders wat Salomo vir die huis van die HERE gemaak het, die brons van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie. <sup>17</sup>\* Agtien el<sup>k</sup> was die hoogte van elke pilaar. Daar was 'n bronskapiteel bo-op, en die hoogte van die kapiteel was drie el,<sup>l</sup> met vlegwerk en granate reg rondom die kapiteel, alles van brons. Dieselfde geld vir die tweede pilaar met sy vlegwerk.

<sup>18</sup> Die aanvoerder van die lyfwag het Seraja, die hoëpriester, Sefanja, die priester tweede in rang, en die drie deurwagters geneem; <sup>19</sup>\* en uit die stad het hy 'n lid geneem van die paleis personeel<sup>m</sup> wat oor die

---

\*25:12 2 Kon 24:14; Jer 39:10; 40:7

\*25:14-16 Eks 27:3; 1 Kon 7:47-50; 2 Kon 24:13; 2 Kron 4:16; Jer 20:5

<sup>i</sup>25:14 messe: Dit is gebruik om die lamppitte mee terug te sny.

<sup>j</sup>25:15 offerbakke: Dit verwys na houers wat in die •tempel gebruik is vir •drankoffers.

\*25:17 1 Kon 7:15-22; 2 Kron 3:15

<sup>k</sup>25:17 18 el: Ongeveer 8,1 m; •Lengtemate

<sup>l</sup>25:17 3 el: Ongeveer 1,35 m.

\*25:19 Jer 52:25

<sup>m</sup>25:19 paleis personeel: Belangrike amptenare aan die koninklike hof. Indien hulle in die harem van die koning moes werk, was hulle gewoonlik ontmande persone.

krygsmanne aangestel was, saam met vyf manne wat die koning bygestaan het<sup>n</sup> en wat nog in die stad aangetref kon word, en die sekretaris, die hoë aanvoerder van die leër wat die oproep vir krygsdiens van die volk van die land hanteer het, en sestig man van die volk van die land wat in die stad te vinde was. <sup>20</sup> Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, het hulle geneem en hulle by die koning van Babel in Ribla\* gebring. <sup>21</sup> Die koning van Babel het hulle in Ribla, in die land Hamat, neergevel en doodgemaak.

So is Juda van sy grond af in ballingskap weggevoer.

### Gedalja as goewerneur

<sup>22</sup>\* Oor die mense wat in die gebied van Juda oorgebly het, dié wat Nebukadnesar, die koning van Babel, agtergelaat het, oor hulle het hy Gedalja, seun van Agikam, seun van Safan, aangestel. <sup>23</sup> Toe al die aanvoerders van die krygsmag, hulle en die manskappe, hoor dat die koning van Babel vir Gedalja aangestel het, het hulle na Gedalja in Mispa<sup>o</sup> gegaan. Dit was Ismael, seun van Netanja, Joganan, seun van Kareag, Seraja, seun van Tangumet uit Netofa, en Jaäsanja, die seun van 'n man uit Maäka, hulle en hulle manskappe. <sup>24</sup> Gedalja het vir hulle en vir hulle manskappe onder eed verklaar en vir hulle gesê: “Moenie bang wees vir die amptenare van die Galdeërs<sup>p</sup> nie. Bly in die land en dien die koning van Babel, dan sal dit met julle goed gaan.”

---

<sup>n</sup>**25:19 die koning bygestaan het:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “die gesig van die koning gesien het”. Dit verwys daarna dat hy in die koning se teenwoordigheid was.

\***25:20 Ribla:** Vgl 2 Kon 25:6

\***25:22-26** Jer 40:5,7-9,12; 41:1-2

<sup>o</sup>**25:23 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

<sup>p</sup>**25:24 Galdeërs:** Vgl voetnoot in 2 Kon 25:5.

<sup>25</sup> Maar in die sewende maand het Ismael, seun van Netanja, seun van Elisama, uit die koninklike familie, gekom, met tien manne saam met hom. Hulle het Gedalja aangeval, en hy het gesterf, so ook die Judeërs, asook die Galdeërs, wat saam met hom in Mispa was. <sup>26</sup> \*Toe het die hele volk, klein en groot, gereedgemaak en saam met die aanvoerders van die krygsmag na Egipte gegaan, omdat hulle bang was vir die Galdeërs.

### Vrylating van Jojagin

<sup>27</sup> \*In die sewe-en-dertigste jaar van die ballingskap van Jojagin,<sup>q</sup> die koning van Juda, in die twaalfde maand, op die sewe-en-twintigste van die maand, het Ewil-Merodak, die koning van Babel, in die jaar toe hy koning geword het, Jojagin, die koning van Juda uit die gevangenis vrygelaat.<sup>r</sup> <sup>28</sup> Hy het vriendelik met hom gepraat en hom 'n sitplek gegee hoër as die sitplekke van die konings wat saam met hom in Babel was, <sup>29</sup> en hy kon sy gevangenisklere uittrek. Hy het altyd, solank hy geleef het, aan die koning se tafel geëet.<sup>s\*</sup> <sup>30</sup> En sy lewensonderhoud — 'n vaste lewensonderhoud — is, solank hy geleef het, deur die koning aan hom gegee, soveel as wat hy elke dag nodig gehad het.

---

\*25:26 Jer 43:5-7

\*25:27-30 Jer 52:31-34

<sup>q</sup>25:27 In ... Jojagin: 560 vC.

<sup>r</sup>25:27 Jojagin ... vrygelaat: Letterlik 'die kop van Jojagin ... opgelig uit die gevangenis'.

<sup>s</sup>25:29 aan ... geëet: Die •bronteks lui: "brood geëet voor hom".

\*25:29 Hy ... geëet: 2 Sam 9:7,13